

Afrikaans
oorsig van module
semantiek
sintaksis
skryfvaardighede
morfologie
fonetiek
fonologie
Grammatika

Afrikaanse Grammatika

ENIGSTE STUDIEGIDS VIR AFK2602

DEPARTEMENT AFRIKAANS EN ALGEMENE LITERATUURWETENSKAP
UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA, PRETORIA

© 2017 Universiteit van Suid-Afrika

Alle regte voorbehou

Gedruk en uitgegee deur die

Universiteit van Suid-Afrika

Muckleneuk Pretoria

AFK2602/1/2018-2019

70471452

INHOUDSOPGAWE

Inleiding	v
LEEREENHEID 0	
Hoe om my studie op <i>myUnisa</i> aan te pak	1
0.1 <i>myUnisa</i> as aanlyn leeromgewing.....	1
0.2 Studiemateriaal.....	9
0.3 Elektroniese reserwes (E-reserwes).....	10
0.4 Werkopdragte.....	11
0.5 Slot.....	12
LEEREENHEID 1	
Inleiding tot Afrikaanse Taalkunde	13
1.1 Inleiding.....	13
1.2 Wat is taal?.....	14
1.3 Die boustene van taal.....	16
1.4 Taal is 'n boom.....	20
1.5 Taalkunde: 'n Internasionale Perspektief.....	21
1.6 Die Afrikaanse taalkunde.....	22
1.7 Laaste woord.....	23
1.8 Tyd vir refleksie.....	23
1.9 Verwysings.....	24
LEEREENHEID 2	
Fonetiek en Fonologie	25
2.1 Inleiding.....	25
2.2 Hoe en waar word klanke gevorm?.....	27
2.3 Hoekom verskil die skryftaal en die spreektaal en hoekom is daar ook verskille in die uitspraak van die spreektaal?.....	29
2.4 Fonetiese transkripsie.....	35
2.5 Fonologie: klank- en betekenisonderskeid.....	38
2.6 Tyd vir refleksie.....	40
2.7 Om op te som.....	40
2.8 Verwysings.....	40
LEEREENHEID 3	
Morfologie	41
3.1 Inleiding.....	41
3.2 Hoe werk woorde?.....	42
3.3 Morfologie: tussen vorm en betekenis.....	51
3.4 Morfologiese konstruksies.....	51
3.5 Woordvormingsreëls.....	54
3.6 Woordeskatuitbreiding.....	55
3.7 Om op te som.....	56
3.8 Morfologie en die beroepswêreld.....	56
3.9 Verwysings.....	57

LEEREENHEID 4	
Sintaksis (1): Woordsoorte	58
4.1 Inleiding	58
4.2 Wat is "sintaksis"?.....	59
4.3 Wat is die boustene van sinne?	61
4.4 Verwysings	75
LEEREENHEID 5	
Sintaksis (2): Sinstukke	76
5.1 Inleiding	76
5.2 Algemene beginsels vir die opbou van sinstukke	77
5.3 Die <i>binnebou/vorm</i> en <i>buitebou/funksie</i> van sinstukke	79
5.4 Die struktuur van die enkelvoudige sin.....	84
5.5 Die struktuur en funksies van die saamgestelde sin.....	89
5.6 Tyd vir refleksie.....	94
5.7 Om op te som	94
5.8 Verwysings	94
LEEREENHEID 6	
Semantiek	96
6.1 Inleiding	96
6.2 Wat is betekenis?.....	97
6.3 Hoe beskryf ons die wêreld?	100
6.4 Watter verhoudings bestaan daar tussen woorde?	103
6.5 Raakpunte met ander velde	115
6.6 Semantiek in die wêreld.....	115
6.7 Verdere leesstof.....	117
6.8 Verwysings	117
LEEREENHEID 7	
Skryfvaardighede	118
7.1 Inleiding	118
7.2 Die skryfproses	118
7.3 Die skryf van korrespondensiestukke.....	128
7.4 Die skryf van navorsingstekste.....	133
7.5 Verwysings	140
7.6 Ten slotte.....	141

Inleiding

Beste Student

Hierdie dokument bevat besonderhede oor die inligting wat op *myUnisa*, die amptelike leerbestuurstelsel (“learning management system”) van die universiteit, aangebied word. Indien hoegenaamd moontlik, wil ons jou aanmoedig om ’n *myLife*-rekening by <https://my.unisa.ac.za/portal> op te stel en aan te sluit by die aanlyn leeromgewing. Figuur 1 is ’n voorbeeld van hoe die *myUnisa*-portaal-webblad sal vertoon.

Die registrasieproses is redelik eenvoudig.



Figuur 1: *myUnisa*-portaal

Hierdie dokument sluit die volgende inligting in:

- Die verwelkomingsboodskap op die tuisblad p. vi
- Die hoëfrekwensievrae (FAQs) p. ix
- Leereenhede p.1 – tot die einde van dokument


Inligting wat bedoel is om jou te help om met jou aanlyn studie te begin is beskikbaar op verskillende plekke, insluitende hierdie dokument, in Unisa-brosjures, *YouTube*-video's, onder ***Learning units: Things to know before commencing with your studies*** en ***Hoe om my studie op myUnisa aan te pak***. Gaan na daardie afdeling nadat jy die verwelkomingsboodskap hieronder gelees het, anders kan jy dalk belangrike inligting misloop.

Kyk asseblief dadelik na Studiebriëf 101 vir inligting oor werkopdragte, inhandigingsdatums en ander belangrike inligting. Maak verder daaglik gebruik van 'n studiebeplanner soos 'n dagboek of kalender. Neem asseblief kennis van die inhoud van enige ander studiebriewe asook die aankondigings (*Announcements*) op *myUnisa*.

Raak vertrouwd met *myUnisa* en hoe dit funksioneer voordat jy met jou studie begin.

Mnr. FWJ Broodryk
Kursusleier: AFK2602

Die verwelkomingsboodskap op die tuisblad



The screenshot shows the myUnisa website interface. At the top, there is a navigation bar with the myUNISA logo and several dropdown menus for course selection (AFK1502 ETutors, AFK1502-12-S1, AFK1502-12-S2, AFK2602-17-S1). Below this is a 'Welcome Message' section with a vertical stack of text: 'semantiek', 'sintaksis', 'skryfvaardighede', 'morfologie', 'fonetiek', and 'fonologie'. The main text of the welcome message reads: 'Welkom by die module *Afrikaanse Grammatika (AFK2602)*. Ons hoop dat jy hierdie module interessant, betekenisvol en verrykend sal vind. AFK2602 word deur die Departement Afrikaans en Algemene Literatuurwetenskap aangebied as deel van 'n reeks modules waar praktiese teksvaardighede, kommunikasie in die praktyk en praktiese toepasbaarheid van die leerstof in die beroepsituasie sentraal staan. Of jy nou 'n taalpraktisyn, (aspirant-)skrywer, onderwyser of joernalis is, behoort hierdie module vir jou van groot nut te wees in jou beroep. Dit is 'n semestermodule wat 12 krediete tot jou kwalifikasie bydra.'

Figuur 2: Verwelkomingsboodskap

Welkom by die module *Afrikaanse Grammatika (AFK2602)*. Ons hoop dat jy hierdie module interessant, betekenisvol en verrykend sal vind.

AFK2602 word deur die Departement Afrikaans en Algemene Literatuurwetenskap aangebied as deel van 'n reeks modules waar praktiese teksvaardighede, kommunikasie in die praktyk en praktiese toepasbaarheid van die leerstof in die beroepsituasie sentraal staan. Of jy nou 'n taalpraktisyn, (aspirant-)skrywer, onderwyser of joernalis is, behoort hierdie module vir jou van groot nut te wees in jou beroep. Dit is 'n semestermodule wat 12 krediete tot jou kwalifikasie bydra.

Hierdie module is bedoel vir studente wat reeds 'n **deeglike gebruikskennis** van Afrikaans het. Die doelstelling is nie vir jou om Afrikaans as taal aan te leer nie, maar om die taal "oop te maak", om te wys uit watter "elemente" Afrikaans bestaan en om aan te toon hoe dié elemente jou kan help in verskeie praktiese situasies: die transkripsie van taal in fonetiese skrif, die verstaan van die struktuur of bou van woorde met behulp van die morfologie, korrekte woordorde, sinsfokus met behulp van die sintaksis, en hoe betekenis struktureer in die semantiek. Die module sluit af met 'n leereenheid oor skryfvaardighede waarin jy die kennis wat jy in van die ander leereenhede opgedoen het, kan saamsit om

sinne en tekste te skryf. Hierdie leereenheid fokus veral op akademiese skryfvaardighede wat jou baie sal help in die res van jou studies, en ook in die toekoms, sou jy dalk besluit om verder te studeer.

Om studente deur die onderskeie afdelings te lei gebruik ons die *myUnisa*-modulewerf (vir studente wat aanlyn kan werk) asook 'n (gedrukte) Studiegids vir studente wat nie op 'n gereelde grondslag aanlyn kan werk nie.

Vir hierdie module is daar geen voorgeskrewe boek nie, Ons maak slegs gebruik van aanbevole boeke en enkele e-reserwes. Die volgende hoofstukke uit die aanbevole handboek, *Kontemporêre Afrikaanse Taalkunde* (2017) deur WAM Carstens en N Bosman, is beskikbaar as e-reserwes op *myUnisa*:

- Hoofstuk 6: Morfologie
- Hoofstuk 9: Afrikaanse semantiek

(Vir meer inligting oor hoe om toegang tot jou e-reserwes te kry, sien leereenheid 0 hieronder.)

Benewens die hardekopie is 'n elektroniese weergawe van die Studiegids ook beskikbaar onder **Additional Resources** op *myUnisa*. Jy kan hierdie dokument op jou rekenaar of mobiele toestel aflaai sodat jy dit kan raadpleeg wanneer jy byvoorbeeld weens tegniese probleme nie toegang kan kry tot *myUnisa* nie, of wanneer jy nie die gedrukte Studiegids byderhand het nie.

Hierdie module word slegs in Afrikaans aangebied. Een Studiegids is opgelaaai onder **Additional Resources** (in Afrikaans). Die leereenhede wat onder **Learning units** op *myUnisa* verskyn, word dus in Afrikaans aangebied. Onder die **Learning units**-hofie moet jy 'n keuse maak uit die onderskeie opsies deur daarop te klik om toegang te verkry tot die betrokke leereenheid. Waar moontlik sal ons die niemoedertaalsprekers tegemoet probeer kom met addisionele hulpmiddels.

'n Goeie manier om te begin sal wees om die **Getting started letter** te raadpleeg wat beskikbaar is by: <http://www.unisa.ac.za/default.asp?Cmd=ViewContent&ContentID=22379>.

Raadpleeg gerus ook die volgende nuttige skakels wat verband hou met aanlyn studie:

- [Study @ Unisa \(1\)](#)
- [Study @ Unisa \(2\): What does it mean to be an ODL student at Unisa?](#)
- [Get connected before you start to register on myUnisa](#)

Verdere stappe

- Voordat jy enigiets anders doen, beveel ons sterk aan dat jy **Learning unit 0** op *myUnisa* oopmaak en die gedeelte **Hoe om my studie op myUnisa aan te pak** deeglik deurlees.
- Nadat jy deur hierdie afdeling gewerk het, moet jy die **Discussion Forums**-opsie (op die kieslysbalk aan die linkerkant) selekteer. Gaan na *Forum 1: Studentesitkamer* en stel jouself voor aan jou medestudente.
- **Die dosent se kontakbesonderhede:**

Mnr FWJ Broodryk

Kantoor nommer: Theo van Wijk-gebou 10-85

Telefoon nommer: +27(0)12 429 6048

E-posadres: broodfwj@unisa.ac.za

- Moenie huiwer om met ons in verbinding te tree indien jy probleme met jou werk ondervind nie. Stuur 'n e-pos of besoek ons by ons kantore op die Muckleneuk-kampus in Pretoria – onthou egter asseblief om 'n afspraak te maak. Dosente neem verlof, word siek, en woon seminare en konferensies by. Maak dus asseblief eers 'n afspraak, verkieslik deur 'n e-pos te stuur. As jy nie enige antwoord gekry het nie, skakel dan die dosent of die department se sekretaresse. Kyk asseblief in Studiebrieff 101 vir alternatiewe kontakbesonderhede.

Dit is 'n plesier om jou as student te hê en ons wil van hierdie geleentheid gebruik maak om jou alle sukses met jou studie toe te wens!

Die volgende Hoëfrekwensievrae (FAQs) is nuttig om deur te gaan:

Hoëfrekwensievrae (FAQs)

KATEGORIE: UITKOMSTE EN ASSESSERINGSKRITERIA

VRAAG: Wat is die doel van die module?

Die doel van hierdie module is om die student se algemene begrip van die basiese taalkonsepte te help slyp, veral soos wat dit toegepas word op die Afrikaanse fonetiek, morfologie, sintaksis, semantiek en skryfvaardighede. Hierdie module dek die kennis en vaardighede wat noodsaaklik is vir enige taalkundige en taalonderwyser. In die eerste plek is dit bedoel om jou as student aan die taalkundige struktuur van Afrikaans as 'n moderne taal bekend te stel en om die verskillende elemente waaruit Afrikaans bestaan, te demonstreeer en uit te wys hoe 'n studie van hierdie elemente in verskillende praktiese situasies van waarde kan wees. Die module bied verder scenario's vanuit 'n verskeidenheid taalkundige omgewings om taalkundiges en taalonderwysers voor te berei op die uitdagings van die onderrig van Afrikaans en sy grammatika in die Suid-Afrikaanse konteks.

VRAAG: Wat kan ek van die module verwag?

Die volgende temas vorm deel van die leerplan:

- **Fonetiek/Fonologie:** Daar word van jou as student verwag om die verskillende spraakklanke van Afrikaans foneties te identifiseer; om die foneme van Afrikaans te identifiseer deur middel van 'n fonologiese analise; en om 'n fonetiese transkripsie van 'n Afrikaanse verbale of geskrewe teks te kan maak.
- **Morfologie:** Daar word van jou as student verwag om die morfologiese struktuur van woorde te kan analiseer en te kyk hoe verskillende soorte morfeme gebruik kan word in die verstaan van die betekenis van woorde, spellingkwessies en die uitbreiding van die Afrikaanse woordeskat.
- **Sintaksis:** Daar word van jou as student verwag om woorde in kombinasie as klouse, frases of eenvoudige en komplekse sinne te identifiseer, te ontleed en te beskryf.
- **Semantiek:** Daar word van jou as student verwag om te beskryf wat woorde binne konteks beteken deur veral na die onderskeie relasies tussen woorde op te let, asook na die verhoudings tussen woorde en die wêreld daarbuite.
- **Skryfvaardighede:** Die fokus van hierdie afdeling/leereenheid is op effektiewe skryfwerk; daar word van jou as student verwag om bogenoemde inligting effektief te kan implementeer in 'n geskrewe teks, en veral in 'n akademiese teks.

LEEREENHEID

0

Hoe om my studie op *myUnisa* aan te pak

In hierdie leereenheid voorsien ons jou van belangrike inligting oor *myUnisa*, die amptelike aanlyn leeromgewing van Unisa. Ons gebruik 'n vraag-antwoord-model om dit vir jou makliker te maak om antwoorde te kry op vrae wat jy moontlik mag hê.

0.1 *myUnisa* as aanlyn leeromgewing

Ons fokus in hierdie afdeling op die mees gereelde vrae wat studente gewoonlik oor aanlyn studie het. Lees asseblief die antwoord op elke vraag noukeurig om jou te vergewis van hoe die aanlyn leeromgewing (*myUnisa*) werk. As jy nie hierdie afdeling noukeurig deurlees nie, sal jy nie weet hoe om jou aanlyn studie aan te pak of waar om die studiemateriaal te kry nie.

(i) *Waar begin ek?*

As 'n geregistreerde Unisa-student sal jy toegang verkry tot die *myUnisa*-leerportaal.



Voorbeeld 1: Voorbeeld van die *myUnisa*-portaal se tuisblad ("home page")

Van hier af kan jy toegang verkry tot die verskillende aanlyn hulpbronne wat jy nodig het vir jou studie. Eerstens moet jy 'n **myLife**-rekening skep by <https://my.unisa.ac.za/portal> ten einde deel te word van die aanlyn leeromgewing (dws *myUnisa*).

Vergewis jou van die **Study @ Unisa**-brosjyre en ander riglyne.

Sodra jy geregistreer is en jy jou *myUnisa*-intekenbesonderhede (*login details*) ontvang het, sal jy toegang hê tot al die modules waarvoor jy geregistreer is.

Jy kan verskeie navigasie-opsies gebruik om by die modules waarvoor jy geregistreer is, uit te kom. Hierdie opsies word op al die webblaaie aan die linkerkant van die skerm vertoon. Klik op die spesifieke navigasie-opsie, en die bladsy met die inligting waarna jy soek, sal oopmaak. Die eerste skerm wat jy sal sien wanneer jy enige webblad oopmaak, is die tuisblad.

The screenshot shows the myUnisa interface for the AFK2602 module. At the top, there are navigation tabs for 'My Workspace', 'AFK1502 ETutors', 'AFK1502-12-S1', and 'AFK1502-12-S2', along with a 'Logout' button. Below this is a 'Welcome Message' section with an 'Edit Message' button. To the right is a 'Calendar' for November 2016, showing dates from 30th to 27th. Below the calendar is a 'Recent Announcements' section with an 'Options' button. The main content area features a central graphic with the words 'semantiek', 'sintaksis', 'skryfvaardigheid', 'morfologie', 'fonetiek', and 'fonologie' in a vertical arrangement. Below this graphic is a welcome message in Afrikaans: 'Welkom by die module Afrikaanse Grammatika (AFK2602). Ons hoop dat jy hierdie module interessant, betekenisvol en verrykend sal vind.' Below the welcome message is a paragraph of text: 'AFK2602 word deur die Departement Afrikaans en Algemene Literatuurwetenskap aangebied as deel van 'n reeks modules waar praktiese teksvaardigheid, kommunikasie in die praktyk en praktiese toepasbaarheid van die leerstof in die beroepsituasie sentraal staan. Of jy nou 'n taalpraktisyn,

Voorbeeld 2: Voorbeeld van die tuisblad van die modulewebwerf (“module site”)

Onthou, van die tuisblad (“home page”) af is jou dosente net ’n klik ver!

Ons het reeds genoem dat studente wat *myUnisa* gereeld besoek, toegang kan verkry tot al die studiemateriaal op die *myUnisa*-platform deur op die modulewerf (“module site”) vir AFK2602 in te gaan.

Nadat jy op *myUnisa* geregistreer het, gaan asseblief na die modulewerf vir AFK2602 en lees die verwelkomingsboodskap op die tuisblad. Van hierdie tuisblad af word studente na die relevante leereenhede genavigeer. Onder die **Learning units** op *myUnisa* is daar net een taalopsie beskikbaar, naamlik Afrikaans.

(ii) **Hoe word hierdie module aangebied?**

Hierdie module word as aanlyn module aangebied. Dit beteken dat al die studiemateriaal vir AFK2602 beskikbaar is op *myUnisa*. Jy moet net na *myUnisa* se modulewebwerf vir AFK2602 gaan en jou leermateriaal sal dadelik beskikbaar wees onder **Learning units**.

As jy al voorheen aan Unisa gestudeer het, kan aanlyn studie moontlik ’n uitdaging wees, omdat dit ’n ander benadering verg. Aanlyn studie kan egter ’n baie positiewe en verrykende leerervaring wees.

Vir studente wat nie gereelde toegang tot *myUnisa* het nie, het ons hierdie **Studiegids** (wat jy waarskynlik nou lees) saamgestel in gedrukte formaat, wat basies dieselfde inligting bevat

as dit wat beskikbaar is op *myUnisa*. (Let asseblief op: Hierdie Studiegids is ook beskikbaar op *myUnisa* onder **Additional Resources**. Laai asseblief die Studiegids van *myUnisa* af indien jy nie die gedrukte weergawe kort na jou registrasie in die pos ontvang nie.)

Betekende dit dat studente wat nie gereelde toegang tot *myUnisa* het nie, nie op *myUnisa* hoef te registreer nie? Nee, alle studente moet op *myUnisa* registreer. Vir studente wat nie gereelde toegang tot *myUnisa* het nie, is dit ook belangrik om op *myUnisa* te registreer. Alle studente moet van tyd tot tyd (verkieslik weekliks) op *myUnisa* ingaan om sekere leermateriaal af te laai. Hoofstukke uit die handboek wat vir hierdie module gebruik word, is byvoorbeeld as **e-reserwes** opgelaa. Daar is ook ekstra hulpmiddels onder **Additional Resources** beskikbaar wat alle studente moet aflaai.

(iii) **Wat gebeur as ek nie aanlyn kan studeer nie?**

Alhoewel daar al hoe meer in die rigting van aanlyn modules gewerk word, verloor Unisa nie uit die oog dat baie studente nie oor toestelle beskik om die internet vir studiedoeleindes te gebruik en/of dit kan bekostig om aanlyn te werk nie. Die Studiegids wat jy in gedrukte formaat ontvang het (maw die papierweergawe van die dokument wat jy nou lees), bevat basies dieselfde leerinhoud as die leerinhoud wat op *myUnisa* beskikbaar is (vir studente wat gereelde toegang tot *myUnisa* het).

Ons verwag egter dat ons studente die modulewerf vir AFK2602 af en toe besoek om toegang te verkry tot sekere leermateriaal wat noodsaaklik is vir die effektiewe beantwoording van Werkopdragte 01 en 02.

(iv) **Watter studiemateriaal is slegs op *myUnisa* beskikbaar?**

Die volgende studiemateriaal is slegs op *myUnisa* beskikbaar en sal van *myUnisa* afgelaa moet word:

Verskeie dokumente word onder **Additional Resources** opgelaa. Gaan elke leereenheid deur om vas te stel watter dokumente opgelaa is. Hierdie dokumente is opgestel met die doel om jou in staat stel om 'n beter begrip van die werk te vorm.


Twee hoofstukke van die aanbevole handboek *Kontemporêre Afrikaanse Taalkunde* (2017) deur WAM Carstens en N Bosman is as e-reserwes opgelaa. Hierdie hoofstukke maak 'n integrerende deel uit van die leereenhede – sommige van die leereenhede is inderwaarheid op hierdie hoofstukke gebaseer. Jy sal die modulewerf vir AFK2602 op *myUnisa* moet besoek ten einde hierdie e-reserwes af te laai en te bestudeer. (Sien die bespreking in par. 0.3 hieronder oor hoe om toegang tot e-reserwes te verkry.)

(v) **Wat is *myUnisa*?**

myUnisa is ontwerp om te dien as 'n digitale klaskamer en studieruimte waar jy besig kan wees met jou studie en in interaksie kan tree met jou dosent en jou medestudente. *myUnisa* maak dit vir jou moontlik om 'n digitale toestel soos 'n skootrekenaar, tablet of selfs 'n slimfoon te gebruik om onder andere instruksies en leiding te ontvang, toegang tot bronne en hulpbronne te verkry, na podsending te luister, en met jou dosent(e) en ander studente te kommunikeer.

(vi) *Hoe werk myUnisa? (myUnisa-opsies)*

In hierdie kort oorsig verwys ons na daardie funksies van *myUnisa* wat jy moontlik gereeld kan teëkom en nodig kry. Aan die linkerkant van die *myUnisa*-modulewerf verskyn 'n lys opsies (aangedui deur die groen pyl in die voorbeeld hieronder). Jy kan op elkeen van die opsies klik om die funksie wat daardie knoppie verteenwoordig, te kies en oop te maak. Hierdie opsies word onder mekaar gelys beginnende met **Home**, **Assignments**, ensovoorts in Voorbeeld 3.



Voorbeeld 3: *myUnisa*-opsies

Ons bespreek slegs die *myUnisa*-opsies wat gebruik sal word vir die module AFK2602.

Wanneer jy op die *myUnisa*-opsies klik, verskyn daar soms 'n verduideliking van die funksie bo-aan die bladsy wat oopgemaak is, byvoorbeeld **Discussion Forums**, **FAQs**, **Wiki**, en ander word gedefinieer, terwyl onder meer **Additional Resources** nie gedefinieer word nie.

Elke *myUnisa*-opsie het sy eie funksie en sommige van hulle word kortliks hieronder bespreek. Jy kan slegs een opsie per keer oopmaak en jy sal moet leer hoe om van een opsie na die ander te beweeg en hoe om van een na 'n ander opsie binne dieselfde funksie te beweeg. Ons praat van "navigasie" wanneer ons verwys na die rondbeweeg in *myUnisa*.

Die *myUnisa*-blad van sekere modules sluit 'n langer lys opsies in as ander. Die aktivering van opsies hang af van hoe die verantwoordelike dosent en ander rolspelers hulself die vloei van inligting voorgestel het en hoe hulle beoog om jou bloot te stel aan die leerervaring. Indien 'n opsie dus afwesig is op 'n spesifieke modulewerf, is dit nie 'n aanduiding dat *myUnisa* nie werk soos dit moet nie.

Vervolgens gee ons 'n kort oorsig van die *myUnisa*-opsies – hoe sommige van hulle verband hou met mekaar en hoe jy dit moontlik nuttig kan gebruik.

- **Home (Tuisblad)**

Hier kry jy die verwelkomingsboodskap van jou dosent(e). Ons as dosente kan hierdie ruimte gebruik om belangrike aankondigings te maak waarvan jy moet kennis neem. Ons het reeds aangedui dat dit hier is waar ons inligting sal gee oor waar die studente toegang tot hul onderskeie leereenhede kan kry. Ons neem aan dat jy waarskynlik **Home** sal besoek vir nuus, en ons sal daarom moontlik hier boodskappe plaas om jou te verwittig van enige nuwe aankondigings oor belangrike verwickelinge wat onder **Announcements** of ander opsies geplaas word.

- **Announcements (Aankondigings)**

Terwyl algemene aankondigings onder **Home** gemaak sal word, moet jy ook gereeld **Announcements** besoek om seker te maak dat jy nie belangrike inligting misloop nie. Sulke aankondigings kan verband hou met 'n wye verskeidenheid sake, byvoorbeeld moduleverwante reëlings, werkopdragte, hulpbronne, ensovoorts. Indien jy korrek op *myUnisa* geregistreer het, sal jy 'n e-pos of SMS-boodskap kry elke keer wanneer jou dosent 'n nuwe aankondiging plaas. Kyk altyd na die lys van vorige aankondigings om seker te maak dat jy nie enige belangrike kennisgewings misgeloop het nie.

- **Discussion Forums (Besprekingsforums)**

Dit is 'n waardevolle veilige ruimte waar jy gesprekke met medestudente kan voer oor onderwerpe wat verband hou met die module waarvoor jy ingeskryf is. Jy of die dosent kan 'n bespreking oor 'n onderwerp begin.

Binne die **Discussion Forums**-opsie (wanneer jy aanlyn is) heel bo, aan die linkerkant van die webblad, is daar verskeie **Forums** waar jy moontlik gevra sal word om idees te bespreek en jou standpunte oor spesifieke onderwerpe te gee. 'n Forum waar jy op 'n meer sosiale vlak met medestudente kan gesels, maak ook deel uit van hierdie ruimte.

Jy kan gevra word om deel te neem aan 'n besprekingsforum *voordat* jy met jou studies begin. Ons het 'n Studentesitkamer (**Student lounge**) geskep waar studente hulle aan medestudente kan voorstel en solank kan begin om hulle te vergewis van hoe die besprekingsforum werk. (Lees asseblief die **Netiketreeëls (Netiquette rules)** wat geld vir deelname aan die besprekingsforums. Dit is opgelaaai onder **Additional Resources**. "Netiket" beteken eenvoudig "etiket vir die (inter)net". Dit verduidelik hoe jy moet optree wanneer jy aanlyn op *myUnisa* en meer spesifiek op besprekingsforums kommunikeer. Netiket maak duidelik wat as hoflike gedrag beskou word en wat daar van deelnemers aan aanlyn kommunikasie op 'n aanlyn platform verwag word.)

- **Learning units (Leereenhede; voorheen bekend as studie-eenhede)**

Binne die digitale ruimte bekend as **Learning units** sal jy 'n versameling onderwerpe vind wat gesamentlik die sillabus vir die AFK2602-module uitmaak. Jy sal leereenhede 1–7 hier vind, wat jy moet bestudeer voordat jy begin om Werkopdrag 01 en 02 te voltooi. (Let asseblief daarop dat die leereenhede slegs in Afrikaans is – maw daar is 7 leereenhede in Afrikaans.)

Die leereenhede van die module kan moontlik webadresse insluit waar jy meer inligting kan kry. Dit kan ook na *You Tube*-video's, na **Additional Resources**, ensovoorts verwys.

Wanneer jy in **Learning units** werk, klik op **Next** aan die onderkant van die bladsy om na die volgende afdeling te gaan, of klik op **Table of contents** om jou in staat te stel om vinnig na 'n ander leereenheid (**Learning unit**) te gaan.

In die Leereenhede sal jy ook verwys word na die relevante **e-reserwes** vir die module of na **Additional Resources** om sekere inligting te kry.

- **Official study material (Amptelike studiemateriaal)**

Dit is 'n ruimte waar gedrukte studiemateriaal in PDF-formaat beskikbaar is. Jy sal die volgende materiaal hier vind:

- **Studiebrief 101** wat Werkopdrag 01 en 02 bevat, asook ander administratiewe en onderrigverwante inligting. (Jy sal Studiebrief 101 ook in die pos ontvang ná registrasie mits daar nie 'n posstaking plaasvind nie.)
- **Vorige eksamenvraestelle.** Let asseblief daarop dat ons die inhoud van die module hersien het en dat nie alle vrae in vorige vraestelle daarom relevant is vir die nuwe hersiene module nie.
- Die Studiegids, (wat jy tans lees) en wat jy ook in die pos gaan ontvang,

Die beskikbaarheid van gedrukte materiaal is 'n oorgangsreëling wat iewers in die toekoms sal verval namate modules meer volledig aanlyn aangebied sal word.

- **Additional Resources (Bykomende Hulpbronne)**

Jou dosent sal hulpbronne identifiseer wat kan bydra tot jou verstaan van die module-inhoud en sal hierdie hulpbronne hier plaas.

Jy moet hierdie *myUnisa*-opsie besoek nadat jy vir 'n module geregistreer het en jy kan later weer daarheen gaan om te sien of nuwe hulpbronne bygevoeg is. Ons sal jou ook in kennis stel van enige nuwe hulpbronne wat bygevoeg word deur 'n kennisgewing op **Announcements** of op die **Home**-blad te plaas.

- **Prescribed books (Voorgeskrewe boeke)**

Twee hoofstukke uit die aanbevole handboek *Kontemporêre Afrikaanse Taalkunde* (2017) deur WAM Carstens en N Bosman is beskikbaar as e-reserwes. Sien afdeling 0.3 hieronder oor watter hoofstukke as e-reserwes opgelaa is asook hoe om toegang tot jou e-reserwes te kry.

- **Blogs**

'n **Blog** is soos 'n bladsy in 'n dagboek waar jy jou eie ervarings opteken. Die verskil is dat wat jy as 'n blog-inskrywing plaas, handel oor 'n spesifieke onderwerp. Onderwerpe waaroor jy in blog-formaat op 'n *myUnisa*-modulewerf sal skryf, sal dus handel oor aspekte van jou studie en sal bydra tot die bereiking van die module-uitkomst. As 'n module jou nie toelaat om die blog-funksie te gebruik nie, het die dosent dit nie geaktiveer nie, omdat besluit is dat blogs in die module nie 'n daadwerklike bydrae kan lewer tot module-uitkomst nie. Dit is ook moontlik dat blog-inskrywings geassesseer en bepunt kan word, maar as dit die geval is, sal jy vroegtydig daarvan in kennis gestel word.

(Ons sal instruksies onder “**Additional Resources**” voorsien oor hoe om ’n blog te skep wanneer ons die **Blog**-funksie in die werkopdragte gebruik. Vir die onmiddellike toekoms word die **Blog**-funksie nie vir assessering gebruik nie.)

- **Submission of assignments (Inlewering van werkopdragte)**

Ons verkies dat jy jou werkopdrag elektronies via *myUnisa* indien. Ons aanvaar ook dat jy merkleesblad-werkopdragte in digitale formaat via *myUnisa* sal inlewer. Werkopdragte mag nie per faks, e-pos of *Dropbox* ingedien word nie.

Vir meer besonderhede oor werkopdragte, raadpleeg asseblief die *Study @ Unisa*-inligtingsbrosjyre. ’n Elektroniese weergawe is beskikbaar op die Unisa-webblad.

Om ’n werkopdrag via *myUnisa* in te lewer:

- Gaan na <http://www.unisa.ac.za> en klik op *myUnisa*.
- Teken aan met jou studentenummer en wagwoord.
- Kies ’n module.
- Klik op “Assignments” in die linkerkantste kieslys.
- Klik op die betrokke werkopdragnommer wat jy wil versend.

Volg die instruksies op die skerm.

(vii) Wat is die voordele daarvan om aanlyn te leer?

In ’n aanlyn omgewing kan jy enige tyd, enige plek studeer teen ’n tempo wat jou individuele leerstyl pas. Onthou egter dat jy steeds by die gestelde sperdatums vir die indiening van werkopdragte moet hou.

As jy nie maklik internettoegang het nie, kan die volgende inligting van nut wees om toegang te kry. Unisa het as deel van hul Studente-ondersteuningsdienste Leersentrums (*Learning centres*) beskikbaar gestel.

Klik hier vir verdere inligting: [Unisa Online – About learning centres](#)

(viii) Watter internetvaardighede is nuttig vir aanlynstudie?

Suksesvolle studente beskik gewoonlik oor die volgende vaardighede:

- Hulle is vertrouwd met die webblaaier (*web browser*).
- Hulle is vertrouwd met ’n e-posprogram en weet hoe om dokumente aan te heg en hoe om aangehegte dokumente (*attachments*) oop te maak.
- Hulle het redelike ervaring van webgebaseerde interaksies, byvoorbeeld sosiale netwerke en leerbestuurstelsels (*learning management systems*) soos *myUnisa*. Hulle is vertrouwd met ’n woordverwerkingsprogram (soos *MSWord*).
- Hulle het ervaring van suksesvolle internetsoektogte en die gebruik van ’n verskeidenheid webblaaiers (*browsers*) en soekenjins.

(ix) Hoe belangrik is houding om sukses in my studie en in 'n aanlyn leeromgewing te behaal?

Jou houding is baie belangrik om sukses te verseker.

Ons weet dat jy belangstel in *Afrikaanse grammatika* (AFK2602), anders sou jy nie vir hierdie module ingeskryf het nie. Ons wil jou aanmoedig om 'n **positiewe houding** teenoor jou studie en die aanlyn leeromgewing te ontwikkel. Om dit te bereik is daar 'n paar aspekte om in gedagte te hou:

TYD is belangrik vir 'n afstandsonderrigstudent. Jy moet in beheer wees van jou tyd en dit effektief bestuur. Stel 'n studieprogram aan die begin van die semester op. Dit verg dissipline, maar sal verseker dat jy:

- genoeg tyd sal hê om deur al die relevante studiemateriaal te werk;
- die relevante take en werkopdragte op die sperdatums sal kan inhandig;
- genoeg tyd sal hê vir hersiening en voorbereiding vir die werkopdragte en eksamen.

Ons moedig jou aan om die riglyne hieronder te volg:

- Moenie agter raak met jou werkskediule nie.
- Werk gereeld en konsekwent.
- Maak seker jy verstaan die werk soos wat jy vorder.
- Moenie moed opgee wanneer jy moeiliker werk teëkom nie; vra liever so gou moontlik hulp.

Ons hoop dat hierdie inligting jou studie makliker sal maak en dat jy sal presteer.

(x) Hoe moet ek my aanlyn studie benader?

Ons het almal verskillende leerstyle en voorkeure. Neem egter die volgende wenke in ag:

- Laat genoeg tyd toe om deur elke leereenheid te werk en doen al die aktiwiteite.
- Laat ekstra tyd toe vir werk wat moeilik lyk of waarmee jy weet jy 'n probleem het.
- Wanneer jy 'n studieplan saamstel, laat tyd toe vir persoonlike verantwoordelikhede (bv. gesinsverantwoordelikhede, werksverpligtinge, sosiale verpligtinge en verlof). Gebruik die mees produktiewe tyd vir studie (bv. laataand wanneer die kinders bed toe is of vroegoggend voordat die res van die gesin wakker word).
- Dit is meer doeltreffend om gereeld te studeer (bv. 'n uur op 'n dag), as sporadies (bv. een keer 'n maand vir tien ure aaneen). Besluit **nou** hoeveel uur per week jy gaan gebruik om te studeer. Ons stel voor dat jy een of twee uur per dag daarvoor opsysit.
- Hou rekord van jou vordering. Dit sal jou goed doen om te sien wat jy al bereik het en dit sal jou inspireer indien jy agter raak. Wees daarop voorbereid dat jou studieprogram onderbreek kan word as gevolg van onvoorsiene omstandighede. Jy behoort jou vordering te monitor sodat jy onmiddellik kan inhaal as jy agter raak. Onthou dat dit makliker is om een week se verlore studietyd in te haal as 'n hele maand s'n.

0.2 Studiemateriaal

In hierdie afdeling sal ons vrae beantwoord rakende die inhoud van die verskillende studiebriewe en waar om die verskillende studiebriewe te kry.

(i) *Waar kry jy jou studiemateriaal?*

Indien jy die internet gereeld kan besoek, kan jy deur *myUnisa* toegang tot jou studiemateriaal verkry en deelneem aan aanlyn aktiwiteite. Studente wat egter nie deurgaans aanlyn kan werk nie, kan die gedrukte Studiegids gebruik (d.i. die papierweergawe van die dokument wat jy nou lees). Hierdie gedrukte Studiegids bevat dieselfde leermateriaal as wat ander studente op *myUnisa* sal vind.

Ná registrasie sal jy die volgende gedrukte studiemateriaal van die Universiteit ontvang:

- Hierdie **Studiegids**, wat leereenhede 1–7 bevat.
- Die **AFK2602/101-studiebrief**, wat Werkopdrag 01 en 02 bevat.
- 'n **Opvolgstudiebrief** (Studiebrief 201) wat jy gedurende die semester sal ontvang. Dit bevat terugvoer oor die twee werkopdragte sowel as eksamenwenke.

Let asseblief op:

Nie alle gedrukte studiemateriaal sal noodwendig by registrasie beskikbaar wees nie. Uitstaande studiemateriaal sal aan jou gestuur word sodra dit beskikbaar is. Jy kan ook die studiebriewe aflaai op *myUnisa*.

Vir studente wat gereelde toegang tot *myUnisa* het, is al die studiemateriaal beskikbaar op *myUnisa*:

- Die Studiegids (in Afrikaans) is beskikbaar onder **Additional Resources**.
- Studiebrief 101 met Werkopdrag 01 en 02 is beskikbaar onder **Official study material**.
- Leereenhede 1–7, wat bestaan uit die leermateriaal vir hierdie module, is beskikbaar onder **Learning units**.

(ii) *Watter inligting bevat die studiebriewe?*

Die gedrukte dokument wat jy nou waarskynlik besig is om te lees (oftewel **Studiegids**) bevat Leereenhede 1–7. Leereenheid 1 gee 'n oorsig van die module, terwyl Leereenhede 2–7 die leermateriaal bevat wat jy moet deurwerk om Werkopdrag 01 en 02 te kan beantwoord en om vir die eksamen voor te berei.

In die studiebrief **AFK2602/101** (maw **Studiebrief 101**) sal jy die werkopdragte en assesseringskriteria vind, asook instruksies oor die voorbereiding en inhandiging van werkopdragte. Hierdie studiebrief verstrek ook al die inligting wat jy nodig het in verband met die studiemateriaal en ander administratiewe sake (soos die kontakbesonderhede van die administratiewe departemente). Maak asseblief seker van die sperdatums vir Werkopdrag 01 en 02 wat jy in Studiebrief 101 sal vind.

Die **opvolgstudiebrief AFK2602/201 (semester 1 en semester 2)** bevat terugvoer oor Werkopdrag 01 en 02. Hierdie 201-studiebrief sal beskikbaar wees in April (vir semester 1-studente) en in September (vir semester 2-studente). Hierdie brief sal ook in gedrukte formaat

aan studente beskikbaar gestel word, dus behoort jy dit in die pos te kry. Sodra dit beskikbaar is, sal hierdie 201-studiebrief egter ook aanlyn beskikbaar wees onder **Official study material**.

Ons wil jou uit die staanspoor daarop wys dat jy **al die studiebriewe moet lees** wat jy gedurende die semester ontvang, aangesien dit belangrike en soms dringende inligting bevat.

Maak seker dat jy deur al die studiebriewe lees **voordat** jy enige werk in die studiegids of enige assesseringstake aanpak.

0.3 Elektroniese reserwes (E-reserwes)

Daar is geen voorgeskrewe boeke vir hierdie module nie. Ons maak gebruik van e-reserwes, wat 'n integrerende deel van die leerinhoud uitmaak. Sommige van die leereenhede (soos leereenheid 3 en 6) maak van die e-reserwes gebruik, en ons verwag van studente om die e-reserwes op gereelde grondslag te raadpleeg. Ons wil jou aanraai om die hoofstukke wat as e-reserwes opgelaa is, sorgvuldig te bestudeer.

(i) Watter e-reserwes is beskikbaar?

Die volgende twee hoofstukke uit die aanbevole handboek *Kontemporêre Afrikaanse Taalkunde* (2017) deur WAM Carstens en N Bosman is opgelaa en beskikbaar as e-reserwes:

- ★ Hoofstuk 6: Morfologie
- ★ Hoofstuk 9: Afrikaanse semantiek

(ii) Waar kry ek die e-reserwes?

Om toegang tot jou e-reserwes te kry, volg die volgende stappe:

- Gaan na die Unisa-tuisblad
- Klik op "Library"
- Klik op "Find e-reserves"
- Die venster "Course code search" sal oopmaak. Tik die modulekode "AFK2602" in en klik op "submit"
- Klik op "AFK2602 e-reserves (en die jaartal van jou registrasie)"

In die leereenhede wat aanlyn beskikbaar is op *myUnisa* (alternatiewelik die gedrukte Studiegids) sal jy verwys word na van hierdie hoofstukke wat as e-reserwes opgelaa is.

Let op dat daar geen voorgeskrewe boeke vir AFK2602 is nie. Raadpleeg asseblief Studiebrief 101 vir meer inligting in hierdie verband.

0.4 Werkopdragte

(i) Waar kry ek die werkopdragte?

Die werkopdragte vir AFK2602 is ingesluit in Studiebrieff 101, dit is AFK2602/101. Jy behoort Studiebrieff 101 kort ná registrasie in die pos te ontvang.

Let asseblief daarop dat Studiebrieff 101 ook beskikbaar is onder **Official study material** op *myUnisa*. Laai asseblief Studiebrieff 101 wat op *myUnisa* is af indien die posaflewering om welke rede ook al vertraag word.

(ii) Hoeveel werkopdragte moet ek indien vir hierdie module?

Jy moet twee werkopdragte indien: Werkopdrag 01 en Werkopdrag 02.

Werkopdrag 01 is 'n meerkeusevraag-werkopdrag. Dit bevat 20 meerkeusevrae wat op 'n merkleesblad ingevul moet word. Werkopdrag 01 dra 'n maksimum van 5% by tot jou semesterpunt. Werkopdrag 01 fokus op leereenhede 1 tot 6 (nie leereenheid 7 nie).

Werkopdrag 02 bestaan uit verskeie tipes vrae, soos kort vrae en langer tipe vrae. Werkopdrag 02 dra 'n maksimum van 20% by tot jou semesterpunt. Werkopdrag 02 fokus op Leereenheid 2 tot 7 (oftewel vyf (5) afdelings). Jy moet vrae oor **vier afdelings** kies om te beantwoord.

Let daarop dat ons verskillende werkopdragte opgestel het vir semester 1 en 2. Maak seker dat jy die korrekte werkopdrag beantwoord vir die semester waarvoor jy geregistreer is. Raadpleeg Studiebrieff 101 vir meer inligting.

(iii) Is die werkopdragte verpligtend?

Nee, maar jy moet ten minste een werkopdrag inhandig (Werkopdrag 01 of Werkopdrag 02) om eksamentoelating te kry. Om 'n goeie semesterpunt te verdien is dit egter belangrik om albei werkopdragte in te dien. Die werkopdragte dien ook as onontbeerlike voorbereiding vir die eksamen. Verwys asseblief na Studiebrieff 101 vir meer inligting.

(iv) Watter deel van die werk is die belangrikste?

Die leermateriaal is aanlyn beskikbaar op *myUnisa* onder die opsie **Learning units** (en ook in die Studiegids) en bestaan uit 7 leereenhede:

Leereenheid 1 gee 'n oorsig van die verskillende leereenhede

Leereenheid 2 fokus op die Fonetiek en Fonologie

Leereenheid 3 fokus op die Morfologie

Leereenheid 4 en 5 fokus op die Sintaksis

Leereenheid 6 fokus op die Semantiek

Leereenheid 7 fokus op die Skryfvaardighede

Leereenheid 2 tot 7 is verpligte leermateriaal. Van die leereenhede word aangevul deur bykomende studiehulpbronne wat opgelaa is onder die opsie **Additional Resources** op *myUnisa*.

In die eksamen moet jy vrae oor **vier afdelings** kies om te beantwoord. Raadpleeg Studiebrieff 101 vir meer inligting.

0.5 Slot

Die skryfspan vir die Studiegids bestaan uit dosente van die Departement Afrikaans en Algemene Literatuurwetenskap

Mnr FWJ Broodryk

Kursusleier: AFK2602

Medewerkers aan die studiegids:

Mev. A Fourie

Me L. Grundlingh

Mev A. Engelbrecht

Dr E. Lombard

Dr TR Carney

Mnr FWJ Broodryk

Kurrikulumadviseur:

Mnr M. van Heerden

Einredakteur:

Mnr FWJ Broodryk

Ons sien daarna uit om jou vordering op 'n persoonlike en professionele vlak mee te maak gedurende die semester en wens jou 'n voorspoedige en vrugbare studietydperk saam met ons toe.

Jy is nou gereed om leereenheid 1 aan te pak. Maar voordat jy met leereenheid 1 begin, lees asseblief eers Studiebrief 101 (AFK2602/101) sodat jy weet wat daar van jou verwag word in Werkopdrag 01 en 02 en wanneer die werkopdragte ingehandig moet word. Studiebrief 101 is ook beskikbaar onder *Official study material*.

LEEREENHEID

1

Inleiding tot Afrikaanse Taalkunde

1.1 Inleiding

Hoe die module saamgestel is

Die module *Afrikaanse Grammatika* maak deel uit van 'n reeks modules wat deur die Departement Afrikaans en Algemene Literatuurwetenskap aangebied word om jou bekend te stel aan die verskillende maniere waarop taal, en spesifiek Afrikaans, bestudeer kan word. Of jy nou 'n taalpraktisyn, skrywer, advokaat, sielkundige, onderwyser, vertaler of joernalis is of wil word, hierdie module behoort vir jou van groot nut te wees.

Die module bestaan uit sewe leereenhede. Leereenheid 1 dien as inleiding. Nadat jy dit gelees het, moet jy **4 onderafdelings** kies wat jy dan sal bestudeer vir eksamen- en werkopdragdoeleindes:

Leereenheid 2:	Fonetiek en fonologie
Leereenheid 3:	Morfologie
Leereenhede 4 en 5:	Sintaksis
Leereenheid 6:	Semantiek
Leereenheid 7:	Skryfvaardighede

Vir werkopdrag- en eksamendoeleindes moet jy slegs VIER van die onderafdelings bestudeer wat hierbo gelys is.

In sommige van hierdie leereenhede sal jy verwys word na een van die aanbevole boeke wat jy vir hierdie module kan gebruik, getiteld *Kontemporêre Afrikaanse Taalkunde*, deur Carstens en Bosman (redakteurs). **Twee van die hoofstukke wat jy vir hierdie module mag nodig kry, is as e-reserwes beskikbaar op die Unisa-biblioteekblad.** Volg die instruksies in leereenheid 0 om toegang tot die betrokke hoofstukke van die aanbevole handboek te verkry.

Hoe leereenheid 1 saamgestel is

Leereenheid 1 berei jou voor vir die res van die module deur kortliks te kyk na waar taalkunde, en spesifiek die Afrikaanse taalkunde, in die groter taalprentjie pas. Wanneer jy dit deurgelees het, behoort jy in te sien wat die belang van taalkunde is en hoe jy dit kan gebruik in jou unieke situasie. Dit mag ook moontlik vir jou die keuse tussen die verskeie onderafdelings vergemaklik.

Ons begin Leereenheid 1 deur na te dink oor die begrip “taal” in die algemeen. Daarna kyk ons na die boustene van taal, wat inderwaarheid ook die “boustene” van hierdie module

uitmaak: klank (Fonetiek en Fonologie), morfeme (Morfologie), woorde en sinne (Semantiek en Sintaksis) en uiteindelik die toepassing daarvan in skryfstukke (Skryfvaardighede).

'n Taal soos Afrikaans bestaan egter nie in isolasie nie en daarom is dit goed om te verstaan dat tale in taalfamilies saamgegroepeer kan word. 'n Taalboom stel ons in staat om met een oogopslag te sien waar Afrikaans vandaan kom en watter tale Afrikaans se naaste familielede is.

Die taalkunde is 'n studieveld wat voortdurend ontwikkel en groei. Deur die jare heen was daar verskeie benaderings wat gevolg is om die enigmatiese verskynsel wat taal is, beter te probeer verstaan. In Leereenheid 1 kyk ons na drie van die belangrikste benaderings tot taalkunde, naamlik die strukturalisme, generatiewisme en kognitiewisme, asook die belangrikste persone wat met elke benadering geassosieer word.

Uiteindelik gee die leereenheid ook 'n oorsig van die ontwikkeling van die Afrikaanse taalkunde om jou 'n idee te gee wie die Afrikaanse taalkundiges is wat belangrike bydraes tot die Afrikaanse taalkunde gemaak het.

1.2 Wat is taal?

Aktiwiteit 1.1

- 1.1.1 Gaan na <https://www.youtube.com/watch?v=0JuO3G20Uik> en kyk na Litnet se video *Wat is taal?*
- 1.1.2 Kan jy aan ander aspekte van taal dink wat nie hier genoem word nie?

Taal is iets wat baie mense baie ná aan die hart lê. Taal is deel van ons kultuur; dit is deel van wie ons is. In haar lied *Hoor hoe brom die wind* verwoord Amanda Strydom op treffende manier wat sy alles met taal kan en wil doen:

*En ek kan rock in my taal
Ek maak amok in my taal
Ek kan skok in my taal
Ek kan rock in my taal*

*Ek maak lawaai in my taal
Ek word so kwaai in my taal
Ek kan jou braai in my taal
Ek kan rock in my taal.*

Taal word oral en altyd gebruik. 'n Ma gebruik taal om oor haar babatjie te koer en die president van die Reserwebank gebruik taal om veranderinge in die rentekoerse aan te kondig. Kinders gebruik taal op die speelgrond en ons sporthelde gebruik dit op die sportveld (en in die kleedkamer). Selfs as ons doodstil sit of slaap, dink ons in taal en droom ons in taal.

Omdat taal so 'n groot deel uitmaak van wie ons as mense is en wat ons kan doen, is dit ook nie vreemd nie dat die taalkunde 'n bykans onuitputbare studieveld is wat vanuit verskeie hoeke bestudeer kan word en ook aansluiting vind by baie ander vakgebiede soos onder andere die sielkunde.

Aktiwiteit 1.2

- 1.2.1 Verbeel jou vir 'n oomblik jy werk aan 'n woordeboek en moet die woord “taal” omskryf. Skryf jou definisie van taal neer.
- 1.2.2 Kom ons vergelyk nou wat jy neergeskryf het met wat in die *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* (HAT) oor taal geskryf staan. Ons kyk slegs na die eerste vier betekenisonderskeidings van die woord “taal” soos wat dit in die HAT opgeteken staan.

1. taal s.nw. (tale; -tjie) 1 [gew. ekv.] kommunikasiemiddel van die mens, voortgebring deur die spraakorgane; menslike spraak (asook die geskrewe vorm daarvan): *taal gebruik / hoor / aanleer / interpreteer.*
2. stelsel van gesproke en geskrewe woorde wat die mense van 'n bepaalde land/gebied gebruik om met mekaar te kommunikeer: *Die Wes-Kaap het drie omgangstale – Afrikaans, Engels en Xhosa. ° Afrikaans is my moedertaal. ° 'n Tolk moet minstens twee tale goed magtig wees. ° Van al die faktore wat 'n groep mense samehorig laat voel, is 'n gedeelde taal een van die sterkstes. ° 'n dooie taal 'n taal wat nie meer 'n spraakgemeenskap het nie, maar slegs in tekste voortbestaan, soos Latyn.*
3. spesifieke vorm van 'n taal wat deur 'n bepaalde groep of individu gebruik word: *die taal van matrose/gevangenes ° bendetaal ° streektaal ° vaktaal.*
4. manier/wyse waarop taalelemente gerangskik/gebruik word; styl: *deftige/informele taal ° die taal van die poësie ° skeltaal*

Terugvoer op Aktiwiteit 1.2

Kyk weer na die definisie van taal wat jy neergeskryf het. Is daar raakpunte tussen jou definisie en die woordeboekdefinisie? Het jy verwys na die vermoë van taal om te kommunikeer? Of verwys jy daarna dat taal eie is aan 'n spesifieke groep mense? Dalk het jy uitgelig dat taal uit woorde bestaan wat op 'n spesifieke manier gerangskik word. Of dalk het jy, soos die Litnet- video, aangedui dat taal gebruik kan word om taalprodukte te skep en om die samelewing te verryk en te verander.

Die eerste betekenisonderskeiding in die HAT verwys daarna dat 'n taal 'n **instrument** is wat deur mense gebruik word. En dat dit gebruik word om mee te kommunikeer.

Hierdie taalinstrument waarvoor mense beskik, word nie deur almal op dieselfde manier ingespan nie. Betekenisonderskeiding **2** dui daarop dat daar **verskeie tale bestaan waarin groepe mense hulself kan uitdruk**. Engels, Spaans, Frans en Chinees is bekende tale, maar het jy al gehoor van Bontok wat in die Filippyne gepraat word?

Kyk na die derde betekenisonderskeiding van “taal”. Het dit jou al opgeval dat tieners anders praat as hul ouers? Of dat skaatsplankryers hul eie sleng gebruik? Wat sê die uitdrukking “hy vloek soos 'n matros” vir ons van die manier waarop matrose praat? Die taal van 'n subgroep soos dié wat ons hier noem, kan deel van so 'n groep se identiteit uitmaak.

Die vierde betekenisonderskeiding is van besondere belang vir jou as 'n AFK2602-student, want dit is hierdie aspek van taal wat ons gaan bestudeer: **die verskillende elemente van taal wat op 'n spesifieke manier gerangskik kan word**. In die paragrawe hierna word die boustene van taal bespreek, met ander woorde die elemente van taal.

1.3 Die boustene van taal

Aktiwiteit 1.3

Wat dink jy is die voorvereistes vir 'n mens om te kan sê hy/sy is 'n taal magtig? Skryf ten minste drie voorvereistes neer.

Terugvoer op Aktiwiteit 1.3

Wanneer jy 'n taal ken, kan jy dit praat en jy sal verstaan word deur ander wat ook die taal ken. Spreektaal is egter maar een faset van taal. Die gebaretaal wat dowes gebruik, word byvoorbeeld op dieselfde kognitiewe manier voortgebring en verstaan as gesproke tale. Mense gebruik taal intuïtief. 'n Kind van drie kan werkwoorde, sinstrukture en bysinne gebruik sonder dat sy 'n benul het wat hierdie terminologie beteken.

Volgens Fromkin, Rodman en Hyams (2014) is daar sekere voorvereistes vir iemand om aanspraak te maak daarop dat sy 'n taal ken. (Terwyl ons dit bespreek, kan jy dit met jou drie voorvereistes vergelyk.)

1.3.1 Kennis van hoe 'n taal klink

Iemand kan beswaarlik daarop aanspraak maak dat sy oor kennis van 'n taal beskik, maar sy weet nie hoe die taal klink nie. Dit is dikwels baie maklik om te hoor as iemand 'n taal praat wat nie haar moedertaal is nie. Afrikaanssprekendes sukkel byvoorbeeld gewoonlik om die klapklanke wat in Ngunitale soos Xhosa en Zoeloe voorkom, uit te spreek, terwyl Engelssprekendes die Afrikaanse g-klank en r-klank soos in *gieter* vreemd vind.

In **Leereenheid 2: Fonetiek en Fonetiek** ondersoek ons klank as die kleinste bousteen in taal. Hier kry jy die geleentheid om nader kennis te maak met die internasionale fonetiese alfabet (IPA) wat gebruik word om aan te dui hoe 'n klank klink wanneer dit in 'n spesifieke woord gebruik word.

Die fonetiese alfabet is buitengewoon nuttig, omdat dit nie taalgebonde is nie en jou kan help om vreemde woorde uit te spreek. As jy byvoorbeeld 'n nuwe taal aanleer of dalk eendag radio- of televisienuus moet lees en 'n vreemde naam teëkom, sal kennis van die fonetiese alfabet jou goed te pas kom.

Aktiwiteit 1.4

Hoe dink jy weet weeraanbieders hoe om die verstommende Walliese pleknaam **Llanfairpwllgwyngyllgogerychwyrndrobwlllantysiliogogoch** uit te spreek? Breek dit in kleiner dele op, transkribeer in fonetiese skrif en siedaar. Kyk gerus by <https://www.youtube.com/watch?v=fHxO0UdpoxM> hoe 'n weervoorspeller dié besonder moeilike naam perfek uitspreek.

1.3.2 Kennis van die taal se woordeskat

'n Woord dui op 'n konsep of betekenis. Die verhouding tussen die vorm van die woord en wat dit beteken is egter **arbitrêr**. Daarom noem Afrikaanssprekendes 'n huis 'n *huis* en nie *casa* soos die Spanjaarde, *maison* soos die Franse of *ikhaya* soos die Zoeloes nie.



Dieselfde woordvorm kan in een taal ook verskillende betekenisse hê; byvoorbeeld *bank*, wat onder andere kan verwys na die instelling waar jy jou geld bêre maar ook na 'n meubelstuk waarop jy sit as jy televisie kyk.

In **Leereenheid 3** word die **Morfologie** bespreek. Morfeme is die kleinste betekenisvolle boustene van taal, en wanneer ons kennis dra van die betekenis van hierdie boustene, kan dit ons woord- en leesbegrip 'n aansienlike hupstoot gee. Jy sien, as jy byvoorbeeld weet dat die morfeem *mikro-* "klein" beteken, sal jy 'n goeie idee hê wat *mikrofotografie* beteken wanneer jy dit die eerste keer in 'n artikel teëkom.

Die prosesse van onder andere samestelling en afleiding word dikwels in Afrikaans gebruik om nuwe woorde te vorm en dra by tot die skep van nuwe woorde en die uitbreiding van die Afrikaanse woordeskat. Kyk maar na die woord vir iemand of iets wat mieliepitte van die kop verwyder: *mielieafmaker* wat bestaan uit mielie+af+maak+er.

1.3.3 Taalkreatiwiteit

Ons kennis van 'n taal stel ons in staat om klanke te verbind om woorde te vorm, en woorde om frases te vorm, en frases om **sinne** te vorm. Elke dag gebruik ons ons kennis van taal om op 'n kreatiewe manier splinternuwe sinne te maak; dikwels sinne wat niemand nog ooit vantevore gehoor het nie.

Die onbeperktheid van sinne word duidelik wanneer ons onthou dat sinne onbepaald uitgebrei kan word. Dalk het jy ook hierdie lawwe liedjie gesing toe jy jonger was:

*Dis die gat in die grond
en die groen gras groei daarom.*

Wat later word:

*Dis die luis aan die veer
en die veer aan die voël
en die voël in die nes
en die nes in die mik
en die mik aan die tak
en die tak aan die boom
en die boom in die gat
en die groen gras groei daarom.*



Hierdie sin kan selfs nog verder uitgebrei word deur middel van adjektiewe of bykomende frases en bysinne.

In enige taal bestaan daar dus 'n oneindige aantal sinsmoontlikhede en geen naslaanwerk sal ooit al die sinne wat in 'n taal moontlik is, kan bevat nie.

1.3.4 Kennis van sin(ne) en onsin(ne)

Woorde kombineer egter nie sommer op enige manier nie – 'n taal het 'n spesifieke **struktuur**. Daarom moet ons, om 'n taal te kan gebruik, ook verstaan wat maak 'n sin 'n sin en wanneer is 'n groep woorde nie 'n sin nie.

In **Leereenheid 4** en **5** kom die **sintaksis** aan die beurt. Wanneer ons as gebruikers van taal, en spesifiek Afrikaans, die onderliggende struktuur van die taal beter verstaan, sal ons in staat wees om sinne te praat en te skryf wat betekenis duidelik sal oordra en ons boodskap suksesvol sal kommunikeer. En dít is van allergrootste belang of jy nou 'n onderwyser of dokter of advokaat is.

Taalgebruikers kombineer woorde om sinne te vorm. Woorde kan egter nie sommer op enige plek in 'n sin staan nie. Verskillende tale het verskillende strukture waarbinne woorde en sinsdele moet pas, sodat die sin kwalifiseer as 'n grammatikaal korrekte sin.

Enige moedertaalspreker van Afrikaans sal weet dat die volgende sin nie reg is nie: *Hond klein die straat in stap die af*. Hierdie sin is ongrammatikaal – dit is onsin. Maar wanneer dit lui: *Die klein hond stap in die straat af* is die sin verstaanbaar en reg gestruktureer sodat dit betekenis kan oordra. Dit is met ander woorde 'n sin.

1.3.5 Kennis van wat taal beteken

Roman Jakobson het gesê: “Language without meaning is meaningless.” Dit klink dalk voor die hand liggend, maar beklemtoon tog die belangrikheid van **betekenis** wanneer ons 'n taal bestudeer. Indien taal geen betekenis dra nie, is die gebruik daarvan nutteloos. Dalk was jy al in 'n situasie waar jy heeltemal verward was omdat jy nie kon verstaan wat 'n spreker bedoel het nie, omdat hy 'n taal of taalvariëteit gebruik het wat jy nie verstaan het nie. In so 'n situasie kan taal nie gebruik word om te kommunikeer nie en moet daar van ander kommunikasiemiddele soos gebare, lyftaal of dalk selfs tekeninge gebruik gemaak word.

Van die os op die jas: Het jy al 'n bietjie nagedink oor die verskillende betekenismoontlikhede wat in woorde en woordkombinasies verskuil lê? As jy byvoorbeeld na die volgende woorde kyk, weet jy waarskynlik wat elke woord op sy eie beteken: *jakkals, prys, sy, eie* en *stert*. Maar wanneer ons hierdie woorde saam gebruik in die idioom *Jakkals prys sy eie stert* het die betekenis nie meer soveel te doen met die betekenis van die individuele woorde (**lekseme**) nie. Dink jy iemand wat Afrikaans nie ken nie en die individuele woorde in die woordeboek gaan opsoek, sal die betekenis kan ontrafel? Ek twyfel.



Leereenheid 6: Semantiek sluit die wonderwêreld van betekenis oop. Nie net die letterlike betekenis van woorde kom aan bod nie, maar ook ander betekenisdimensies soos konnotasie, stilistiese betekenis en emotiewe betekenis.

Volgens Levinson (2000) **verbind ons ons tot baie meer wanneer ons iets sê deur middel van die keuse wat ons gemaak het tussen die verskillende maniere waarop ons dit kon gesê het.** Indien jy hou van skryf of dig, of soms net op soek is na die perfekte woord vir dit wat jy wil sê, behoort jy die semantiek te sien as 'n ontdekkingstog na verskillende uitdrukkingsmoontlikhede sodat jy kan sê presies wat jy bedoel.

1.3.6 *Vermoë om die taal toe te pas*

Laastens help dit veel dat 'n mens oor kennis van die taal beskik, maar dit nie kan gebruik nie. Ons moet taal kan aanwend tot ons voordeel. Mense wil onder andere duidelik kan kommunikeer, gedagtes met behulp van taal orden en taal kan gebruik om verhoudings in stand te hou. Daar word nie verniet aangevoer dat die pen magtiger is as die swaard nie.

Die laaste leereenheid, **Leereenheid 7: Skryfvaardighede**, gee jou die geleentheid om jou verworwe taalkennis toe te pas deur jou toe te rus om beter te kan skryf. Die fokus val op **akademiese skryf** wat jou baie kan baat wanneer jy werkopdragte doen, eksamenvrae beantwoord en wanneer jy moontlik later nagraadse studies aanpak.


1.4 Taal is 'n boom

Aktiwiteit 1.4

Die naam "Afrikaans" veronderstel dat die taal wat dié naam dra met die kontinent Afrika geassosieer word. Waar dink jy lê Afrikaans se wortels?

Terugvoer

Kyk na die taalboom hieronder, in Figuur 1.1. Afrikaans "groeï" aan dieselfde tak as Vlaams en Nederlands en spruit uit dieselfde Wes-Germaanse tak as Engels en Duits.



Figuur 1.1: Taalboom

Afrikaans is 'n afstammeling van die Proto-Indo-Europese taalfamilie waaruit Proto-Germaans, die grondtaal van die Germaanse taalfamilie, ontstaan het. Die Wes-Germaanse dogtertale is Nederlands, Duits en Engels. Ons kan ook sê dat dié drie tale susterstale van mekaar is soos uitgebeeld in Figuur 1.1.

Afrikaans het uit Nederlands ontwikkel en word as gevolg van die ooreenkomste wat dit met die susterstale toon ook as 'n Germaanse taal beskou. Ponelis (1989: 51) herinner ons egter daaraan dat wanneer Afrikaans bestudeer word, ons nie moet vergeet hoe die taal hier aan die suidpunt van Afrika deur Portugees, Maleis en verskeie inheemse tale (soos die taal van die Khoi-Khoen) beïnvloed is nie. Dit is belangrik om te beseft dat 'n taal nie staties is nie, maar voortdurend verander en ook beïnvloed word deur ander tale en omstandighede.

1.5 Taalkunde: 'n Internasionale Perspektief

Die Afrikaanse taalkunde het nie in isolasie ontwikkel nie en dit is nog altyd beïnvloed deur internasionale taalkundetendense. Daarom kyk ons ook na belangrike internasionale ontwikkelinge in die taalkunde. Die doel van die volgende paar paragrawe is slegs om 'n opsomming te gee van die belangrikste benaderings en jou bekend te stel aan 'n paar van die bekendste taalkundiges. Indien jy belangstel om meer hieroor te wete te kom, gaan lees gerus: **Hoofstuk 1: Die Afrikaanse taalkunde van toeka tot nou** (uit: Carstens & Bosman).

1.5.1 *Strukturalisme*

Kom ons begin by die begin van die 20ste eeu en by die vader van die moderne taalkunde, die Switserse linguis **Ferdinand de Saussure**. In 1907 bied hy drie lesings oor die grondslae van die taalkunde by die Universiteit van Genève aan. Hierin lê hy die basis vir die **strukturele benadering** tot die studie van taal. De Saussure sterf in 1913 en eers daarna word sy insigte geboekstaaf onder die Franse titel *Cours de linguistique générale*. Hiermee beweeg hy weg van die 19de-eeuse filologie oftewel diachroniese taalstudie en plaas die klem op sinchroniese taalstudie wat die verhouding tussen verskillende elemente binne die taalsisteem bestudeer.

Roman Jakobson (1896–1982), 'n Russiese strukturalis, doen verskeie studies in Europa op grond van die strukturalisme. Toe die Tweede Wêreldoorlog uitbreek, moes Jakobson, 'n Jood, egter Amerika toe vlug. In Amerika sit hy sy werk in die taalkunde voort en ontmoet bekende Amerikaanse strukturaliste soos Boas, Bloomfield en Whorf. Europese en Amerikaanse strukturalisme kom op hierdie manier in kontak met mekaar.

Leonard Bloomfield (1887–1949) was 'n Amerikaanse strukturalis wat 'n leidende rol gespeel het in die ontwikkeling van die Amerikaanse strukturalisme. Sy werk vorm 'n basis vir alle taalbeskrywingswerk wat daarna gevolg het.

Edward Sapir (1884–1939) is nog een van die bekende eerstegenerasie- strukturele taalkundiges in die VSA. As antropoloog en taalkundige bestudeer hy veral die inheemse tale van Amerika. Een van sy nalatenskappe is sy insigte in die **mentale voorstelling** van taal. Dit sou later 'n belangrike rol speel in die insigte van Noam Chomsky.

1.5.2 *Generatiewisme*

Ná die verskyning van **Noam Chomsky** se boek *Syntactic structures* in 1957, waarin die **generatiewe paradigma** bekendgestel word, verander die manier waarop daar oor taalkunde gedink word dramaties.

Chomsky tref 'n onderskeid tussen *competence* en *performance*. *Competence* (oftewel taalvermoë) verwys na 'n moedertaalspreker se (ideale) taalkennis waarvolgens die spreker kan bepaal of 'n sekere uiting vormlik moontlik is of nie. *Performance* (oftewel uitvoering) verwys na die manier waarop taal in kommunikasiesituasies gebruik word. Chomsky stel ook hoë standaarde van noukeurigheid in taalkundige analise deur van **formalises** gebruik te maak.

Aktiwiteit 1.5

Jy kan Noam Chomsky sien praat oor taal en denke by
<https://www.youtube.com/watch?v=KEmpRtj34xg>

In die 1960's word ander studiebenaderings in taalkunde ook bekendgestel, byvoorbeeld Labov se sosiolinguistiek en Halliday se sistemies-funksionele teorie.

1.5.3 Kognitiwisme

Taalkundiges wat volgens die strukturalisme gewerk het, soos De Saussure en Jakobson, het van die veronderstelling uitgegaan dat grammatikale kategorieë 'n gegewe is in die taalsisteem. Met die opkoms van die generatiewisme het Chomsky en Pinker aangevoer dat mense gebore word met grammatikale kategorieë wat by geboorte reeds in hul brein bestaan.

Die kognitiwiste daag egter hierdie twee aannames uit en glo dat **elke taalgebruiker deur blootstelling aan werklike taalgebruik geleidelik 'n mentale voorstelling van taal ontwikkel**. Volgens hulle word 'n taalgebruiker blootgestel aan genoeg voorbeelde van taalgebruik sodat hy/sy van veralgemenings gebruik kan maak om sogenaamde **skemas** van taalgebruik in die brein te kan ontwikkel.

Die integrasie van vorm en betekenis is vir kognitiwiste belangrik en daarom tref hulle nie 'n onderskeid tussen die verskillende lae van taalkundige beskrywing soos onder andere die generatiewiste nie. Kognitiwiste sien taal nie as 'n afsonderlike menslike vermoë nie, maar sien taal as **deel van die algemene kognitiewe vermoëns van die mens**. Daar is in Afrikaans heelwat navorsing gedoen vanuit 'n kognitiwistiese raamwerk.

1.6 Die Afrikaanse taalkunde

In die beginjare van Afrikaans is die taal nie baie hoog geag nie. Jy het seker al gehoor dat Afrikaans beskou is as 'n "**kombuistaal**". Daarom was dit vir diegene wat hierdie taal gebruik het baie belangrik om dit op te hef tot 'n volwaardige kultuurtaal. Die Europese afkoms is beklemtoon om aan te dui dat hierdie jong taal sy skoene sal kan volstaan en as waardig beskou moet word. Aan die ander kant is die invloed van inheemse tale, Maleis en Portugees, onderspeel, omdat hierdie tale nie soveel status gehad het nie. Vandag weet ons egter dat om sulke invloede te ignoreer eerder tot die verskraling as die verryking van 'n taal kan meewerk. Vandag is ons trots op die manier waarop Afrikaans ontstaan en gegroei het – 'n taal uit Afrika vir mense van Afrika; 'n taal wat die aardsheid van ons land en kontinent in sy klanke en woorde weerspieel.

Afrikaans is vir die eerste keer ondersoek deur Nederlandse taalkundiges wat woordelyste saamgestel het met bykomende aantekeninge oor die klankleer en die grammatika. Die eerste Afrikaanse grammatika, *Eerste beginsels fan di Afrikaanse taal* deur SJ du Toit, het in 1876 verskyn. DF Malherbe se *Afrikaanse taalboek* verskyn in 1917.

In die beginjare van die Afrikaanse taalkunde het die groot belangstelling gelê by die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans. Die Nederlandse taalkundige **DC Hesseling** se *Het Afrikaansch* verskyn in 1899. Hy sien Afrikaans as 'n vorm van Nederlands wat erg versteur is en grootliks beïnvloed is deur Maleis-Portugees. Vir hom gaan dit daaroor om aan te dui dat Afrikaans baie van Nederlands verskil en daarom "die sterkste aanspraak het om tot kultuurtaal van die Afrikaanse taalgemeenskap ontwikkel te word" (Ponelis, 1989: 31). Hy

het skerp teenkating gekry van taalstryders wat die taal se “edel” afkoms van Nederlands wou beklemtoon. Vandag word sy werk egter as baie waardevol beskou.

Daar is eers relatief laat begin met beskrywende taalkunde in Afrikaans. Eers in 1910 verskyn die eerste studie oor die Afrikaanse klankleer deur TH le Roux. In 1948 gee Meyer de Villiers aandag aan die sintaksis en Willem Kempen se werk oor die Afrikaanse morfologie verskyn eers in 1969.

Tot aan die einde van die sestigerjare verskyn heelwat werke wat binne die tradisie van die Amerikaanse strukturalisme tuishoort, in Afrikaans. MJ Posthumus en FF Odendal is twee Afrikaanse taalkundiges wat binne hierdie tradisie werk.

Die eerste taalkundiges in Afrikaans wat van transformasioneel-generatiewe beskrywings gebruik maak, is Fritz Ponelis in 1968 met *Grondtrekke van die Afrikaanse sintaksis* en Daan Wissing in 1971 met *Fonologie en Morfologie van die simplekse selfstandige naamwoord in Afrikaans: 'n transformasioneel-generatiewe benadering*.

Fritz Ponelis (1942–2009) het 'n reusebydrae gelewer tot die Afrikaanse taalkunde en spesifiek die sintaksis. In sy leeftyd het hy verskeie publikasies die lig laat sien wat vandag seminale werke in die Afrikaanse taalkunde is. Daar is egter nog baie te doen en hedendaagse Afrikaanse taalkundiges is steeds hard aan die werk om die Afrikaanse taal te ondersoek.

1.7 Laaste woord

Aktiwiteit 1.6

Gaan kyk gerus na die aanlyn lesing *Linguistics as a window to understanding the brain* van Steven Pinker, 'n professor in Sielkunde by Harvard: https://www.youtube.com/watch?v=Q-B_ONJIEcE. Maak notas. Hierdie lesing gee 'n baie goeie opsomming van belangrike aspekte van die taalkunde.

1.8 Tyd vir refleksie

In hierdie eerste leereenheid het ons eerstens die vraag *Wat is taal?* probeer beantwoord. Ons wou graag hê dat jy moet beseft watter groot rol taal in elke individu en elke taalgemeenskap se lewens speel. Waarvoor gebruik jy taal?

Daarna het ons kortliks gekyk waar Afrikaans inpas in die groot Indo-Europese taalboom. Kan jy nog onthou aan watter taalfamilie Afrikaans behoort? Uit watter taal het Afrikaans ontstaan, en wat is die susterstale van hierdie moedertaal van Afrikaans?

Vervolgens het ons 'n voëlvlug onderneem oor die ontwikkelinge in taalkunde sedert die 20e eeu. Wat is die drie belangrike taalkundige benaderings waaraan ons aandag gegee het? Kan jy 'n kort opsomming oor elkeen van dié benaderings neerskryf? Weet jy wie die belangrikste rolspelers in die ontwikkeling van elke benadering was?

Die ontwikkeling van die Afrikaanse taalkunde het hierna aan die beurt gekom. Wat was die aanvanklike status van Afrikaans? Kan jy twee Afrikaanse taalkundiges noem wat 'n bydrae tot die Afrikaanse taalkunde gelewer het?

Laastens het jy na 'n lesing deur Steven Pinker gekyk en notas gemaak. Skryf drie interessantheide oor taal neer wat jy kan onthou.

Jy is nou gereed om met die leereenhede te begin wat jy gekies het. Onthou dat jy vier onderwerpe moet kies uit die moontlike vyf. Jy kan dus besluit om vier van die volgende vyf onderwerpe verder te bestudeer: Fonetiek en Fonologie, Morfologie, Sintaksis, Semantiek of Skryfvaardighede.

Ons hoop dat AFK2602 vir jou 'n interessante ontdekkingsreis sal wees.

1.9 Verwysings

- Carstens, WAM & Bosman, N. (Reds.) 2014. *Kontemporêre Afrikaanse Taalkunde*. Pretoria: Van Schaik.
- Fromkin, V, Rodman, R en Hyams, N. 2013. *An introduction to language. International edition*. 10th edition. Wadsworth: Cengage Learning.
- Gouws, RH. 1989. Leksikale semantiek. In: Botha, TJR. (Red.) 1989. *Inleiding tot die Afrikaanse taalkunde*. 2e uitgawe. Goodwood: Nasionale Boekdrukkery.
- Levinson, SC. 2000. *Presumptive meanings. The theory of generalized conversational implicature*. Cambridge/Mass., London: The MIT Press.
- Ponelis, FA. 1989. Die aard en die bestudering van die Afrikaanse taal. In: Botha, TJR. (Red.) 1989. *Inleiding tot die Afrikaanse taalkunde*. 2de uitgawe. Goodwood: Nasionale Boekdrukkery.
- Ponelis, FA. 1989. Nederlands-Afrikaans: die Europese agtergrond van Afrikaans. In: Botha, TJR. (Red.) 1989. *Inleiding tot die Afrikaanse taalkunde*. 2de uitgawe. Goodwood: Nasionale Boekdrukkery.

LEEREENHEID

2

Fonetiek en Fonologie

2.1 Inleiding

Luister 'n bietjie na die Afrikaans wat verskillende mense in jou omgewing praat. Hoe klink die Afrikaans wat jy gebruik om met jou vriende te gesels in vergelyking met die Afrikaans wat jy in formele situasies gebruik? Verskil die vorm wat ander Afrikaanssprekendes gebruik van die vorm wat jy gebruik of van die vorm wat as **Standaardafrikaans** bekend staan?

Dit bring ons by **registers** of dan taalgebruik vir spesifieke situasies. Almal van ons wissel gedurig van register. Luister maar hoe gesels 'n groep mense by 'n sportbyeenkoms. Die register is heeltemal anders as wanneer hulle byvoorbeeld 'n vergadering hou.

Dink jy dat sekere uitsprake minderwaardig of minder korrek as ander uitsprake is? Nee, natuurlik nie. Waarom gebruik mense dan taal soos hulle dit doen? Afrikaans is 'n multikulturele taal en die meeste mense praat 'n **variëteit** van Afrikaans wat sosiaal- of streeksgebonde is. Luister na die radiodrama wat gelaai is op: **myUnisa, Additional Resources, Leereenheid 2 – Radiodrama**. Let deurgaans op die verskillende karakters, die verskeidenheid situasies en elke karakter se unieke taalgebruik.

Taalgebruik wat in 'n bepaalde gebied of geografiese streek aangetref word en nie soveel van die taalgebruik in aangrensende of ander streke binne 'n spesifieke taalgebied verskil dat dit 'n afsonderlike taal uitmaak nie, word 'n **dialek** genoem.

Aktiwiteit 2.1

2.1.1 Watter van die volgende voorbeelde van gesproke Afrikaans uit verskillende geografiese dele van Suid-Afrika klink vir jou bekend?

1. Da's 'ie ienagste boem innie tyn. (Wes-Kaap)
[da:si inaxstə bum əni təin//] (Fonetiese transkripsie)
Daar is die enigste boom in die tuin. (Standaardafrikaans)
2. 'ie kjêrel sta' raak toe moes kwat vi' my. (Namakwaland)
[i kjerəl sta: ra:k tu mus kwat fə məi//] (Fonetiese transkripsie)
Die kêrel staan en raak toe mos kwaad vir my. (Standaardafrikaans)
3. Ma-goed kêk met sikke oghe as ek engkom. (Griekwaland-Oos)
[ma:xut kək mət səkə ogə as ɛk ɛŋkɔm//] (Fonetiese transkripsie)
Ma-hulle kyk met sulke oë as ek inkom. (Standaardafrikaans)

4. May mô se sitjoehôsie is ônders as jaune. (Pretoria/Johannesburg)
[mai mɔ sə sətʃuɦosi ɛs ɔndɛrs as jœunə/] (Fonetiese transkripsie)
My ma se situasie is anders as joune. (Standaardafrikaans)
5. Darrie bok brijjik ammekar 'ie dra-ed. (Noordwes)
[dari bɔk brijɔk amɛka:r i dra: ɦɛt/] (Fonetiese transkripsie)
Daardie bok breek aanmekaar die draad. (Standaardafrikaans)

2.1.2 (Maak die fonetiese transkripsie by elk van die bogenoemde voorbeelde vir jou in hierdie stadium enigsins sin?)

Terugvoer

Vir meer inligting oor die fonetiese alfabet kan jy op 'n verkennende basis gaan kyk na die verskillende simbole wat vir die verskillende letters gebruik word – soos gelaai op **myUnisa, Additional Resources, Leereenheid 2 – Tekens vir segmente in die spraakklankstroom.**

Ons gaan eers later fonetiese transkripsies aanpak – in paragraaf 2.4 van hierdie leereenheid.

In hierdie leereenheid gaan dit hoofsaaklik oor die verskillende aspekte van **uitspraak en klank** – met ander woorde oor **fonetiek en fonologie**. Die studieveld van fonetiek en fonologie kan soos volg saamgevat word:

- Fonetiek is die produksie, oordrag en persepsie van afsonderlike spraakklanke in Afrikaans
- Fonologie is die werking van daardie klanke in Afrikaans

Hierdie twee begrippe word soms saam **klankleer** genoem en die een kan nie sinvol sonder die ander bestudeer word nie. Aan die een kant is fonetiese kennis 'n voorvereiste vir die fonologie en aan die ander kant kan die fonologie nie sonder die fonetiek as basis werk nie.

Ons gaan eers oorsigtelik na die fonologie kyk voordat ons die Afrikaanse fonetiek in besonderhede gaan bestudeer. Ons gaan nie net die klankmedium van Afrikaans in hierdie leereenheid bestudeer nie, maar ons gaan ook leer om die spraakklanke van Afrikaans te hoor, te ontleed en te beskryf. Die segmente in die spraakklankstroom, fonetiese tekens en die nodige diakritiese tekens vir die segmente en die verskil tussen die beginsels van die fonetiese tekens en fonetiese transkripsie aan die een kant en dié van die gewone ortografie (geskrewe taal) word behandel.

'n Studie van hierdie leereenheid moet daartoe lei dat jy spraakklanksegmente sal kan identifiseer en met simbole of fonetiese tekens kan voorstel. Jy behoort dus ná 'n studie van hierdie leereenheid 'n fonetiese transkripsie te kan maak van 'n geskrewe, asook 'n gesproke teks.

Kom ons spring weg met ons tweede aktiwiteit.

Aktiwiteit 2.2

Gebruik verskeie geleenthede waar jy jou ook al bevind om te luister na die register (taalgebruik vir 'n spesifieke situasie) van Afrikaans wat gebruik word.

- 2.2.1 Stel nou 'n profiel saam van die verskillende registers van die taalgebruikers in jou omgewing. Jou talige omgewing sal heel moontlik 'n ryke verskeidenheid tekste oplewer.
- 2.2.2 Skryf enkele voorbeelde neer van hoe Afrikaans in jou omgewing lyk en klink. (Jy is welkom om die profiel wat jy saamgestel het – van die verskillende registers van die taalgebruikers in jou omgewing – met jou medestudente in die gespreksforum op *myUnisa* te deel.)

2.2 Hoe en waar word klanke gevorm?

Het jy al daaraan gedink dat elke woord wat jy praat, uit verskillende klanke bestaan wat elk uniek gevorm word? Dit bring ons by die vraag hoe en waar al die verskillende klanke in Afrikaans gevorm word.

Prof. Daan Wissing ('n kenner op die gebied van die fonetiek en fonologie) het onlangs in samewerking met Wikus Pienaar van CText 'n interaktiewe vokaalkaart ontwikkel. Die MRI-beelde (*MRI: magnetic resonance imaging*), asook die uitspraak van die vokale is dié van twee Nederlandse fonetici, Rietveld en Van Heuven, wat die skrywers van die boek *Algemene fonetiek* (2009) is. Die MRI's beeld die tong- en lipstande van vokale uit. Die verskille kan gehoor en gesien word en die verskillende lip- en tongbewegings kan ook waargeneem word. Dit vergemaklik die vergelyking van verskillende vokale.

Die onderstaande illustrasie in Figuur 2.2 is 'n skermskoot van bogenoemde vokaalkaart. Dit bied jou die geleentheid om nie net te hoor hoe 'n spesifieke vokaal klink nie, maar jy kan ook 'n magnetiese resonansbeeld (MRI) van die mondkanaal met die posisies van die tong en vorm van die lippe sien (Wissing, 2012).



Figuur 2.1: Vokaalkaart

Bestudeer nou eers die dokument oor fonologie en foniese prosesse - soos gelaai op myUnisa, Additional Resources, Leereenheid 2 – Fonologie en Foniese prosesse. Hierdie gedeelte(s) handel oor klanke en hoe en waar verskillende klanke gevorm word. Dit is belangrik om dit te bestudeer voordat jy die volgende aktiwiteit aanpak.

Aktiwiteit 2.3

Beantwoord die volgende vrae deur slegs die vraagnommer en die korrekte antwoord neer te skryf:

- 2.3.1 Tweeklanke word ook (likwides/diftonge/sonorante) genoem.
- 2.3.2 Eksplosiewe staan ook bekend as (plofklanke/frikatiewe/afrikate).
- 2.3.3 Nasale word gevorm met lug wat (teen 'n hoë tempo deur die spraakkanaal gestoot word/vrylik deur die spraakkanaal vloei/deur die neusholte vloei).
- 2.3.4 Watter stelling is WAAR?
- Die klanksegment [b] is 'n ...
- a) stemlose alveolêre sluitklank.
 - b) stemhebbende bilabiale sluitklank.
 - c) stemlose palatale sluitklank.
 - d) stemhebbende velêre sluitklank.
- 2.3.5 Die Afrikaanse vokaal [e] is 'n ...
- a) ongeronde middelhoë voorvokaal.
 - b) geronde lae voorvokaal.
 - c) ongeronde middellae sentrale vokaal.
 - d) geronde hoë agtervokaal.
- 2.3.6 Watter klankverskynsel vind plaas as *muis* [mœys] as *mys* [møis] uitgespreek word?
- a) Assimilasie
 - b) Assonansie
 - c) Alliterasie
 - d) Ontronding
- 2.3.7 Die uitspreek van *troewel* [truvəl] in die plek van *troebel* [trubəl] is 'n voorbeeld van (assimilasie/degeminasie/assibilasie).
- 2.3.8 Die wysiging van *salaris* [salarəs] tot *silaris* [səlarəs] word (vokaalreduksie/vokaalverhoging/vokaalverlaging) genoem.
- 2.3.9 In watter woord vind ons 'n diftong?
- a) Aorta
 - b) Pous
 - c) Dans
 - d) Meneer
- 2.3.10 Verduidelik kortliks wat jy onder **vokaalreduksie** verstaan. Verduidelik aan die hand van 'n geskikte voorbeeld.

Terugvoer

Die antwoorde op bogenoemde vrae kan gevind word op: **myUnisa, Additional Resources, Leereenheid 2 – Aktiwiteit 2.3 Assessering.**

2.3 Hoekom verskil die skryftaal en die spreektaal en hoekom is daar ook verskille in die uitspraak van die spreektaal?

Stem jy saam dat dit goed is om spraakklanke te identifiseer, op te teken en te beskryf, maar dat dit nie sinvol is as dit slegs daarom gaan nie? Vir die taalkundige is dit belangrik om ondersoek in te stel en uit te vind wie artikuleer wat, hoe, waar, wanneer en (moontlik ook) waarom en hoe dit vroeër uitgespreek is.

Vir 'n bepaalde segment, die opeenvolging van segmente of 'n woord of woordgroep is daar meer as een uitspraak. Die verskillende uitspraakvorme kan toegeskryf word aan 'n verskeidenheid faktore en daarom word 'n onderskeid tussen primêre en sekondêre vorme gemaak.

Die klankkontinuum kan in segmente – dit is die spraakklanke of fone – ontleed word. Elke foon kan met 'n skrifteken of simbool voorgestel word en dit word 'n fonetiese teken genoem. **Fonetiese tekens word tussen kantige hakies [] geplaas** om dit van gewone skriftekens te onderskei. **Gewone skriftekens of grafeme word tussen pylhakies < > geplaas.** Die tekens wat ons gebruik, is van die IPA-stelsel (*International Phonetic Association*).

In die volgende tabel (tabel 2.1) kry jy voorbeelde van konsonante en vokale in woorde, die fonetiese transkripsie van die spesifieke letters, asook verklarende aantekeninge oor klankvorming by sommige van die letters.

Tabel 2.1: Die Afrikaanse fonetiese alfabet

KONSONANTE

WOORD	FONETIESE TRANSKRIPSIE	NOTAS
botter, band	[b]	Albei die lippe vorm die vernouing en die kort onderbreking van die lugstroom, gevolg deur 'n kort ontploffinkie om hierdie stemhebbende eksplisief te vorm.
dak, dief	[d]	Die punt van die tong druk teen die bo-tandkas om hierdie stemhebbende eksplisief te vorm.
fiets, offer, vra, vyf	[f]	'n Vernouing word gevorm deur die onderlip teen die botande te plaas om hierdie labiodentale frikatief te vorm.
berge, gholf,	[g]	Hierdie <g>-klank word nie heel agter in jou keel uitgespreek nie. Dit klink meer soos 'n <gh>-klank as soos 'n growwe <g>-klank.

WOORD	FONETIESE TRANSKRIPSIE	NOTAS
gentleman	[dʒ]	Die woord word presies dieselfde as die Engelse woord (met dieselfde spelling) uitgespreek. Dit is dieselfde klank as in die woord 'jellie'. Hierdie klank kom ook voor in die Kaapse Afrikaanse uitspraak in woorde soos <i>djy</i> en <i>djulle</i> .
gaaf, chaos, grond	[x]	Hierdie klank word agter in die keel gevorm – as jy die klank uitspreek voel jy hoe jou stembande vibreer.
gee, geld, gieter	[ç]	Die klank word min of meer in die middel van jou mond gevorm; dit is nie agter in jou keel soos die <g> in 'grond' nie. Jou stembande vibreer ook nie as jy hierdie klank uitspreek nie.
hand, hoed, geleentheid	[ɦ]	Hierdie klank word gevorm deur die tongblad wat teen die sagte verhemelte druk.
julle, jas, boeie, jaar	[j]	Die <i> klank in 'boeie' word as [j] uitgespreek.
jellie	[dʒ]	Dit is dieselfde klank as in die woord 'gentleman'.
koop, kas, takke	[k]	
kies, stoeltjie, handjie	[c]	Hierdie is 'n stemlose palatale sluitklank. Met ander woorde, dit word nie so ver agter in die keel gevorm soos die [k]-klank nie. Die vorm van jou mond is ook platter as jy hierdie klank uitspreek.
lemoen, loop, lam	[l]	
man, mot, mat	[m]	
nag, man, henne	[n]	
bank, bang	[ŋ]	Die <n> en die <g> word saam uitgespreek. Die klank is 'nasaal', m.a.w. dit word in jou nasale resonansieruimte gevorm.

WOORD	FONETIESE TRANSKRIPSIE	NOTAS
handjie, bandjie, endjie	[ŋ]	Hier word die <n> soortgelyk aan die [ŋ] uitgespreek, maar die klank word op 'n ander plek gevorm. Sê die woorde 'bank' en 'bang' vir jousef. Sê daarna die woord 'bandjie'. Jy sal voel en hoor dat die twee klanke op verskillende maniere en plekke gevorm word.
pos, palm, paal	[p]	
roos, rand, rys	[r]	Hierdie stemhebbende triller word gevorm deurdat die punt van die tong teen die bo-tandkas/alveolum geplaas word. Die uitstromende lug word 'n paar keer onderbreek. Die tongpunt is die aktiewe artikulator, wat teen die alveolum tik.
Die <r> in roos, rand, rys wanneer iemand bry.	[R]	Wanneer iemand die <r>-klank bry, tril sy/haar kleintongetjie en nie die tongpunt nie. Die Bolanders is veral bekend vir hulle bry-R.
sap, stad, son, dasse	[s]	
tak, taal, toe, hand	[t]	
tjek, tjommie	[tʃ]	Affrikate is saamgestelde konsonante. Die bekendste is die aanvangskluster van woorde soos <i>tjek</i> en <i>tjommie</i> . Affrikate word gevorm deur 'n plofklank gevolg deur 'n homorgane frikatief. Dié tipe konsonante kom meer in Engels en Duits voor.
Tzaneen, tsetse, tsotsi	[ts]	
water, wolk, weer	[v]	Hierdie klank is 'n stemhebbende dentale (of labiodentale) frikatief.
Die <w> in twak , twee , dwaal ,	[w]	Hierdie klank is 'n voorbeeld van 'n glyer . Glyers word ook halfvokale genoem: die segmente word amper soos vokale geartikuleer, maar tree fonotagmaties soos konsonante op. [w] is 'n stemhebbende bilabiale glyer.
zebra, Zoeloe	[z]	

WOORD	FONETIESE TRANSKRIPSIE	NOTAS
VOKALE		
kan, sal, tak	[a]	Hierdie kort vokaal is 'n lae voorvokaal.
vra, raak, smaak, take	[a:]	Hierdie lang vokaal is 'n lae agtervokaal.
eet, wrede, predikant	[e]	Alhoewel die woord 'eet' 'n dubbelvokaal het, word die klank nie so lank uitgespreek soos die dubbelvokaal in byvoorbeeld 'weet' nie.
weet, skeer, leer	[e:]	
is, pit, se, wit, begaan	[ə]	
sê, hê, skêr, pers	[ɛ:]	
ek	[ɛ] / [æ]	Die <e>-klank in die woord 'ek' kan op twee maniere uitgespreek word: 1. Met 'n [ɛ] soos in die woord 'het'. 2. Met 'n [æ] – hierdie klank is soortgelyk aan die <a> klank in die Engelse woord <i>bat</i> .
familie	[i]	
oom, olik, oos	[o]	Alhoewel die woord 'oom' en 'oos' 'n dubbelvokaal het, word die klank nie so lank uitgespreek soos die dubbelvokaal in byvoorbeeld 'hoor' nie. Vokale voor die klank [r] is altyd lang vokale.
boor, verloor, hoor	[o:]	
gons, dons	[õ:]	Hierdie fonetiese transkripsie kry 'n tilde op die <o>. Mens spreek nie werklik die [n] in hierdie woorde uit nie en daarom word die tilde by die vokaal voor die [n] gevoeg. Die [n] sal dan ook nie getranskribeer word nie: gons = [xõ:s].
otter, kos, of	[ɔ]	
môre, bors, dors	[ɔ:]	
put, stut, skud, rug	[œ]	
brûe, rûe	[œ:]	Die <u>-klank in hierdie woorde is nie dubbelvokale nie, maar die klank word as 'n lang klank uitgespreek en daarom word die dubbelpunt agter die klank bygevoeg in 'n transkripsie.

WOORD	FONETIESE TRANSKRIPSIE	NOTAS
u, nuut, minuut	[y]	Alhoewel die woorde 'nuut' en 'minuut' 'n dubbelvokaal het, word die klank nie so lank uitgespreek soos die dubbelvokaal in byvoorbeeld 'uur' nie. Vokale voor die klank [r] is altyd lang vokale.
uur, huur, mure	[y:]	
DIFTONGE (TWEETLANKE)		
aitsa, baie, handjie	[ai]	
raaisel, draai, waai	[a:i]	
lied, fiets, diens	[i]	
mier, dier versier	[i:]	
geut, beneuk, neus, deur	[ø]	
neurie	[ø:]	
oes, woës, voet, hoed	[u]	
boer, vloer, sloer	[u:]	
oud, koud, ou, blou, vrou	[ou] / [œu]	
ui, suip, kruip, lui, duif	[œy] / [œi]	
rooi, mooi, gooi	[oi]	Hierdie klank het 'n soortgelyke struktuur aan die klank in woorde soos 'draai' en 'waai', maar die klank word nie lank uitgespreek nie en daarom word geen dubbelpunt by hierdie transkripsie gevoeg nie.
moeite, roei, broei, koei	[ui]	
eeu, meeu, leeu, sneeu	[eu] / [iu]	
otjie, toilet, toing	[ɔi]	
ys, eis, kyk, lei, by	[əi]	

LET WEL:

- Lang klanke (gewoonlik dubbelvokale) word altyd met 'n dubbelpunt (:) aangedui in fonetiese transkripsies. **Die dubbelpunt moet op die klank volg** – dit kan **nie voor** die klank staan **nie**. Byvoorbeeld: *weet* = [ve:t] **MAAR** *weet* ≠ [v:et]
- By <aai>-klanke word die dubbelpunt (:) na die lang klank geplaas: [a:i]

Om seker te maak jy verstaan die onderskeid tussen primêre en sekondêre vorme, asook die foniese verbande wat tussen vorme onderskei word, raadpleeg die dokument wat gelaai is op: **myUnisa, Additional Resources, Leereenheid 2 – Tekens vir segmente in die spraakklankstroom en foniese prosesse.**

Kyk nou of jy die volgende aktiwiteit kan voltooi.

Aktiwiteit 2.4

Die volgende is 'n voorbeeld van 'n foniese proses (metatesis) waar die **primêre vorm** (woordeboekvorm) en die **sekondêre vorm** (spreektaalvorm) in gewone skrif en in fonetiese skrif gegee word in Tabel 2.2:

Tabel 2.2: Metatesis: **primêre en sekondêre vorm** in gewone skrif en in fonetiese skrif

METATELISIS/SEGMENTVERSFRINGING	GEWONE SKRIF	FONETIES
Primêre vorm:	plesier	[pləsi:r]
Sekondêre vorm:	pelsier	[pɛlsi:r]

2.4.1 Lees nou die volgende weergawe van 'n greep uit die spreektaal. Vind 'n voorbeeld van elk van die foniese prosesse en voltooi daarna die tabel 2.3:

Hêk nie vi djulle gasê moenie kirjink innie pat innie hê? Djulle soek djulle eie doed, wil djulle doed wies hê? So dis daarie bloed gawies ek wiet, ek moet nout dou ek het vi Djakop se liefgehad meneer Got troos sy siel moet hom gatrou hettie, kôssit wassie wyn gawies meneer sê ek die dop oppie plaas in sy bloed meneer en nawieke oppie dorp Got troos sy siel innie kantien o Here meneer

(Uit: *Klein Kytie* – Adam Small)

Tabel 2.3: Vokaalverhoging in gewone skrif en foneties

FONETIESE PROSES	GEWONE SKRIF	FONETIES
1. Vokaalverhoging	Gewone skrif	Foneties
Primêre vorm:		
Sekondêre vorm:		
2. Vokaalverlaging	Gewone skrif	Foneties
Primêre vorm:		
Sekondêre vorm:		
3. Klisis	Gewone skrif	Foneties
Primêre vorm:		
Sekondêre vorm:		
4. Volkome progressiewe assimilasië	Gewone skrif	Foneties
Primêre vorm:		
Sekondêre vorm:		

2.4 Fonetiese transkripsie

Ons het reeds met die erkende simbole of fonetiese tekens vir klanksegmente in die spraakklankstroom in paragraaf 2.3 van hierdie leereenheid kennis gemaak. Dink jy dat jy nou gereed is om 'n fonetiese transkripsie aan te pak?

'n Fonetiese transkripsie kan noukeurig/eng of breed wees. 'n Noukeurige transkripsie reflekteer die fynste fonetiese besonderheid en is feitlik identies aan die oorspronklike spraakklankstroom. 'n Breë fonetiese transkripsie beteken nie dat die transkripsie onnoukeurig is nie, maar dit gee nie rekenskap van bepaalde fynere fonetiese detail (bv. sekondêre artikulasies, klemtoon en intonasie) nie. 'n Breë fonetiese transkripsie is voldoende vir die doeleindes van hierdie module.

Voordat jy met die fonetiese transkripsie begin, is dit belangrik om die volgende faktore in Tabel 2.4 in gedagte te hou:

Tabel 2.4: Faktore en verduideliking met betrekking tot fonetiese transkripsie

FAKTORE	VERDUIDELIKING
Kantige hakies:	<p>'n Fonetiese simbool en 'n fonetiese transkripsie moet altyd tussen kantige hakies [] geplaas word, byvoorbeeld: [b]; [t]. As ons 'n woord transkribeer, plaas ons die woord tussen kantige hakies, byvoorbeeld: <i>rat</i> [rat]. As ons 'n sin of paragraaf transkribeer, plaas ons 'n kantige hakie aan die begin en aan die einde van die sin of paragraaf. Elke woord word nie tussen kantige hakies geplaas nie.</p>
Verkeerde tekens:	<p>'n Tipiese foutiewe transkripsie is om bv. <i>hond</i> as [hond] te transkribeer. Let op die volgende:</p> <p>[h] is stemloos en geaspireerd (met uitaseming). [h] kom in Engels voor maar nie in Afrikaans nie. Die teken vir die klanksegment in Afrikaans is [ɦ]. Laasgenoemde klank is 'n stemhebbende ongeaspireerde glyer. Die stemhebbende [ɦ] word deur sy stertjie bo van sy stemlose teenhanger [h] onderskei.</p> <p>[o] is die geronde middelhoë agtervokaal en kom voor in <i>boom</i>. Die vokaalklank wat in <i>hond</i> gehoor word, is die geronde middellae agtervokaal, nl [ɔ].</p> <p>[d] is die stemhebbende apiko-alveolêre sluitklank. Ons het reeds in hierdie leereenheid bespreek dat simbole aan klanksegmente toegeken word en dat die soort klanksegmente, naamlik stemhebbendes, nooit aan die woordeinde (ook nie aan die sillabeinde) voorkom nie. In Afrikaans kom op dié plek net stemlose sluitklanke en frikatiewe voor. Die slotsegmente in <i>hond</i> moet dus die stemlose apiko-alveolêre sluitklank [t] wees. Die korrekte fonetiese transkripsie van <i>hond</i> is dus [ɦɔnt].</p>
Belangrike verskille tussen die ortografie vir Afrikaans en fonetiese transkripsie:	<p>Die beginsels van die gewone ortografie vir Afrikaans – soos saamgevat in die Afrikaanse Woordelys en Spelreëls (AWS) – geld NIE vir 'n fonetiese transkripsie nie. Let op na die volgende:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Geen hoofletter word gebruik nie. In 'n fonetiese transkripsie word 'n hoofletter slegs gebruik as dit 'n simbool is vir 'n bepaalde klanksegment soos [R] die fonetiese simbool is vir een tipe bry-r. • Geen leestekens word gebruik nie. Pouses word in fonetiese transkripsie met behulp van skuinsbalkies aangedui: <p>[/]: vir 'n kort pouse soos by 'n komma [/]: vir 'n lang pouse soos by 'n punt</p>

	<ul style="list-style-type: none"> Die gewone ortografie maak gebruik van dubbele lettertekens soos in <i>onmiddellik</i>, <i>boom</i>, <i>bomme</i>. Die beginsel van <i>een klank</i>, <i>een teken</i> – <i>geen klank</i>, <i>geen teken</i> geld vir 'n fonetiese transkripsie: <ul style="list-style-type: none"> <i>onmiddellik</i> [ɔnmədələk] of [ɔmədlək] <i>boom</i> [bo:m] <i>bomme</i> [bɔmə] <i>arm</i> [arəm] <i>sing</i> [səŋ] Afkortings (bv. <i>mnr.</i>) en syfers (bv. jaartalle soos 2016) kom nie in fonetiese transkripsie voor nie, maar wel soos wat dit uitgespreek word: <ul style="list-style-type: none"> <i>mnr.</i> [mənə:r] Sorg dat die volgende diakritiese teken korrek gebruik is: <ul style="list-style-type: none"> [ě] soos in [mě:s] (mens) [ã]/[ã] soos in [dã:s]/[dã:s] (dans) Die fonetiese tekens is drukskriftekens en nie tekens uit die lopende skrif nie.
--	--

Werk nou deur die volgende **voorbeeld van 'n fonetiese transkripsie** voordat jy die transkripsie in Aktiwiteit 2.5 aanpak.

Niemand het nog ooit regtig na my geluister nie. Met my geboorte, toe ek my eerste skree gegee het om my bestaan aan te kondig, was die dokter reeds buite in die gang en op pad na die volgende bevalling. Dit was volmaan en elke kamer op daardie verdieping was vol vroue in kraam. Miskien het my ma my skree gehoor alhoewel sy later vertel het sy was gedaan en het op die plek aan die slaap geraak toe ek uit was en die dokter sê: “'n Dogter. Welgeskape.” Die kraamsuster het bygevoeg: “Nog 'n dogter,” want sy en Ma was bevriend. Maar ook sy was haastig om my gewas en toegedraai te kry sodat sy kon gaan help by die volgende bevalling. Pa was nie by nie. In daardie dae was dit nog nie mode nie. 'n Man het sy vrou by die hospitaal afgelaai en aangery na sy werk. Omdat Pa nie gerook het nie, kon hy nie soos 'n karakter in 'n strokiesprent in die wagkamer op en af loop en die asbak stadig maar seker met stompies vul nie. Buitendien was ek die derde kind.

(*Die kwart-voor-sewe-lemie* – Eleanor Baker)

[nimant hət nɔx oit rɛxtəx na məi xəlœistər (xəlœystər) ni // mət məi xəbo:rtə / tu ek məi e:rstə skreu (skriu) xəxe hət ɔm məi besta:n an tə kɔndəx / vas di dɔktər rɛts bœitə (bœytə) ən di xɑŋ ən ɔp pat na di fɔlxəndə bəfaləŋ // dət vas fɔlman ən ɛlkə kamər ɔp da:rdi fərdipərŋ vas fɔl frœuə (frouə) ən kra:m // məskin hət məi ma: məi skre xəfo:r əlfu:vəl səi latər fərtəl hət səi vas xəda:n ən hət ɔp di plək a:n di sla:p xəra:k tu ek œit (œyt) vas ən di dɔktər sɛ / ə dɔxtər // vɛlxəska:pə // di kra:msœstər hət bəixəfux / nɔx ə dɔxtər / vant səi ən ma: vas bəfrind // ma:r ok səi vas fɑ:stəx ɔm məi xəvas ən tuxədra:i tə krəi sodat səi kɔn xa:n hɛlp bəi di fɔlxəndə bəfaləŋ // pa:vas ni bəi ni // ən da:rdi da:^hə vas dət nɔx ni modə ni // ə man hət səi frœu (frou) bəi di hɔspɛta:l əfgəla:i ən a:nxərəi na səi vɛrk // ɔmdat pa: ni xərok hət ni / kɔn hɛi ni sos ə karaktər ən ə strokisprɛnt ən di vaxkamər ɔp ən af lop ən di əsbak stɑ:dəx ma:r sɛkər mət stɔmpis fœl ni // bœitəndin (bœytəndin) vas ek di dɛrdə kənt //]

Aktiwiteit 2.5

2.5.1 Die voorafgaande oefening behoort jou te help om tipiese foute in jou transkripsie te vermy. Transkribeer nou die volgende teks foneties.

Ons loop elke dag in die bos rond om te kyk hoe die voëls hul nessies bou en te sien hoe die bome daagliks groener word. Dis 'n groot plesier om die voëls se bedrywighede dop te hou, maar 'n mens moet versigtig wees sodat hulle nie skrik en kwetterend wegvlieg nie. Die bome is soos potplante: gee hulle net genoeg water en hulle groei byna voor jou oë. 'n Opwindende ervaring.

(Uit: Carstens, 2011: 297)

Terugvoer op aktiwiteit 2.5.1

Toets die korrektheid van jou transkripsie. Lees dit 'n paar keer hardop. As jy tevrede met jou transkripsie is, kan jy jou antwoord vergelyk met die modelantwoord wat gelaai is op: **myUnisa, Additional Resources, Leereenheid 2 – Fonetiese transkripsie vir Aktiwiteit 2.5, Vraag 2.5.1.**

2.5.2 Jy het pas geoefen om 'n geskrewe teks te transkribeer. Dit bring ons by die transkripsie van 'n luisterteks. Luister na die radiodrama wat gelaai is op: **myUnisa, podcasts, Leereenheid 2 – Radiodrama.** Transkribeer die eerste 15 sinne. Sodra jy tevrede is met jou transkripsie is jy welkom om dit op *myUnisa* op die gespreksforum met jou medestudente te deel. Dit bied julle die geleentheid om julle transkripsies te vergelyk en te bespreek.

2.5 Fonologie: klank- en betekenisonderskeid

Kom ons fokus nou op watter spraakklank jy moet gebruik om woorde en betekenis te onderskei en watter prosedure jy moet volg om die essensiële spraakklank/foneem wat verantwoordelik is vir woord- en betekenisonderskeid te vind.

In teenstelling met die bestudering van klank as spraakklank wat deur die fonetiek behartig word, fokus die fonologie daarop om vas te stel hoe klanke aangewend word om betekenis oor te dra.

Bestudeer vervolgens die inligting wat gegee word in die dokument wat gelaai is op: **myUnisa, Additional Resources, Leereenheid 2 – Fonologie.** Nadat jy hierdie gedeelte deurgewerk het, kan jy dadelik wegval met die beantwoording van die aktiwiteit wat volg. Hierdie dokument verklaar sekere sleutel terme wat nuttig sal wees wanneer jy kennis maak met die middele wat in die klankmedium van taal bestaan om betekenis oor te dra en om woorde te onderskei en wanneer jy hierdie middele moet identifiseer.

Aktiwiteit 2.6

2.6.1 Voltooi die volgende tabel deur verklarende aantekeninge vir sleutel terme te maak.

Tabel 2.5: Verklarende aantekeninge oor sleutel terme

SLEUTELTERME:	VERKLARENDE AANTEKENINGE
allofone	
fone	
foneme	
bo-segmentele foneme	
kern- en randfoneme	
supra-segmentele foneme	
fonotagma	
spreiding	
samevallende spreiding; defektiewe spreiding en onderling uitsluitende spreiding	
mutasieproef	
vervangingsproef	
segmente	
spraakklankkontinuum	
vrye variasie	

2.6.2 Verduidelik kortliks wat jy onder **kombinatoriese variante** of **allofone** verstaan. Verduidelik aan die hand van 'n geskikte voorbeeld.

2.6.3 Die skryftaal (of ortografie) is nie 'n *presiese weergawe van die spreektaal* nie. Is hierdie stelling **waar** of **vals**? Motiveer jou antwoord.

2.6 Tyd vir refleksie

Jy het in hierdie leereenheid nadere kennis gemaak met fonetiek en fonologie en jy mag dalk nou wonder hoe jy hierdie kennis vorentoe in jou loopbaan of lewe kan toepas of gebruik. Jy mag dalk ook vra hoe fonetiek en fonologie in die wêreld inpas.

Redigering, vertaling, tolking, kopieskryf, kreatiewe skryfwerk, taalonderrig en -opleiding, teks- of dokumentontwerp, tegniese skryfwerk, reklame, uitsaaiwese, uitgewerswese, leksikografie, forensiese taalkunde, mediawerk en kommunikasie – is enkele van die vele beroepe waar hierdie inligting en kennis handig te pas kom en 'n noodsaaklike voorvereiste is.

Daar is vele ander beroepe in hierdie verband waaraan ons kan dink. 'n Oudioloog is byvoorbeeld 'n professionele persoon wat 'n praktyk bedryf om gesonde gehoor- en kommunikasievermoëns te bevorder deur die voorkoming, identifikasie, assessering en rehabilitasie van gehoor en ouditielike funksies.

Wat van 'n spraak-taalterapeut? Die beoefening van spraak-taalpatologie fokus op kommunikasie, gekose verandering van kommunikasiegedrag en die versterking van kommunikasie. Kyk gerus ook na die bespreking van moontlike beroepe in die leereenhede oor Semantiek en Morfologie.

2.7 Om op te som

In Leereenheid 2 het ons fonetiek en fonologie gedefinieer. Kan jy vinnig 'n paar kernbegrippe wat bespreek is, herroep? Ons het verder gefokus op die verskille tussen skryftaal en spreektaal, asook die verskille in uitspraak. Voorts het ons die wyse waarop die klankmedium van taal met skrif voorgestel word – dit is met 'n fonetiese transkripsie – verken. Ons het die leereenheid afgesluit met 'n bespreking van die studieveld van die Fonologie, naamlik om vas te stel hoe klanke aangewend word om betekenis oor te dra.

2.8 Verwysings

Baker, E. 1988. *Die kwart-voor-sewe-Ielie*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Carstens, WAM. 2011. *Norme vir Afrikaans. Enkele riglyne by die gebruik van Afrikaans*. Pretoria: Van Schaik.

Carstens, WAM & Bosman, N. (Reds.) 2014. *Kontemporêre Afrikaanse taalkunde*. Pretoria: Van Schaik.

Rietveld, T & Van Heuven, VJ. 2009. *Algemene fonetiek*. Bussum: Coutinho.

Small, Adam. 1985. Klein Kytie. In: De Vries, Abraham H. *Die Afrikaanse kortverhaalboek*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Wissing, D. 2012. Akoestiese analise van die vokale van 'n groep bejaarde Afrikaanse vroue. *LitNet Akademies*, 9(3): 322–360.

LEEREENHEID

3

Morfologie

3.1 Inleiding

Dink aan jou gunsteling boek. Op elke bladsy is daar paragrawe. Elke paragraaf bestaan uit sinne. Elke sin bestaan uit woorde. En elke woord? Waaruit bestaan die woorde wat sinne en uiteindelik paragrawe vorm? Jy sal dalk opmerk dat sekere woorde uit twee verskillende woorde bestaan, byvoorbeeld: *rekenaarskerm* (rekenaar + skerm) of *boekrak* (boek + rak). Jy sal ook dalk opmerk dat sommige woorde uit 'n volledige woord en nog 'n "deeltjie" bestaan, byvoorbeeld: *werker* (werk + -er) of *beplanning* (be- + plan + -ing). Miskien het jy selfs aan 'n woord soos *skilpad* gedink en gewonder of jy die woord in *skil* en *pad* kan verdeel.

Bogenoemde aspekte van woorde word in die **morfologie** ondersoek en bestudeer. Die volgende definisies mag dalk die begrip "morfologie" vir jou duideliker maak:

Die morfologie bestudeer die sistematiek agter die vorm, funksie en betekenis van woorde, d.w.s. die reeks ooreenkomste (en verskille) tussen bepaalde woorde se vorme, parallelle grammatiese funksies en parallelle betekenis

(Combrink, 1990: 13).

Die morfologie het betrekking op die woord, sy besondere struktuur asook die prosesse wat nuwe woorde tot stand kan bring (soos afleidings en samestellings)

(Carstens, 2011: 76).

Dié definisies sê vir ons dat morfologie eintlik die basiese "boustene" van die taal bestudeer. Dit beteken dat morfologie ons help om te verstaan hoe woorde aanmekaargesit word. Elke woord word opgebou uit verskillende dele. Hierdie dele kan volledige woorde of kleiner woorddele wees. Wanneer jy morfologies na woorde kyk, ondersoek jy die manier waarop woorde gebou word en ook die verskillende reëls wat by die bou van woorde geld.

In hierdie leereenheid gaan ons nie net probeer om jou begrip van morfeme uit te brei nie, maar ons gaan ook fokus op die identifisering van verskillende affikse en stamme asook simplekse en komplekse woorde. Daar is ook geleentheid vir jou om self woorde morfologies te ontleed.

UITKOMSTE

Die uitkomste van hierdie leereenheid is om jou as student in staat te stel om die morfologiese struktuur van woorde te kan analiseer, verskillende konsepte binne die morfologie te begryp en te verstaan hoe verskillende soorte morfeme gebruik kan word in die verstaan van die betekenis van woorde, spellingkwessies en die uitbreiding van die Afrikaanse woordeskat.

Verskeie aktiwiteite word by hierdie leereenheid ingesluit om jou deur die hoofstuk te lei. Die aktiwiteite word ingesluit om jou kennis van morfologie te ontwikkel en jou voor te berei vir die werkopdragte en die eksamen.

Aktiwiteit 3.1

Die hoofstuk oor morfologie waarop hierdie leereenheid gebaseer is, is as 'n e-reserwe op *myUnisa* gelaai; kyk na **Hoofstuk 6: Morfologie**. Hier word deurentyd na die bepaalde hoofstuk verwys.

3.2 Hoe werk woorde?

Ons het reeds genoem dat woorde op verskillende maniere uitmekaargehaal en aanmekaargesit kan word. Woorde bestaan uit verskillende woorddele, elkeen met 'n bepaalde funksie.

Vir 'n definisie van die konsep *woord* kan jy **Hoofstuk 6: Morfologie, afdeling 4.1: “Morfeem en woord”** lees, **wat as e-reserwe opgelaai is.**

Wanneer jy 'n begrip het van hoe woorde werk, is dit moontlik om nuwe woorde (**neologismes**) te skep. Neologismes kan geskep word deur 'n nuwe woord uit te dink of deur reeds bestaande woorde op te breek en dan 'n nuwe woord uit die woorddele te bou. Baie neologismes sal dalk nie meer vir jou soos nuwe woorde lyk nie, omdat jy dit al baie gebruik het, maar die volgende voorbeelde (meestal gebaseer op Engels) is alles woorde wat aanvanklik neologismes was en mettertyd deel geword het van die Afrikaanse leksikon (Pieterse, 2006: 82): *moltrein*, *spookasem*, *woonstel*, *sweetpak*, *spoedvraat*, *padwoede*, *borrelbad* en *tuimeldroër*. Is daar enige neologismes wat vir jou steeds vreemd lyk in Afrikaans?

3.2.1 Morfeme en lettergrepe

Enige woorde, of dit nou neologismes is of nie, bestaan uit **morfeme**. Morfeme is die “boustene” van taal en kan omskryf word as **'n woorddeel wat 'n konstante (of voorspelbare) klankvorm en betekeniswaarde het en wat nie self in kleiner betekenisvolle woorddele verdeel kan word nie** (Pieterse, 2006: 53).

Dit is baie belangrik om tussen morfeme en **lettergrepe** te onderskei. Lettergrepe is slegs 'n hulpmiddel in spelling en dra nie betekenis nie, terwyl morfeme wel betekenis dra. Die onderstaande tabel behoort die onderskeid vir jou duidelik te maak.

Tabel 3.1: Onderskeid tussen morfeme en lettergrepe

	“klankwisseling”
Morfeme	klank + wissel + ing
Lettergrepe	klank - wis - se - ling

Uit die tabel 3.1 is dit duidelik dat wanneer 'n woord in morfeme opgebreek word, die morfeme elk steeds 'n betekenis het. In die geval van die woord *klankwisseling* het die morfeme *klank*

en *wissel* elk 'n selfstandige betekenis, terwyl die suffiks *-ing* in hierdie geval gebruik word om 'n selfstandige naamwoord te vorm. By die lettergrepe word daar slegs betekenis aan die woord *klank* geheg; die res van die lettergrepe dra nie betekenis nie.

Lynch-Greenberg (2016) verduidelik die ooreenkomste en die verskille tussen morfeme en lettergrepe soos volg:

Morphemes and syllables are similar because they are both components of language that can stand individually or be combined to make words. However, the two are not synonymous. [...] A syllable is a unit of pronunciation with one vowel sound. Some words have just one syllable, while others are made up of multiple syllables. Unlike a morpheme, a syllable does not have to make meaning. For example: The word “responsible” has four syllables (re-spon-si-ble). However, the word “hat” has only one syllable. While “understanding” has four syllables (un-der-stand-ing), it has two morphemes (understand-ing); “happy” is a two syllable word (hap-py) but has one morpheme.

Aktiwiteit 3.2

Kyk of jy die aantal lettergrepe en morfeme van die woorde in die tabel 3.2 kan aandui. Twee voorbeelde is ingesluit om jou te help.

Tabel 3.2: Aantal lettergrepe en aantal morfeme

WOORD	AANTAL LETTERGREPE	LETTERGREPE	AANTAL MORFEME	MORFEME
<i>Beplanning</i>	3	<i>be-plan-ning</i>	3	<i>be - + plan + - ing</i>
<i>verbetering</i>	4	<i>ver-be-te-ring</i>	3	<i>ver - + beter + - ing</i>
onbegaanbaar				
kameras				
tafels				
hande				

3.2.2 Simplekse en komplekse

Aktiwiteit 3.3

Voor ons verder oor simplekse en komplekse gesels, moet jy eers die inligting in **Hoofstuk 6: Morfologie, afdeling 3: “Die terrein van die morfologie”** wat as **e-reserwe** opgelaaai is, bestudeer.

Kyk nou of jy die volgende aktiwiteit kan voltooi:

Aktiwiteit 3.4

Klassifiseer die volgende woorde as óf simpleks óf kompleks deur dit in die regte kolom van Tabel 3.3 te plaas:

perske, telefoonnommer, agterdeur, nagmerrie, vakansie, brilraam, herinner, rekenaar, skoene, hereksamen, waterbottelprop, werker. Twee voorbeelde is reeds ingevul om jou te help.

Tabel 3.3: Klassifikasie van woorde as óf simpleks óf kompleks

SIMPLEKS	KOMPLEKS
<i>luiperd</i>	<i>boekrak</i>

Dit is maklik om woorde as simplekse en komplekse te lys as jy onthou dat simplekse eenvoudige (“*simple*”) woorde is wat nie uit betekenisdraende morfeme opgebou is nie, terwyl komplekse (“*complicated*”) uit meer as een betekenisdraende morfeem bestaan. Wat merk jy op ten opsigte van die komplekse? Kan jy sien dat van hierdie komplekse nie uit twee volledige woorde bestaan nie, maar eerder uit ’n volledige woord en nog ’n “deeltjie”?

Kom ons kyk na die woord *werker*. Hierdie woord is opgebou uit die morfeme *werk* en *-er*. Ons weet wat die betekenis van die woord *werk* is, maar dit raak effens moeiliker as ons die morfeem *-er* probeer verduidelik. *-er* is nie ’n woord wat noodwendig sy eie betekenis dra nie, maar die morfeem beïnvloed en verander wel die betekenis van die woord *werk* wanneer dit aan die woord geheg word. Die werkwoord *werk* verander in ’n selfstandige naamwoord, naamlik *werker*, deur die toevoeging van die morfeem *-er*.

By 'n woord soos *hereksamen* vind 'n ander proses plaas. Hier verander die woordsoort nie as ons die morfeem *her-* met *eksamen* verbind nie. Alhoewel die woorde *eksamen* en *hereksamen* albei selfstandige naamwoorde is, dra die twee woorde nie dieselfde betekenis nie. Die morfeem *her-* verander dus die betekenis van die woord *eksamen* na “'n eksamen wat **weer** plaasvind”. Kom ons ondersoek nou hierdie verskynsels in meer besonderhede.

3.2.2a Suffikse, prefikse en stamme

Ten eerste moet ons 'n naam voorsien vir die konsep wat ons tot dusver net “deeltjie” genoem het. Die “deeltjie” waarna verskeie kere verwys is, word 'n **affiks** genoem en word deur Van Huyssteen (2017: 189) gedefinieer as 'n “**oorkoepelende benoemer**” wat **gebruik word vir afhanklike komponente wat “verplichtend aan 'n stam moet verbind en wat nooit die meeste semantiese gewig in 'n kompleks dra nie**”. Dit beteken dat 'n affiks altyd aan 'n stam moet verbind en nie alleen in 'n sin kan funksioneer nie. Verskillende affikse verbind verskillend aan 'n stam. 'n **Prefiks** word voor aan 'n stam gevoeg terwyl 'n **suffiks** agter aan 'n stam gevoeg word. 'n **Ambifiks** verbind gelyktydig aan *weerskante* van 'n stam (raadpleeg ook die hoofstuk wat as e-reserwe opgelaa is: **Hoofstuk 6: Morfologie, afdeling 4.3.2: "Affikse"**).

Aktiwiteit 3.5

Stamme kan verdeel word in **vrye stamme, afhanklike stamme en gereduseerde stamme**. Raadpleeg **Hoofstuk 6: Morfologie, afdeling 4.2: “Onafhanklike eenhede”** wat as **e-reserwe** opgelaa is.

Aktiwiteit 3.6

Hierdie aktiwiteit kan gebruik word om te toets of jy die inligting oor die suffikse, prefikse en stamme verstaan.

Kyk mooi na die woorde in die tabel 3.4. Dui in die tabel aan uit watter affikse en stamme die woorde opgebou is:

**Voorbeelde is vir jou ingevul om jou te help.*

Tabel 3.4: Affikse en stamme waaruit woorde opgebou is

Woord	Prefiks	Suffiks	Ambifiks	Vrye stam(me)	Afhanklike stam(me)	Gereduseerde stam(me)
Gebergte			ge ... te	berg		
Bemannig	Be-	-ing		man		
Boekrak				Boek + rak		
Bosagtig						
Tafelpoot						
Vibreer						
Rekenaarskerm						
Skools						
Slaapkamers						
Agterdeurslot						
Herontdekking						
Admingebou						
Gemotiveerd						

3.2.2b Verbindingsklanke

Kom ons kyk weer na die opsies wat by die tabel in aktiwiteit 2 ingesluit is. Hoe sou jy die volgende woorde in die tabel plaas: *handwoordeboek* en *perdestal*?

As ons die eerste woord as voorbeeld gebruik, sou ons dit soos volg kon aandui:

Hand (stam) + *woord* (stam) + *boek* (stam).

Het jy opgelet dat die “e” tussen *woord* en *boek* nie by die ontleding ingesluit is nie? Hierdie e word tog by die oorspronklike woord aangetref, so dit moet deel uitmaak van die ontleding. Hierdie e word ’n **verbindingsklank** genoem en verbind twee stamme wat ’n “oorgang” of verbinding vereis. Jy sal hoor dat as jy die bogenoemde woorde sonder die verbindingsklank uitspreek die uitspraak van die woord moeiliker is. **Verbindingsklanke is nie morfeme nie.** Dit beteken dat die verbindingsklanke nie soos affikse optree nie. Die woord *handwoordeboek* is met ander woorde ’n samestelling en nie ’n samestellende afleiding nie.

3.2.2c Affikse: funksies en semantiese waarde

In die voorafgaande paragraaf 3.2.2b het ons reeds genoem dat affikse die betekenis van 'n stam kan verander. Ons het gesien dat die werkwoord *werk* na die selfstandige naamwoord *werker* verander deur die suffiks *-er* by die stam te voeg.

Pieterse (2006: 64) merk op dat ons, deur affikse by stamme te voeg of deur affikse te verwyder, die woordsoort van die stam kan verander. Dit noem ons die **kategoriale funksie** van affikse. Hierdie funksie beteken dat die affiks gebruik word om woorde as lede van 'n bepaalde woordsoortklas te merk.

Affikse het vier kategoriale funksies (Pieterse, 2006; Van Huyssteen, 2017):

1. substantiveerders / nominaliseerder (selfstandige naamwoordvormers)
(byvoorbeeld: Die **-ing** in die woord *bemannig* is 'n substantiveerder omdat dit die werkwoord *beman* in 'n selfstandige naamwoord verander.)
2. adjektiveerders (byvoeglike naamwoordvormers)
(byvoorbeeld: Die **-lik** in die woord *moederlik* is 'n adjektiveerder omdat dit die selfstandige naamwoord *moeder* in 'n adjektief verander.)
3. verbaliseerders (werkwoordvormers)
(byvoorbeeld: Die **be-** in die woord *beman* is 'n verbaliseerder omdat dit die selfstandige naamwoord *man* in 'n werkwoord verander.)
4. adverbaliseerders (bywoordvormers)
(byvoorbeeld: Die **-abel** in die woord *respektabel* is 'n adverbaliseerder want dit verander die selfstandige naamwoord *respek* in 'n adverbium.)

Let asseblief daarop dat daar vir opdrag- en eksamendoeleindes net op die eerste drie kategoriale funksies gefokus sal word.

As ons weer na die voorbeeld *werker* kyk, kan ons nou sê dat die suffiks *-er* 'n substantiveerder is omdat dit die werkwoord (*werk*) in 'n selfstandige naamwoord (*werker*) verander.

Affikse dra in isolasie feitlik geen betekenis nie, maar sodra 'n affiks aan 'n stam verbind om 'n gelede woord te vorm, verkry die affiks wel betekenis. Pieterse (2006: 65) noem dat dit belangrik is om daarop te let dat die stam waarmee die affiks verbind, grootliks verantwoordelik is vir die verskillende **semantiese waardes** (betekeniswaardes) van die affiks. Die semantiese waarde van die suffiks *-eer* verskil byvoorbeeld in die volgende woorde: *protesteer* ("protes aanteken"), *blameer* ("blaaam gee"), *telefoneer* ("telefoon gebruik") en *adresseer* ("van 'n adres voorsien").

Pieterse (2006: 66) tref 'n onderskeid tussen die semantiese waarde en **semantiese funksie** van affikse. By die laasgenoemde voorbeelde word die betekeniswaarde van die suffiks *-eer* tussen hakies genoem. In woorde soos *hipersensitief* en *bebou* het die prefikse elkeen 'n unieke semantiese waarde wat hulle van mekaar onderskei, maar hierdie prefikse deel dieselfde semantiese funksie, naamlik dat hulle intensivering in Afrikaans uitdruk.

Aktiwiteit 3.7

Probeer om die **semantiese waarde** van elk van die volgende affikse te bepaal in Tabel 3.5. Jy kan 'n verklarende woordeboek gebruik om jou te help. Twee voorbeelde is ingesluit.

Tabel 3.5: Bepaal die semantiese waarde van die volgende affikse.

Affiks	Semantiese waarde
<i><u>h</u>erskryf, <u>h</u>ersien</i>	<i>“iets weer / opnuut doen”</i>
<i><u>k</u>inder<u>ag</u>tig, <u>b</u>os<u>ag</u>tig</i>	<i>“soos”/ “soos ’n”</i>
<u>o</u> ndoeltreffend, <u>o</u> nafhanklik	
bankro <u>t</u> skap, beters <u>k</u> ap	
<u>b</u> esproet, <u>b</u> espikkel	
werker <u>e</u> , bakker <u>e</u>	
eiend <u>o</u> m, heilig <u>o</u> m	

3.2.2d Komplekse: Samestellings, afleidings, samestellende afleidings en samestellende samestellings

Ons het reeds genoem dat woorde as “simplekse” of “komplekse” gekategoriseer kan word. Komplekse kan egter ook verder in vier kategorieë verdeel word, naamlik: samestellings, afleidings, samestellende afleidings en samestellende samestellings.

Vir aanvullende inligting kan jy gerus die volgende, wat as **e-reserwe** opgelaai is, lees: **Hoofstuk 6: Morfologie, afdeling 4.3.2: “Affikse” en afdeling 5.1: “Kombinasieprosesse”** (tot voor afdeling 5.1.3).

Samestellings is baie maklik om te identifiseer. 'n Samestelling bestaan uit twee of meer stamme wat sonder affikse aan mekaar verbind. Vir voorbeelde van samestellings wat deur vrye stamme, afhanklike stamme of gereduseerde stamme gevorm word, kan jy **Hoofstuk 6: Morfologie, afdeling 5.1.2 “Samestelling”** bestudeer wat as **e-reserwe** opgelaai is. Wanneer 'n stam of meer as een stam met 'n affiks (of affikse) verbind, word die woord wat gevorm word 'n **afleiding** genoem. Die affikse kan prefikse, suffikse of ambifikse wees.

Dit is belangrik om op te let dat daar 'n verskil tussen **afleiding** en **fleksie** is (Van Huyssteen, 2017: 190). Soos reeds genoem, word afleiding beskou as 'n woordvormingsproses waar nuwe woorde gevorm word deur die toevoeging van affikse tot 'n stam. Fleksie word egter beskou as 'n proses wat 'n aantal vorme van dieselfde woord tot gevolg het. Dit beteken dat fleksie nie lei tot die vorming van nuwe woorde nie, maar eerder tot variasies van dieselfde woord. Afleidings het ook elk hul eie inskrywings in die woordeboek (omdat elke afleiding 'n nuwe woord is) terwyl dit nie die geval met geflekteerde vorme van woorde is nie. Ons sal byvoorbeeld die woorde *bewerk* en *werker* as twee verskillende woorde beskou, maar

tafeltjie en *tafels* nie. Verder sal jy oplet dat fleksie nie die woordsoortkategorie van 'n woord verander nie, terwyl afleiding die woordsoort van 'n woord kan verander.

Ons kan ook noem dat afleidings 'n semantiese funksie, semantiese waarde en kategoriale funksie het terwyl fleksie slegs 'n semantiese funksie het.

Aktiwiteit 3.8

Kyk of jy die volgende aktiwiteit kan voltooi. Plaas elk van die volgende woorde in die korrekte kolom in die onderstaande Tabel 3.6: *moegheid*, *honde*, *lelikste*, *bepierking*, *interessanter*, *babatjie*, *ondankbaar*, *skynheiligheid*.

Tabel 3.6: Woorde wat pas onder Afleiding of Fleksie

AFLEIDING	FLEKSIE

Vir die doeleindes van hierdie leereenheid groepeer ons egter fleksiemorfeme as suffikse en sal ons nie verder 'n onderskeid tref tussen afleidings en fleksie nie.

Wanneer samestellings en afleidings gekombineer word, word **samestellende afleidings** gevorm. 'n Samestellende afleiding is met ander woorde 'n woord wat bestaan uit 'n samestelling en 'n afleiding. Kom ons kyk na die woord "hereksamenlokaal". Hierdie woord bestaan uit 'n samestelling (eksamen + lokaal) en 'n afleiding (her- + eksamen), daarom kategoriseer ons die woord as 'n samestellende afleiding.

Die laaste tipe kompleks wat ons ondersoek, is die **samestellende samestelling**. Pieterse (2006: 60) meen dat samestellende samestellings met gewone samestellings ooreenkom "vir sover hulle gevorm word deur die kombinasie van twee basisse (affikse uitgesluit)" en meen verder dat samestellende samestellings ook met samestellende afleidings ooreenkom "vir sover een van die basisse met 'n sintaktiese stuk korreleer". Om dit eenvoudig te stel kan samestellende samestellings beskou word as samestellings deur middel van samestellings.

Samestellende samestellings bestaan gewoonlik uit 'n byvoeglike naamwoord + 'n selfstandige naamwoord + 'n selfstandige naamwoord (Carstens, 2011: 216). Vergelyk die volgende voorbeelde op p. 196:

blou (b.nw) + oog (s.nw) + kind (s.nw)
hoë (b.nw) + hak (s.nw) + skoen (s.nw)

Maar, ander kombinasies kom ook voor:

onder (voors) + water (s.nw) + kamera (s.nw)

Die maklikste manier om samestellende samestellings te identifiseer is om die woord in 'n stukbasis en 'n stam te verdeel, byvoorbeeld:

blou-oog + kind
vuurspuwende + berggids

Aktiwiteit 3.9

Toets jousef om te sien of jy die verskillende komplekse korrek kan kategoriseer. Plaas die volgende lys van woorde in die regte kolom in Tabel 3.7:

ontdekkingsreis, bestuursvergadering, perdestal, toelating, kookboek, benoem, grondbedekking, onrustigheid, intensiewesorgeenheid, woonstelblokparkeerterrein, motorsleutel.

'n Paar voorbeelde is ingesluit.

Tabel 3.7: Woorde wat pas onder Samestelling / Afleiding / Samestellende afleiding
Samestellende samestelling

Samestelling	Afleiding	Samestellende afleiding	Samestellende samestelling
<i>sakebrief</i>	<i>vroulik</i>	<i>kleingeestig</i>	<i>vierslaapkamerhuis</i>

In paragraaf 3.2 het ons ondersoek ingestel na die wyse waarop woorde werk. Ons het vasgestel dat woorde uit verskillende morfeme bestaan en dat woorde as simplekse of komplekse gekategoriseer kan word. Ons het bepaal dat komplekse woorde uit vier verskillende kategorieë bestaan en dat die verskillende woorde in hierdie kategorieë uit verskillende affikse en stamme opgebou word.

Kom ons oorweeg nou hoe die morfologie inskakel by ander aspekte van taalstudie voor ons begin om woorde morfologies te ontleed.

3.3 Morfologie: tussen vorm en betekenis

Van Huyssteen (2017: 180–183) noem dat taal 'n **vorm-betekenisstelsel** het. Die vorm van die taal word die **fonologiese pool** genoem en bestaan uit klanke en letters. In Leereenheid 2 word hierdie stelsel van die taal ondersoek. Die betekenisstelsel van 'n taal kan ook die **semantiese pool** genoem word en verteenwoordig die mentale beeld van die woord. (Die betekenisstelsel word in meer detail in Leereenheid 6 bespreek.)

Hierdie twee sisteme hou nou verband met woorde. Wanneer jy 'n woord of woorde lees of hoor, vind twee prosesse plaas. In die eerste plek herken jy die woord as 'n opeenvolging van klanke of letters. Dit beteken dat jy die woorde se fonologiese struktuur herken. In die tweede plek skep die herkenning van 'n woord dadelik 'n mentale beeld van dit wat die woord voorstel of beskryf. Van Huyssteen gebruik die woord *swem* as voorbeeld. Die fonologiese struktuur van *swem* is [swɛm] (kyk Leereenheid 2 vir meer inligting oor fonetiese spelling) en die mentale beeld wat jy kry as iemand die woord *swem* sê, is dalk iemand wat in 'n swembad baljaar of mense wat lengtes swem. Dit beteken dat jy geen woord kan verstaan sonder om die vormstelsel en betekenisstelsel van die woord in ag te neem nie.

In hierdie leereenheid gaan ons egter net op woorde en die struktuur van woorde fokus.

3.4 Morfologiese konstruksies

Dit is belangrik om, voor ons na morfologiese konstruksies kyk, kortliks te hersien wat ons tot dusver ontdek het. Ons het gesien dat woorde uit verskillende morfeme bestaan. Party woorde bestaan uit twee of meer volledige woorde terwyl ander woorde uit twee of meer volledige woorde en 'n prefiks of suffiks bestaan.

In morfologie is dit soms nodig om die struktuur van 'n woord te illustreer. Dit gee vir ons duidelikheid oor die morfeme waaruit 'n bepaalde woord bestaan en hoe hierdie morfeme met mekaar verbind. Daar is verskeie maniere waarop die struktuur van 'n woord uiteengesit kan word. Ons gaan twee maniere oorweeg. Die eerste uiteensetting is redelik eenvoudig en sal vir die doeleindes van hierdie leereenheid as die “+-metode” bekend staan. Die tweede uiteensetting sal as die “boomdiagrammetode” bekend staan.

3.4.1 Die +-metode (plus-metode)

Die +-metode word gewoonlik in handboeke gebruik en volg 'n baie eenvoudige patroon. Wanneer hierdie metode gebruik word, word die woord in sy morfeme opgebreek en 'n “+” word tussen die morfeme geplaas om aan te dui dat die morfeme aan mekaar verbind. As ons die woord *swembadjie* ontleed, sal die morfologiese ontleding volgens die +-metode soos volg lyk: *swem* + *bad* + *jie*. Die verskillende morfeme word dan benoem, byvoorbeeld: *swem* (vrye stam) + *bad* (vrye stam) + *jie* (suffiks).

Dieselfde kan met die volgende woorde gedoen word:

rekenaarskerm: *rekenaar* (vrye stam) + *skerm* (vrye stam)

eetkamertafellaai: *eet* (vrye stam) + *kamer* (vrye stam) + *tafel* (vrye stam) + *laai* (vrye stam)

oerwoud: *oer* (prefiks) + *woud* (vrye stam)

vliegtuigbeheertoring: *vlieg* (vrye stam) + *tuig* (afhanklike stam)¹ + *beheer* (vrye stam) + *toring* (vrye stam) + *s* (suffiks)


foonnommer: *foon* (gereduseerde stam) + *nommer* (vrye stam)

¹. In hierdie konteks maak “-tuig” die tweede deel van die samestelling uit en beteken “al die onderdele, benodighede om iets te verrig” (*Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* – 5de uitgawe).


3.4.2 Die boomdiagrammetode

Die uiteensetting wat deur middel van die boomdiagrammetode gedoen word, is soortgelyk aan die uiteensetting wat in sintaksis gebruik word om sinne te ontleed (kyk Leereenhede 4 en 5). Boomdiagramme word ook soms “stukbeelde” genoem. Vir ’n verduideliking van die boomdiagrammetode lees **Hoofstuk 6: Morfologie, afdeling 3: “Die terrein van die morfologie”** wat as **e-reserwe** opgelaai is. Die afkortings wat deur Van Huyssteen gebruik word in die boomdiagram is: V (*verb* / werkwoord), N (*noun* / selfstandige naamwoord), DIM (*diminutive* / verkleining) en PL (*plural* / meervoud).

Van Huyssteen (2017: 175) gebruik die boomdiagrammetode om die woord *swembadjie* soos volg te ontleed:



Hierdie uiteensetting dui ook vir ons aan watter morfeme eerste met mekaar verbind wanneer woorde gevorm word. Dit is duidelik dat die woord *swembadjie* uit *swembad* en *-jie* bestaan terwyl *swembad* weer uit die vrye stamme *swem* en *bad* bestaan. Dit is ook duidelik dat *swem* en *bad* eerste met mekaar verbind voor die suffiks *-jie* bygevoeg word. Met ander woorde, *swembad* en *-jie* vorm die woord *swembadjie* en nie, byvoorbeeld, *swem* en *badjie* nie. Om die verskillende morfeme aan te dui kan die boomdiagram soos volg aangepas word:



Vir die doeleindes van hierdie leereenheid word slegs suffikse wat verkleining of meervoud aandui in die boomdiagram geïdentifiseer as [DIM] (verkleining) en [PL] (meervoud). Die res van die suffikse word net as suffikse benoem. Raadpleeg die voorbeelde by Aktiwiteit 3.5.

Aktiwiteit 3.10


Gebruik die +-metode en die boomdiagrammetode om die volgende woorde morfologies te ontleed. Voorbeelde is ingesluit.

boekwinkel, werksomgewing, woonstelblokparkeerterrein, bemanning.

Voorbeelde:


3.10.1 werkersklas

werk (vrye stam) + *-er* (suffiks) + *s* (verbindingsklank) + *klas* (vrye stam)




3.10.2 kantoordeure

kantoor (vrye stam) + *deur* (vrye stam) + *e* (suffiks)



3.10.3 *beplan*

be- (prefiks) + *plan* (vrye stam)



3.5 Woordvormingsreëls

Wanneer ons ondersoek instel na die manier waarop gelede woorde deur die toevoeging van affikse gevorm word, sien ons dat affikse **morfologies produktief** of **morfologies onproduktief** kan wees. Volgens Pieterse (2006: 62–63) sluit affikse wat as morfologies produktief beskou word *be-*, *-ing*, *ont-* en *ver-* in. Woorde word voortdurend met behulp van hierdie affikse geskep. Die suffiks *-t* (*vaart*, *buurt*, *teelt*) en die ambifiks *on...-s* (*ondanks*, *onverhoeds*, *onverwags*) is voorbeelde van affikse wat morfologies onproduktief is. Hierdie affikse word nie meer produktief in Afrikaans gebruik nie, wat beteken dat woorde nie meer met behulp van hierdie affikse gevorm word nie. Pieterse (2006: 63) verwys ook na die “*-in-vorme*” in Afrikaans. Dit sluit woorde soos *boerin*, *godin*, *gravin* en *heldin* in. Volgens Pieterse is daar ongeveer 47 *-in-vorme* in Afrikaans, maar die prosedure om morfologies te vervroulik, is besig om onproduktief te raak.

In paragraaf 3.4.2 is reeds genoem dat woorde op ’n sekere manier met mekaar verbind. In die woord *swembadjie* verbind *swem* en *bad* eers met mekaar voor die suffiks *-jie* bygevoeg word. Woordvormingsreëls (WVRs) kan geformuleer word om ons te help om sulke afleidingsprosesse makliker te omskryf.

’n WVR gee, volgens Pieterse (2006: 70), met behulp van hakiesnotasies ’n eenvoudige beskrywing van ’n afleidingsproses.

Kom ons gebruik die woord *bewerk* as voorbeeld.

Die WVR vir *bewerk* sal soos volg lyk:

[werk] → [be- + [werk]]

Die WVR dui aan dat die woord *bewerk* gevorm is deur die affiks *be-* aan die stam *werk* te heg. Aan die linkerkant van die pyl word die stam van die afleiding aangedui en regs van die pyl word die resultaat verskaf van die aanhegting van die affiks.

WVRs kan ook gebruik word om veralgemenings oor ’n hele morfologiese paradigma saam te vat. Pieterse (2006: 70) gebruik die affiks *-baar* om laasgenoemde stelling te illustreer. Die affiks *-baar* verbind met werkwoordstamme om ’n adjektief te vorm, byvoorbeeld: *eetbaar*, *breekbaar*, *hoorbaar*.

Die WVR vir die affiks *-baar* sal soos volg lyk:

[X]w → [[X]w + -baar] ADJ

Die reël moet so gelees word: “die affiks *-baar* verbind met werkwoordelike stamme, dit is [X]w, en die resultaat is dan ’n afleiding bestaande uit die stam plus affiks, wat as geheel tot die kategorie adjektief behoort” (Pieterse, 2006: 70).

Die WVRs kan ook gebruik word om die betekenis van ’n woord aan te dui. As ons die woord *eetbaar* as voorbeeld gebruik, kan ons sê dit beteken “wat geëet kan word”. Ons kan die werkwoord vervang met X en die algemene betekenis verander dan na “wat ge-X kan word”. Hierdie betekenis geld vir elk van die bogenoemde voorbeelde (“wat geëet kan word”, “wat gebreek kan word”, “wat gehoor kan word”).

Die volledige WVR vir die affiks *-baar* sal dan soos volg lyk:

[X]w → [[X]w + -baar] ADJ dws. “wat ge-X kan word”

Aktiwiteit 3.11

Kyk nou weer na die semantiese waarde van die affikse wat in Aktiwiteit 3.3 genoem is. Kan jy WVRs uitwerk vir die volgende affikse: *-er* (*werker / bakker*), *her-* (*herskryf / hersien*), *on-* (*ondoeltreffend / onafhanklik*)?

Voorbeeld:

-skap (*bankrotskap / beterskap*)

[X] ADJ/ADJ → [[X] ADJ/ADJ + -skap] N

(die affiks *-skap* verbind met adjektiewe of adverbialia om *nomina*/selfstandige naamwoorde te vorm)

dws

“toestand van ... wees”

3.6 Woordeskatuitbreiding

Van Huyssteen (2017: 196) is van mening dat die prosesse van nuutskepping en wysigings nie sentraal staan tot die bestudering van die morfologie van ’n taal nie. Dit is egter steeds baie belangrik om kennis te neem van hierdie prosesse.

Aktiwiteit 3.12

Lees gerus **Hoofstuk 6: Morfologie, afdeling 5: “Morfologiese komposisiestrukture”** wat as **e-reserwe** opgelaa is, vir meer inligting oor hierdie prosesse.

Woordvormingsprosesse vind op verskillende maniere plaas. Van Huyssteen (2017: 190) verwys na die prosesse as kombinasieprosesse, reduksieprosesse, omskakelingsprosesse en versmeltingsprosesse.

Aktiwiteit 3.13

Lees **Hoofstuk 6: Morfologie, afdeling 5.1: “Kombinasieprosesse”** (tot voor afdeling 6) wat as **e-reserwe** opgelaai is, vir volledige inligting oor die prosesse waarna Van Huyssteen verwys.

Let daarop dat affiksering, samestelling, samestellende afleiding en samestellende samestellings reeds bespreek is. Van Huyssteen kategorieer hierdie prosesse onder kombinasieprosesse.

3.7 Om op te som

In Leereenheid 3 het ons die morfologie bestudeer. Ons het gesien dat woorde op verskeie maniere aanmekaargesit word. Party woorde kan nie in kleiner betekenisdraende morfeme verdeel word nie (simplekse) terwyl ander woorde uit 'n kombinasie van stamme en affikse bestaan (komplekse) wat morfologies ontleedbaar is. Komplekse word gekategoriseer as afleidings, samestellings, samestellende afleidings en samestellende samestellings. Elkeen van hierdie komplekse word op 'n spesifieke manier gevorm.

Ons het verskillende tipes affikse bestudeer wat tot stamme kan verbind en gesien dat elk van hierdie affikse verskillende funksies en semantiese waardes het. Ons het voorts twee metodes ondersoek wat gebruik kan word om die struktuur van 'n woord te illustreer: die +-metode en die boomdiagrammetode. Albei hierdie metodes dui vir ons aan hoe morfeme met mekaar verbind om woorde te vorm, maar die boomdiagrammetode illustreer ook in watter volgorde die morfeme met mekaar verbind. Laastens is woordvormingsreëls kortliks bespreek. WVR's maak dit vir ons moontlik om te verduidelik hoe die toevoeging van die affiks die betekenis van die woord verander.

3.8 Morfologie en die beroepswêreld

Nadat jy hierdie leereenheid voltooi het, mag jy dalk wonder hoe jy jou kennis van morfologie in 'n toekomstige beroep kan toepas. 'n Paar moontlikhede word hier genoem.


- ♦ **Skrywers:** Dit maak nie saak of jy 'n roman, 'n kortverhaal of 'n gedig skryf nie, skrywers moet kennis dra van die morfologie om woorde korrek en op kreatiewe maniere te gebruik.
- ♦ **Redigeerders:** 'n Grondige kennis van taalkunde, wat natuurlik ook morfologie insluit, is nodig wanneer jy as 'n redigeerder werk. Jy moet woorde wat verkeerd gebruik (of gespel) word, kan identifiseer en die fout(e) kan regstel.
- ♦ **Joernalistiek:** Dieselfde kennis wat vir skrywers geld, geld ook vir joernaliste. Alhoewel jy in 'n ander genre werk as iemand wat byvoorbeeld gedigte skryf, moet jy steeds kennis van morfologie en sintaksis hê.
- ♦ **Beroepe in die politieke diens:** Dit is miskien 'n beroepsveld waaraan jy nie gedink het nie, maar daar is mense wat toesprake vir presidente en ministers skryf. Kennis van die morfologie sal veral hier handig wees, aangesien die individue wat hierdie toesprake skryf, hulle woorde baie versigtig moet kies.

- ♦ **Forensiese linguistiek:** Forensiese linguistiek is 'n baie jong onderzoekveld in Suid-Afrika, maar daar is definitief groeipotensiaal. Forensiese linguistiek bestaan uit verskeie onderafdelings. Jy sal byvoorbeeld fonetiek en fonologie (Leereenheid 2) kan gebruik wanneer jy ondersoek in sprekeridentifikasie doen, en jou kennis van morfologie sal gebruik kan word indien jy 'n analise in outeuridentifikasie aanpak.
- ♦ **Mensliketaaltechnologieë (Human Language Technologies, HLT):** HLT beteken dat kennis van menslike taal (wat kennis van die fonetiek, morfologie, sintaksis en semantiek kan insluit) gebruik word om rekenaarstelsels te ontwikkel wat menslike taalvorme kan erken, verstaan, interpreteer en genereer (DAC, 2006). Hierdie sisteme kan gebruik word in toepassings soos elektroniese vertalingsagteware en speltoetsers.

3.9 Verwysings

- Carstens, WAM. 2011. *Norme vir Afrikaans. Enkele riglyne by die gebruik van Afirkaans*. Vyfde uitgawe. Pretoria: Van Schaik.
- Carstens, WAM en Bosman, N. (Reds.) 2017. *Kontemporêre Afrikaanse taalkunde*. 2de uitgawe. Pretoria: Van Schaik.
- Combrink, JGH. 1990. *Afrikaanse morfologie: Capita exemplaria*. Pretoria: Academica.
- Department of Arts and Culture, 2006. *Human Language Technologies (HLT) National Strategy*, Department of Arts and Culture, Pretoria, South Africa.
- Lynch-Greenberg, J. 2016. Is a morpheme synonymous with syllable?
<http://classroom.synonym.com/morpheme-synonymous-syllable-3974.html> (geraadpleeg op 05/04/2016).
- Pieterse, HJ. 2006. Morfologie. In: Landman, KJH, Pieterse, HJ en Swanepoel, PH. (Reds.) 2006. *Afrikaanse grammatika*. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.
- Van Huyssteen, GB. 2017. Morfologie. In: Carstens, WAM en Bosman, N. (Reds.) 2017. *Kontemporêre Afrikaanse taalkunde*. 2de uitgawe. Pretoria: Van Schaik.

Sintaksis (1): Woordsoorte



4.1 Inleiding

In die direk voorafgaande leereenhede het jy sistematies begin kennis maak met die boustene van die grammatika van Afrikaans. Ons het eers gekyk na die klanke van Afrikaans (die fonetiek) en daarna het ons voortbeweeg na hoe woorde gevorm word (die morfologie). In hierdie eenheid kyk ons hoe sinne gevorm word (die sintaksis).

Aktiwiteit 4.1

Lees die volgende vier sinne en besluit of dit as grammatikale sinne beskou kan word of nie. Merk die sinne wat jy dink ongrammatikaal is met 'n asterisk (*).

1. *Del ofr halqraai ena gmstr ne vurr libmord bla.*
2. *Eth pomasciron fo eth ests fo atad stgesgus ghesminot fenidfetr?*
3. *MPXBB AHKDM AZHCT QVAFP TGCKZ*
4. *IchhabekeineAhnungwovonSiereden.*

UITKOMSTE

Daar word van jou as student verwag om woorde in kombinasie as klouse, frases of eenvoudige en komplekse sinne te identifiseer, te ontleed en te beskryf.

Teen hierdie tyd wonder jy miskien: Wanneer is 'n sin 'n grammatikale sin?

In hierdie leereenheid gaan ons poog om vir jou 'n deeglike oorsig van die Afrikaanse sintaksis te probeer skets. Die belangrikste studiemateriaal vir die afdeling Sintaksis is Leereenheid 4 en Leereenheid 5 wat 'n volledige uiteensetting gee van die sintaksis.

In hierdie leereenheid gaan ons veral kyk hoe Afrikaanse woorde in verskillende woordsoorte verdeel word en hoe woorde verbind tot sinstukke. In Leereenheid 5 fokus ons op hoe sinstukke verbind tot enkelvoudige sinne en hoe enkelvoudige sinne uitgebrei kan word tot saamgestelde sinne.

Ons weet dat die sintaksis geen maklike onderwerp vir studente is nie, maar dit hoef nie so te wees nie. Ons gaan in hierdie leereenheid stapsgewys aan jou verduidelik hoe sinne gevorm word. Aan die einde van hierdie leereenheid sal jy 'n nuwe insig hê in die struktuur en funksie van die Afrikaanse sin. Jy sal hierdie nuut verworwe insig op 'n baie praktiese manier kan gebruik, soos om jou eie kommunikatiewe vermoëns te verbeter, om 'n sintaktiese ontleding te kan maak van die baie tekste waarmee jy elke dag van jou lewe gekonfronteer word, of om met insig allerlei sintaktiese probleme te ontleed en met sinvolle oplossings vorendag te kom.

Die inhoud van hierdie leereenheid is veral gebaseer op die volgende standaardwerk oor die Afrikaanse sintaksis:

- Poneis, FA. 1979. *Afrikaanse sintaksis*. Pretoria: Van Schaik.

en 'n nuwe, aanvullende bron:

- Carstens, WAM en Bosman, N. (Reds.) 2017. *Kontemporêre Afrikaanse taalkunde*. Tweede uitgawe. Pretoria: Van Schaik.

Ons wil jou aanraai om veral in bogenoemde bron te belê. Jy kan hierdie aanbevole boek raadpleeg as jy meer inligting oor die verskillende aspekte van die sintaksis wil hê.

As jy hierdie leereenheid deurgewerk het, behoort jy ten opsigte van die sin te kan aandui uit watter woordsoorte elke sin opgebou is.

4.2 Wat is "sintaksis"?

Wat verstaan jy onder "sintaksis"? Kan jy 'n definisie gee van "sintaksis"? Watter ander sinonieme word gebruik vir die term "sintaksis"?

Kom ons kyk vervolgens na die betekenisonderskeidings van die begrip "sintaksis" soos dit in die *HAT* (2015: 1138) verskyn:

sin-tak-sis *s.nw.* [geen mv.] (*taalk.*)

1. leer van die sinsbou of van woordgroepe in 'n sin; sinsgroepleer; woordgroepleer.
2. handboek oor sinsbou; 'n sintaksis skryf. [**Grieks *sun* saam + *tassein* rangskik**]

Wat behels die sintaksis dan? Sintaksis het te make met hoe woorde kombineer om sinne te vorm. Woorde kombineer egter nie sommer op enige manier nie – die taal het 'n spesifieke struktuur. En dit is hierdie struktuur waarop ons gaan fokus.

Ons het hierdie leereenheid begin met sinne wat jy moes beoordeel in terme van hul grammatikaliteit. Die aanvanklike vraag was: Wat maak 'n sin? Kom ons kyk weer na elke sin in aktiwiteit 4.1.

1. *Del ofr halqraai ena gmstr ne vurr libmord bla.** is brabbeltaal.
2. *Eth pomasciron fo eth ests fo atad stgesgus ghesminot fenidfetr?** is bloot die skommeling van die letters van die volgende sin: *The comparison of the sets of data suggests something different.*
3. *MPXBB AHKDM AZHCT QVAFP TGCKZ* is die werklike gekodeerde teks van die Duitse Enigma-masjien wat tydens die Tweede Wêreldoorlog gebruik is (wat *Some Potentially Useful Information* beteken).
4. *Ich habe keine Ahnung wovon Sie reden.** moet op sy korrekte Duits lui: *Ich habe keine Ahnung wovon Sie reden (Ek het geen benul waarvan jy [u] praat nie).*

Dit is duidelik dat **betekenis** van kardinale belang is om te bepaal wat as 'n "sin" gesien word.

Vir die meeste van julle sal 'n groot deel van die sintaksis wat hier behandel word, nie vreemd wees nie, omdat julle alreeds op skool daarmee kennis gemaak het in die afdeling sinsleer. Jy moes byvoorbeeld al op skool vertrou geraak het met 'n term soos "woordsoort" en met die verskillende woordsoorte wat ons onderskei (bv. naamwoord, werkwoord, adjektief, ens.). Ook terme soos die volgende behoort nie vir jou vreemd te klink nie: hoofsin, bysin, stelsin, bywoordelike bysin / adjunksin en betreklike bysin. Al hierdie terme het jy in sinsontleding gebruik om sinne en dele van sinne te onderskei en te benoem na hul **vorm** en **funksie**.

Dalk is dit goed om met 'n aktiwiteit te begin om jou bestaande kennis van die sintaksis te herroep. Doen eers Aktiwiteit 4.2.

Aktiwiteit 4.2

Kies uit die onderstaande lys woordsoorte in Tabel 4.1 en benoem dan die onderstaande woorde na hulle woordsoort:

Tabel 4.1: Woordsoorte

werkwoord, bepaalde lidwoord, onbepaalde lidwoord, voorsetsel, adjektief, adjunk/bywoord, soortnaam

- (a) *die*
- (b) *seun*
- (c) *stap*
- (d) *in*
- (e) *'n*
- (f) *donker*
- (g) *woud*

Terugvoer

Hoe het jy toe met bogenoemde aktiwiteit gevaar? Wat het jy oor jouself en jou kennis van die woordsoorte agtergekem?

Jy moet die woordsoort telkens so volledig moontlik benoem. Dit is goed en wel om die eerste woordsoort as 'n lidwoord (of determineerder) te benoem; om dit egter volledig te benoem, kan jy ook byvoeg dat dit 'n bepaalde lidwoord is (teenoor die onbepaalde lidwoord 'n (voorbeeld (e)). Dieselfde geld die res van die voorbeelde.

As jy nie te goed in bogenoemde aktiwiteit gevaar het nie, moet jy asseblief nie tou opgooi nie. In die volgende afdelings gaan ons sistematies na elke aspek van woordsoorte kyk.

4.3 Wat is die boustene van sinne?

Uit die voorafgaande leereenhede blyk dit duidelik dat al die woorde in Afrikaans onder 'n paar woordkategorieë tuisgebring kan word. Woorde word selde in isolasie gebruik. In sinne kombineer woorde eerstens met ander woorde van spesifieke woordkategorieë en tweedens in 'n spesifieke volgorde om groter eenhede (sinstukke) te vorm.

Hou jy nie by die taalreëls nie, sal jy onaanvaarbare of ongrammatikale sinne (gemerk met 'n '*') in Afrikaans vorm. As jy egter by die taalreëls hou, sal jy aanvaarbare of grammatikale sinne in Afrikaans vorm.

Aktiwiteit 4.3

Dui aan watter van die onderstaande sinne ongrammatikaal is en verduidelik kortliks waarom. Verwys in jou verklaring na die **woordsoorte** (Eng. "parts of speech") en na hulle **woordorde**.

- (a) *Dieter hou elke oggend van twee glase vars lemoensap vir ontbyt.*
- (b) *Dieter hou oggend van die elke glase vars lemoensap vir ontbyt.*
- (c) *Dieter hou elke oggend twee van vars glase lemoensap vir ontbyt.*

Wat is die hoofwoordkategorieë?

Alle woorde in Afrikaans kan in woordsoorte, woordkategorieë of woordklasse verdeel word. Ons kan 12 woordsoorte of -klasse onderskei. Hoeveel van die woordsoorte kan jy onderskei? Noem die woordsoorte wat jy ken en kyk of jy by onderstaande 12 kan uitkom.

In Afrikaans onderskei ons tussen die volgende hoofwoordkategorieë:

- naamwoord (nw.)
- werkwoord (ww.)
- adjektief (adj.)
- voorsetsel (vs.)
- lidwoord (lw.)
- telwoord (tw.)
- bywoord (bw.)
- graadwoord (grdw.)
- voegwoord (vgwrd.)
- vergelykingswoord (vglswrd.)
- ontkeningswoord (ontkw.)
- uitroep (uitr.)

Jy sal 'n glossarium van al die relevante "Sintaktiese terme" vind onder **myUnisa, Additional Resources, Leereenheid 4 – Glossarium van sintaktiese terme.**

Kyk nou of jy die woordsoorte kan identifiseer in die volgende aktiwiteit.

Aktiwiteit 4.4

4.4.1 In elkeen van die onderstaande kolomme behoort die woorde in elke kolom tot dieselfde woordsoort. Benoem die woordsoort waartoe die woorde van elke kolom behoort en gee dan twee of meer redes waarom elkeen van die woorde in elke kolom volgens jou tot die betrokke woordsoort behoort.

A	B	C
kinders	warm	koop
huis	lelikste	aanneem
bome	groter	verwarm

4.4.2 In die onderstaande kolomme is daar telkens 'n woord wat nie tot dieselfde woordsoort as die ander in elke kolom behoort nie. Dui eers aan watter woord nie tot die betrokke woordsoort van elke kolom behoort nie. Dui daarna aan tot watter woordsoort die ander woorde in die kolom behoort.

A	B	C
in	amper	'n
op	hier	die
oop	byna	altyd

Terugvoer

Wat is die onderskeidende kenmerke van woordsoorte?

Die vernaamste kenmerke wat vir die beskrywing van woordsoorte gebruik word, is

- ★ (klas)betekenis en/of verwysing/benoeming;
- ★ morfologiese eienskappe, en
- ★ sintaktiese spreiding (kombinasiemoontlikhede met ander woorde) of funksie.

Hierdie kenmerke kan verduidelik word aan die hand van die voorbeelde in die aktiwiteit hierbo. In die eerste aktiwiteit is die woorde van kolom A almal naamwoorde; dié in kolom B is adjektiewe en dié in kolom C is werkwoorde.

Wat is nou die onderskeidende kenmerke van elkeen van hierdie kategorieë? Die woorde in kolom A is almal naamwoorde wat as 'n klas die volgende onderskeidende kenmerke het:

- ★ 'n Naamwoord verwys na / benoem 'n entiteit (betekeniskenmerk).
- ★ Sommige van die naamwoorde (dws 'n subklas) neem 'n meervoudsuitgang (morfologiese kenmerk, byvoorbeeld: *kinders*).
- ★ Sommige naamwoorde kan met 'n lidwoord verbind (byvoorbeeld: *die kinders*).

Die woorde in kolom B is almal adjektiewe wat as 'n klas weer ander kenmerke as die kategorie naamwoorde het:

- ★ Adjektiewe benoem 'n kenmerk/attribuut/eienskap van 'n entiteit en soms ook van gebeurtenisse (byvoorbeeld: *'n mooi huis, eet stadig*) (= semantiese kenmerk).
- ★ Die meeste adjektiewe kan graad uitdruk met behulp van morfeme (byvoorbeeld: *lelik, leliker, die lelikste*) (= morfologiese kenmerk).
- ★ Sommige adjektiewe verbind met 'n graadbepaling (byvoorbeeld: *baie lelik*) (= valensiekenmerk).

Lelik in kolom 1B is dus 'n tipiese adjektief omdat dit aan al die onderskeidende kenmerke van adjektiewe voldoen.

Die woorde in kolom C is almal werkwoorde wat as 'n klas die volgende onderskeidende kenmerke het:

- ★ 'n Werkwoord verwys na/benoem 'n handeling wat deur 'n persoon uitgevoer word.

Werkwoorde verwys dus na handeling en hulle kan met hulpwerkwoorde verbind om tyd of modaliteit uit te druk.


Die onderwerp wat die werkwoord voorafgaan, verwys na die persoon of ding wat die handeling verrig of die entiteit waarvoor daar in die sin iets meegedeel word. Die direkte voorwerp wat weer op die werkwoord volg, is die stuk van die sin wat verwys na die persoon of ding wat die handeling, toestand of proses ondergaan wat deur die hoofwerkwoord aangedui word.

In die volgende gedeeltes volg die kenmerke van elkeen van die hoofkategorieë en die subkategorieë wat ons in Afrikaans onderskei. Wat jy vervolgens ook moet onthou, is dat die afsonderlike woordsoorte nie in isolasie bestaan nie. Elkeen van hulle tree in eenhede op, hetsy in die enkelvoudige sin of in die saamgestelde sin.

Ons gaan in die eerste plek na die naamwoord kyk.

4.3.1 **Naamwoorde**

Die naamwoordklas val uiteen in die onderstaande subkategorieë.



Ons gaan elkeen van die subkategorieë afsonderlik bespreek.

4.3.1a Die selfstandige naamwoorde (snwe.)

Aktiwiteit 4.5

Wat is selfstandige naamwoorde? Gee twee voorbeelde van selfstandige naamwoorde. Kyk na die lys woorde hieronder en identifiseer die selfstandige naamwoorde. Hoekom sê jy so?

dronk, liefde, motor, hardloop, woede, honde, bome, huise, vleis, koud, pyn

Terugvoer

Die kategorie snwe. verwys na persone, dinge (voorwerpe of objekte) of sake in die werklikheid. Konkrete naamwoorde (byvoorbeeld: *huis, boom, vleis, hond, motor*) verwys na / benoem tasbare of sigbare entiteite. Abstrakte naamwoorde (byvoorbeeld: *liefde, woede, pyn*) benoem nietasbare of abstrakte entiteite.

Ons tref in die skema hierbo 'n onderskeid tussen twee subkategorieë snwe.:

soortnaamwoorde (byvoorbeeld: *vrou, brief*)

massanaamwoorde (byvoorbeeld: *water, sand*)

♦ **Soortnaamwoorde**

Soortnaamwoorde het die volgende kenmerke:

Soortnaamwoorde word dikwels voorafgegaan deur 'n lidwoord: *die* of *'n* (*Die man ry*).

Soortnaamwoorde het meestal meervoude (*Die mans ry*):

♦ **Massanaamwoorde**

Massanaamwoorde verwys na nietelbare dinge (*water, sand, goud*).

Massanaamwoorde druk nie meervoud uit nie (*sand, goud*).

Aktiwiteit 4.6

4.6.1 In elkeen van die onderstaande sinne is daar 'n voorbeeld of voorbeelde van 'n soortnaamwoord. Dui telkens net die soortnaamwoord aan.

- (a) 'n Klein voëltjie vlieg in die lug.
- (b) My pragtige kind help my graag.
- (c) Sy is nou 'n groot meisiekind.
- (d) My swaer is nie vandag hier nie.
- (e) Die man het sy vrou baie lief.

4.6.2 In elkeen van die onderstaande sinne is daar 'n voorbeeld of voorbeelde van 'n massanaamwoord. Dui telkens die massanaamwoord aan.

- (a) Die seun wil nie sy melk drink nie.
- (b) Hy haal diep asem om die vars lug in te adem.
- (c) Die hele skare het angstig gewag dat die bul die matador moet gaffel.
- (d) Sowat van dapperheid het ek lanklaas gesien.
- (e) Die warrelwind het baie stof in die dorpie opgeskop.

4.3.1b Die voornaamwoorde (vnwe.)

Voornaamwoorde is 'n omvattende kategorie waarby ons verskillende subkategorieë onderskei. Die algemene kenmerk van dié kategorie as geheel is dat hulle as anafore van antesedente optree. Anafore vervang in sinne ander volledige(r) naamwoordstukke.

Byvoorbeeld: in die sin *Die outjie in die hoek het sy boek verloor.* is die vnw. *sy* die anafoor wat terugverwys na die stuk *Die outjie in die hoek*, wat die antesedent is.

Vnwe. verbind meestal nie met voorbepalings nie. Waar dit wel voorkom, is dit ongewoon, soos in:

[Die óú] hy is nie dieselfde as [die núwe] hy nie.

Naamwoorde kan uitgebrei word met voorbepalings (VBP's) of nabepalings (NBP's). Voorbepalings gaan aan 'n naamwoordkern vooraf; nabepalings volg op die kernnaamwoord.

Voorbepaling	Kern	Nabepaling
die	mense	
die bedorwe	kinders	van Humansdorp
'n baie befoeterde	Marie	
'n	skildery	van Picasso
'n	vel	met vlekke

Ons kan die kategorie vnwe. onderverdeel in die volgende subkategorieë:

◆ **Persoonlike voornaamwoorde**

Die persoonlike voornaamwoorde verwys na mense en word verdeel in dié wat 'n enkel persoon aandui en dié wat meerdere persone aandui. Verder word daar 'n onderskeid getref tussen die eerste, tweede en derde persoon en tussen manlike en vroulike voornaamwoorde. Hierbenewens het die voornaamwoorde wat die enkelvoud uitdruk, ook elkeen 'n verskillende vorm as hulle in die voorwerpsposisie in 'n sin gebruik word, byvoorbeeld: *Ek* eet my kos.

◆ **Besitlike voornaamwoorde**

Die kategorie besitlike voornaamwoorde dui besitting aan, byvoorbeeld: *Ek* eet *my* kos. Die kos is *myne*.

◆ **Wederkerende voornaamwoorde**

Die kategorie wederkerende voornaamwoorde kom in sinne voor waar die onderwerp en die voorwerp na dieselfde persoon verwys. Die voorwerpsvorm is dan 'n wederkerende voornaamwoord, byvoorbeeld: Marie vererg *haar*.

◆ **Onpersoonlike voornaamwoorde**

Die kategorie onpersoonlike voornaamwoorde (Eng. *impersonal pronouns*) staan teenoor die persoonlike voornaamwoorde wat ons hierbo onderskei het. Net een onpersoonlike voornaamwoord word in Afrikaans onderskei, naamlik *dit*, byvoorbeeld: *Dit* reën nou katte en honde.

♦ **Betreklike voornaamwoorde**

Die subkategorie betreklike voornaamwoorde staan aan die begin van betreklike bysinne en verbind met 'n voorafgenoemde antesedent, byvoorbeeld: Die man *wat* daar loop, is minister Gigali. Ander betreklike voornaamwoorde sluit gewoonlik in *wie, waarop, waarvan, wanneer*, ensovoorts.

♦ **Aanwysende voornaamwoorde**

Aanwysende voornaamwoorde kom meestal vóór selfstandige naamwoorde om 'n bepaalde entiteit te identifiseer teenoor ander moontlike lede van 'n kategorie, byvoorbeeld: *Hierdie/Daardie/Dié* boek sal jou help. (Die aanwysende voornaamwoord *dié* kry 'n aksentteken.)

♦ **Vraende voornaamwoorde**

Die vraende voornaamwoorde staan aan die begin van vraagsinne, byvoorbeeld: *Wie* klop daar? Ander vraende voornaamwoorde sluit in: *Wat? Wanneer? Hoe?*

♦ **Onbepaalde voornaamwoorde**

Die subkategorie onbepaalde voornaamwoorde verskil van die onpersoonlike voornaamwoord *dit* wat 'n niemenslike saak aandui. Die onbepaalde voornaamwoorde (*iemand, iets, niks, sommige*) het die kenmerk dat hulle verwysing onbepaald is, byvoorbeeld: *Iemand* praat in die straat.

Aktiwiteit 4.7

In elkeen van die onderstaande sinne is daar 'n voorbeeld of voorbeelde van 'n voornaamwoord. Dui telkens net die voornaamwoord aan en benoem dit dan so volledig moontlik.

- (a) Voel jy nie lekker nie?
- (b) Iemand is aangestel.
- (c) Dit is my boek.
- (d) Hulle ken mekaar baie goed.
- (e) Dit is my ideaal hierdie.

♦ **Eiename**

Onder die eiename val alle name van mense, plekke, dorpe, stede, lande, produkte, maande of dae van die week wat 'n bepaalde individu of entiteit benoem. Eiename begin altyd met 'n hoofletter, byvoorbeeld: *Gert, Spho, Tafelberg, Pretoria, Coca Cola*.

AKTIWITEIT 4.8

Lees die onderstaande sinne deur en voer dan die volgende opdrag uit.

Skryf al die naamwoorde (dus alle selfstandige naamwoorde, voornaamwoorde en eiename) neer wat in die volgende sinne voorkom en benoem hulle so volledig moontlik; byvoorbeeld: *voëls*: naamwoord: soortnaamwoord (en nie net "naamwoord" nie).

- (a) Ek het begin lag terwyl Bettina huil.
- (b) Sy kon nie Herman se astrartheid oor die voorval begryp nie.
- (c) Hy wag toe vir die skare om te bedaar en vir die vurige perd om met sy wedren te begin.
- (d) Dapperheid alleen is net nie voldoende nie.
- (e) Hulle kyk toe hoe hulle pa die bok volg.

Indien jy twyfel oor die woordsoort van 'n woord, raadpleeg 'n goeie Afrikaanse woordeboek. Die meeste van hulle dui die woordsoort van 'n woord aan.

Tyd vir refleksie:


Hierdie afdeling het met die "naamwoord" begin. Was dit vir jou maklik? Hierdie afdeling sowel as die ander afdelings wat hierna volg, kan as donkiewerk of papegaaierk beskou word. Maak die bestudering daarvan vir jou so aangenaam moontlik en vind unieke maniere om dit te doen. Jy kan dit wat jy reeds geleer het, oefen deur voorbeelde in koerant- of tydskrifartikels te soek. Jy kan ook op die internet bronne raadpleeg om die verduideliking van die naamwoord (en die res van die afdeling) vir jou duideliker te maak.

Vervolgens gaan ons na die werkwoord kyk.

4.3.2 Werkwoorde

Die werkwoorde is 'n omvattende kategorie. In Afrikaans vorm die hoofwerkwoord die kern van die sintaktiese eenheid wat ons die sin of 'n klous noem. 'n Enkelvoudige sin is 'n sin met een hoofwerkwoord. Sinne met meer as een hoofwerkwoord is saamgestelde sinne.

Die hoofipes werkwoorde kan skematies soos volg aangedui word:



4.3.2a Hoofwerkwoorde (hwe)

Die hoofwerkwoorde as kategorie word in die volgende subkategorieë verdeel:

- Onoorganklike werkwoorde (Won.), byvoorbeeld: *gesels, sing, slaap, huil*
- Oorganklike werkwoorde (Woor.), byvoorbeeld: *haal* (die vroeë bus); *beskuldig* (die man) *versprei* (die manifes); *bestudeer* (die padkaart)
- Koppelwerkwoorde (Wkop.), byvoorbeeld: *is* (splinternuut); *lyk* (dolgelukkig); *voel* (goed); *word* ('n ingenieur)
- Voorsetselwerkwoorde (Wvs.), byvoorbeeld: *hou* (van koedoebiltong); *ruik* (na leer); *grens* (aan domastrandheid); *slag* (onder die hoenders)
- Refleksiewe/wederkerende werkwoorde (Wrefl./Wwed.), byvoorbeeld: *vererg* (haar); *begewe* (hom) *verlustig* (jou); *misreken* (hom)
- Assisterende (stut)werkwoorde, byvoorbeeld: *laat* (val die bal); *kom/gaan* (haal die kinders)
- Omskrywingswerkwoorde (Womskr.), byvoorbeeld: *is* (gesnoei); *word* (opgesit)

Die verskillende soorte hoofwerkwoorde word van mekaar onderskei op grond van hulle betekenis en/of sintaktiese verbinding met ander soorte stukke.

Oorganklike werkwoorde

Die oorganklike werkwoorde dui 'n handeling aan waarin 'n agens een of ander voorwerp betrek. Die agens (handelende persoon of entiteit) is in 'n sin gewoonlik die onderwerp en die entiteit wat by die handeling betrek word, is die direkte voorwerp, byvoorbeeld: *Die man skryf 'n brief aan sy vrou.*

Wat is die “onderwerp”?

Die onderwerp soos in die sin hierbo verwys na die persoon of ding wat die handeling verrig of die entiteit waaroor daar in die sin iets meegedeel word. Die stuk wat as onderwerp optree, is altyd 'n naamwoordstuk, byvoorbeeld: *Die man skryf 'n brief aan sy vrou.*

Wat is die “direkte voorwerp”?

Naas die onderwerp onderskei ons by oorganklike werkwoorde tussen twee soorte stukke waarmee hulle verbind, naamlik direkte en indirekte voorwerpe. Die direkte voorwerp is die stuk van die sin wat verwys na die persoon of ding wat die handeling, toestand of proses ondergaan wat deur die hoofwerkwoord aangedui word, byvoorbeeld: *Die man skryf 'n brief.* Die direkte voorwerp is altyd ook 'n naamwoordstuk.

Wat is die “indirekte voorwerp”?

Die indirekte voorwerp is die stuk van die sin wat verwys na die persoon of ding wat naas die direkte voorwerp by die handeling betrokke is, bv. *Die man skryf 'n brief aan sy vrou.* Die stuk wat as indirekte voorwerp optree, kan óf 'n naamwoordstuk óf 'n setselgroep wees. In ons voorbeeld is die indirekte voorwerp 'n setselgroep, *aan sy vrou.*

Onoorganklike werkwoorde

Onoorganklike werkwoorde verwys ook na 'n handeling, maar geen voorwerp word by hierdie handeling betrek nie, byvoorbeeld: *Die water kook. / Dit reën.*

Wederkerende/refleksiewe werkwoorde

Wederkerende werkwoorde kom voor in sinne waar die onderwerp en die voorwerp na dieselfde entiteit of saak verwys, byvoorbeeld: *Hy verslaap hom.* In die voorbeeld verwys die onderwerp (“hy”) en die voorwerp (“hom”) na dieselfde persoon.

Die voorwerp wat saam met die kategorie wederkerende werkwoorde (ook genoem refleksiewe werkwoorde) optree, noem ons 'n **refleksiewe voorwerp**. Dit is dus die voornaamwoord of stuk in 'n sin wat terugverwys na die onderwerp van die sin. Die voorwerp “hom” in die sin *Hy verslaap hom* is dus 'n refleksiewe voorwerp.

Wederkerige werkwoorde

Die wederkerende werkwoorde word soms onderskei van die wederkerige werkwoorde wat met 'n onderwerp en voorwerp verbind waar die onderwerp en die voorwerp na meerdere persone verwys, byvoorbeeld: *Hulle help mekaar.*

Koppelwerkwoorde

Koppelwerkwoorde het die hoof funksie om 'n ander stuk (die sg. “kopula-predikaat”) aan die onderwerp van 'n sin te koppel. Die koplupredikaat verwys dan na een of ander eienskap, hoedanigheid of status van die onderwerp, byvoorbeeld: *Hy heet Elvis.*

'n **Kopula-aanvulling** is die nuweglaatbare stuk in 'n sin wat heg met koppelwerkwoorde verbind. As 'n koppelwerkwoord (Wkop.) nie so 'n aanvulling het nie, dan is die sin ongrammatikaal (* Jan is/lyk).

(Byvoorbeeld: *Jan is **jonk***. (AS = Adjektiefstuk) *Jan is 'n **onderwyser***. (NS = Naamwoordstuk) *Jan is **hier***. (Bywoord))

Voorsetselwerkwoorde

Die voorsetselwerkwoorde is ook oorganklike werkwoorde vir sover hulle met voorwerpe verbind. Hulle onderskeidende kenmerk is egter die feit dat hulle heg verbind met voorsetsels, dws die voorsetsels kan nie weggelaat word nie, byvoorbeeld: *Hulle **hunker** na vryheid*. * Hulle hunker - vryheid.)

Die kombinasie van setsel + naamwoordstuk (byvoorbeeld *na + vryheid*) staan bekend as 'n voorsetselvoorwerp.

Ons kan 'n **voorsetselvoorwerp** omskryf as daardie deel van 'n sin wat verwys na die direkte voorwerp van die handeling; dit is die mens of ding wat by die handeling betrokke is, maar wat met 'n verpligte setsel verbind om 'n setselgroep te vorm. Voorsetselvoorwerpe verbind altyd met voorsetselhoofwerkwoorde (Wvs.).

Assisterende (stut) werkwoorde

Assisterende werkwoorde (byvoorbeeld: *laat* (val die bal); *kom/gaan* (haal die kinders)) verbind met hoofwerkwoorde om na komplekse handelinge, gebeurtenisse of toestande te verwys. Hulle is nuweglaatbaar.

Omskrywingswerkwoorde

Omskrywingswerkwoorde (byvoorbeeld: *is* (gesnoei); *word* (opgesit)) word saam met 'n hoofwerkwoord in omskrywingskonstruksies (dit is passiefkonstruksies) gebruik, byvoorbeeld: *Die heining is gesnoei*. / *Die man **word** geslaan deur sy vrou*. In die sin *Die man word geslaan* is die hoofwerkwoord *geslaan* en die omskrywingswerkwoord *word*.

Tyd vir refleksie:

Jy is nou klaar met die afdeling oor die hoofwerkwoord. Sal jy die hoofwerkwoord in enige sin kan herken? Doen vervolgens die volgende aktiwiteit om jou kennis te toets.

Aktiwiteit 4.9

4.9.1 Lees die onderstaande teks deur. Skryf al die hoofwerkwoorde wat in die teks voorkom neer en benoem hulle volledig na hulle woordsoort. Byvoorbeeld: *lag* en *huil*: hoofwerkwoord, onoorganklik.

- (a) Ek het begin lag terwyl Bettina huil.
- (b) Sy kon nie Herman se aстранheid oor die voorval begryp nie.
- (c) Hy wag toe vir die skare om te bedaar en vir die vurige perd om met sy wedren te begin.
- (d) Dapperheid alleen is net nie voldoende nie.
- (e) Hulle kyk toe hoe hulle pa die bok volg.

4.9.2 Omskrywingswerkwoorde word gebruik in passiefsinne. Omskryf die onderstaande aktiefsinne in die passiefsinne en die passiefsinne in aktiefsinne. Let daarop dat waar die aktiefsin in die teenwoordige, verlede of toekomstige tyd is, die ooreenstemmende passiefsin ook in die teenwoordige, verlede of toekomstige tyd moet wees (en omgekeerd).

- (a) Iemand sal die blomme plant.
- (b) Die rommel in die rivier is reeds verwyder.
- (c) Die kinders sal die werk doen.
- (d) 'n Briefie is deur die kêrel aan sy meisie geskryf.
- (e) Hy pomp die bal op.

Uit bogenoemde aktiwiteite sou jy dalk kon agterkom dat ander werkwoorde (of woordsoorte) naas die hoofwerkwoord in die enkelvoudige sin (en dalk saamgestelde sin) optree. Kom ons kyk vervolgens na hierdie “ander” kategorie werkwoorde.

4.3.2b Medewerkwoorde (mwe)


Die kategorie medewerkwoorde val uiteen in twee subkategorieë: hulpwerkwoorde en skakelwerkwoorde.

Die medewerkwoorde het die kenmerk dat hulle voor die hoofwerkwoord staan en die hoofwerkwoord op 'n bepaalde wyse modifiseer; byvoorbeeld:

Hy **het** weggekom.

Hy **sal** wegkom.

Hy **moet** wegkom.



Ons gaan nou elkeen van die medewerkwoorde kortliks bespreek.

Hulpwerkwoord van tyd

Net een hulpwerkwoord van tyd kom in Afrikaans voor, naamlik *het*, wat die verlede tyd uitdruk, byvoorbeeld: *Hy **het** weggehardloop.*

Modale hulpwerkwoorde

Die groep modale hulpwerkwoorde druk modaliteit uit; dit is die nieraamlikheid of nieraamlikheid van 'n gebeurtenis, soos moontlikheid (*kan*), waarskynlikheid (*sal*), noodsaaklikheid en verpligting (*moet*), byvoorbeeld:

Hy **kan** kitaar speel.
 Hy **sal** môre sy begrotingsrede lewer.
 Hy **moet** môre by die vergadering wees.

Medewerkwoorde is opsioneel. As dit weggelaat word, bring dit 'n verandering in die sin se orde teweeg.

Skakelwerkwoorde

'n Skakelwerkwoord staan altyd ná 'n hulpwerkwoord as hulle in dieselfde sin voorkom, maar voor die hoofwerkwoord, byvoorbeeld: *Hy **kom** haal die kind elke dag by die skool. / Hy het die kind by die skool **kom** haal.* In die voorbeeld staan die skakelwerkwoord *kom* elke keer voor die hoofwerkwoord *haal*.

Skakelwerkwoorde kwalifiseer die handeling waarna die hoofwerkwoord verwys, byvoorbeeld: in *wil **bly** lê* verwys *bly* na die feit dat die handeling (in die toekoms) sal voortduur. In ander gevalle, soos in *sal **gaan** kyk*, verwys die skakelwerkwoord *gaan* self na 'n handeling wat aan die handeling waarna die hoofwerkwoord verwys, voorafgaan ("*ek sal gaan* en *ek sal kyk*").

Tyd vir refleksie:

Jy is nou klaar met die afdeling oor die medewerkwoord en dus die hele werkwoord. Sal jy die medewerkwoord van nou af in enige sin kan herken? Doen nou die volgende aktiwiteit.

Aktiwiteit 4.10

Skrif al die medewerkwoorde neer wat in die onderstaande sinne voorkom en benoem hulle volledig na hulle woordsoort. Byvoorbeeld: *het*: hulpwerkwoord van tyd.

- (a) Ek het begin lag terwyl Bettina huil.
- (b) Sy kon nie Herman se astrartheid oor die voorval begryp nie.
- (c) Hy sal die bal probeer slaan.
- (d) Hanlie kom om die boek te haal.

Ons het in die voorafgaande gedeeltes vir jou 'n deeglike beskrywing van die naamwoord en die werkwoord gegee. Dit is omdat hierdie klasse woordsoorte die grootste groeperings van al die klasse verteenwoordig. Kan jy dalk nog ander woordsoorte identifiseer?

Ander woordsoorte wat voorkom is die *adjektief*, *setsel*, *telwoord*, *lidwoord*, *bywoord*, *voegwoord*, *graad-* en *vergelykingswoorde*, *ontkenningswoorde* en *uitroepe*. Ons bespreek elkeen vervolgens kortliks.

4.3.3 Adjektiewe

'n Adjektief (of byvoeglike naamwoord) verwys na 'n eienskap van 'n saak wat deur 'n naamwoord benoem word, byvoorbeeld. *Die **lelike** man is gevang.*

Ons onderskei tussen **gradeerbare** en **niegradeerbare adjektiewe**. Gradeerbare adjektiewe verwys na eienskappe wat verskille in graad kan vertoon. Hierdie verskille word uitgedruk met behulp van morfeme (-*er*, die-*ste*) en die woorde *meer* en *mees*. Ons onderskei drie trappe van vergelyking of graad: stellend, vergelykend en oortreffend, byvoorbeeld: *Die **lelikste** man is gevang.* Niegradeerbare adjektiewe verwys na eienskappe wat nie gradeerbaar is nie.

4.3.4 Setsels

In hulle letterlike betekenis druk setsels 'n ruimtelike verhouding tussen twee sake uit; byvoorbeeld: in die sinne

Die boek lê *op* die bed.
Die boek lê *onder* die bed.

druk die setsel die ruimtelike verhouding tussen die boek en die bed uit.

Setsels het egter ook nieletterlike betekenis en druk dan slegs in figuurlike sin 'n verhouding tussen twee sake uit. Byvoorbeeld:

Hy is in 'n toestand.
Hy leef onder 'n wolk van onsekerheid.

Die kategorie setsels sluit die voorsetsels en die agtersetsels in

<i>in</i> (die water)	(die hele land) <i>deur</i>
<i>na gelang van</i> (omstandighede)	teen (die berg) <i>uit</i>

4.3.5 Telwoorde

Lede van die kategorie telwoorde dui bepaalde of onbepaalde hoeveelhede of maat aan; byvoorbeeld:

<i>vyf</i> amptenare	<i>genoeg</i> voedsel
<i>eerste</i> soen	die <i>soveelste</i> keer


Bepaalde en onbepaalde telwoorde

Ons onderskei eerstens tussen bepaalde en onbepaalde telwoorde. Bepaalde telwoorde dui spesifieke hoeveelhede aan, onbepaalde telwoorde nie:


Bepaalde telwe.	Onbepaalde telwe.
<i>drie</i> beeste	<i>etlike</i> beeste
die <i>vyfde</i> keer	'n <i>paar</i> keer
<i>twintig</i> albasters	<i>heelwat</i> albasters

Hoof- en rangtelwoorde

Die kategorie bepaalde telwoorde word verder onderverdeel in hooftelwoorde en rangtelwoorde. Soos die naam aandui, verwys rangtelwoorde na 'n posisie in een of ander ordening; byvoorbeeld:



Die subkategorieë van die telwoorde word in die onderstaande skema duidelik uiteengesit:



4.3.6 Lidwoorde

In Afrikaans kom net twee lidwoorde voor: *die* (= bepaald) en *'n* (= onbepaald):

die boek *'n* vrou

Is dit al? Ja, dit is voldoende inligting oor die lidwoord vir hierdie leereenheid. Raadpleeg ander bronne of verwysings as jy meer oor hierdie en die ander woordsoorte wil oplees.

4.3.7 Bywoorde

Die klas bywoorde sluit 'n heterogene groep in wat almal meestal die funksie het dat hulle die handeling waarna die hoofwerkwoord in 'n sin verwys, nader bepaal of modifiseer.

(is) *hier* (plek) (stap) *saans* (tyd)
(dryf) *stroomaf* (rigting)

Die bywoorde moet nie verwar word met die verskillende soorte konstituente/stukke wat as bywoordelike bepalings of adjunkte geklassifiseer word nie.

Setselgroepe kan byvoorbeeld ook die werkwoord nader bepaal of omskryf, soos in

slaap (op die stoep)
eet (in die restaurant)

4.3.8 Voegwoorde

Voegwoorde verbind sinne/klouse en sinstukke. Drie subkategorieë voegwoorde word onderskei, naamlik *onderskikkings*, *neweskikkings* en *verbindingsadjunkte*. Ons volstaan hier met enkele voorbeelde: *omdat*, *vandat*, *aangesien*, *en*, *maar*.

Voegwoorde staan aan die begin van sinne/klouse en lê 'n semantiese skakel tussen klouse, byvoorbeeld: *Abel dink [dat hy die eksamen sal slaag], [maar hy weet] [dat dit baie werk sal kos]*.

4.3.9 Graad- en vergelykingswoorde

Graadwoorde

Soos die naam aandui, druk graadwoorde graderinge van kenmerke uit, byvoorbeeld: *uiters* bekwaam, *erg* ontsteld, *baie* warm, *so* hard. In die sin *Hy is uifers bekwaam vir die werk* is *uifers* 'n graadwoord wat aandui dat hy meer as bekwaam is vir die werk.

Vergelykingswoorde

Die klein groepie vergelykingswoorde word ingespan in uitdrukkinge wat óf graadverskille óf ooreenkomste uitdruk, byvoorbeeld: *sterker as 'n leeu* (graadverskil); *so sterk soos 'n leeu* (vergelykend)).

4.3.10 Ontkenningswoorde

Die kategorie ontkenningswoorde word gebruik om 'n negatiewe of ontkennende waarde ("ontkenning") uit te druk. Teenoor die positiewe sin *Jan eet die appel*, staan die ontkenningsin *Jan eet nie die appel nie*. Die ontkenningswoorde *nie ... nie* dui die ontkenning van die sin as geheel aan.

Ander woorde in hierdie kategorie is byvoorbeeld: *nie, nooit, nêrens, niemand, nóg ... nóg, niks ... nie*

4.3.11 Uitroepe

Die kategorie *uitroepe* word ingespan om allerlei reaksies van 'n spreker op 'n bepaalde gebeurtenis uit te druk. Dit kan uitroepe van verbasing, verwondering, pyn, ensovoorts wees, byvoorbeeld: *Eina!, Sjoel!, Watwou!*

Die konteks waarin so 'n uitroep gebruik word, is meestal bepalend vir watter betekenis daar aan so 'n uitroep gegee moet word.

Kom ons pas nou eers jou kennis oor die woordsoorte toe.

Aktiwiteit 4.11

4.11.1 Benoem die woordsoort van elkeen van die kursiefgedrukte woorde in die onderstaande sinne na hulle woordsoort.

- (a) Die *mooi* vrou woon *in* Pretoria.
- (b) Ek hou *nie* van jou houding *nie*.
- (c) Hy stap *saans om* die blok.
- (d) Sy vermy die area *want* die mans fluit *baie* hard vir haar.
- (e) Dit is 'n groot eer *vir* my om teenwoordig te wees.

4.11.2 Gee die ontkenningsvorm van die volgende sinne:

- (a) Sy het die motor gewas.
- (b) Iemand het die pragtige protea afgepluk.
- (c) Ek het my sleutels êrens laat lê.

Jy is uiteindelik klaar met die afdeling oor die woordsoorte. Sal jy die onderskeie woordsoorte voortaan in enige sin kan herken en volledig benoem? Kan jy die verskillende woordsoorte opnoem wat in hierdie leereenheid behandel is?

Die kennis wat jy in hierdie afdeling van die leereenheid opgedoen het, word ingespan in die volgende leereenheid waarin ons gaan kyk hoe hierdie klasse of groepe woorde in verskillende kombinasies met mekaar verbind om groter sinstukke te vorm, naamlik in die enkelvoudige sin en die saamgestelde sin.

Addisionele leeswerk

- Carstens, WAM en Bosman, N. (Reds.) 2017. *Kontemporêre Afrikaanse taalkunde*. Tweede Uitgawe. Pretoria: Van Schaik.

4.4 Verwysings

Botha, JP. 1985. *Afrikaanse sintaksis vir voorgraadse studente*. Johannesburg: McGraw-Hill.

Luther, J, Pheiffer, F. en Gouws, R.H. 2015. *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal*. (6de omvattend herbewerkte en uitgebreide uitgawe.) Kaapstad: Pearson.

Ponelis, FA. 1979. *Afrikaanse sintaksis*. Pretoria: Van Schaik.

Swanepoel, PH. 2006. Sintaksis. In: Landman, KJH, Pieterse, HJ en Swanepoel, PH. (Reds.) 2006. *Afrikaanse grammatika*. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Sintaksis (2): Sinstukke (Die enkelvoudige sin en die saamgestelde sin)

5.1 Inleiding

In die vorige afdeling het jy gesien dat al die woorde van Afrikaans onder 'n paar woordkategorieë tuisgebring kan word. As jy enige sin egter bestudeer, sal jy gou agterkom dat sinne nie net uit losstaande woorde bestaan nie. Woorde word selde in isolasie gebruik. In sinne kombineer hulle

- ♦ met ander woorde van spesifieke woordkategorieë en
- ♦ in 'n spesifieke volgorde om groter eenhede (sinstukke) te vorm.

In hierdie leereenheid gaan ons kyk hoe woorde van verskillende woordkategorieë tot groter sinstukke verbind. Die vernaamste sinstukke is die *Naamwoordstuk (NS)*, die *Werkwoordstuk (WS)*, die *Adjektiefstuk (AS)* en die *Setselfgroep (SG)*; byvoorbeeld:

[die ywerige man] (NS)

[werk hom] (WS)

[byna dood] (AS)

[in die dag] (SG)

Bogenoemde vier sinstukke kan weer verbind tot die onderstaande sin:

[Die ywerige man] [werk hom] [byna dood] [in die dag]]

Wanneer jy hierdie leereenheid deurgewerk het, behoort jy

(i) ten opsigte van die enkelvoudige sin te kan aandui:

- tot watter soort sinstipe dit behoort
- uit watter soort sinstukke dit saamgestel is
- uit watter woordsoorte elke sinstuk opgebou is
- wat die woordvolgorde van 'n sin is
- wat die funksie van spesifieke sinstukke in 'n sin is
- in watter verskillende funksies bepaalde sinstipes gebruik kan word

(ii) ten opsigte van die saamgestelde sin kan aandui:

- Uit hoeveel klouse dit saamgestel is
- of dit 'n neweskikkende of 'n onderskikkende konstruksie is
- wat die kenmerke van neweskikkingskonstruksies is
- watter soorte bysinne in onderskikkingskonstruksies voorkom en watter funksies hulle in sinsverband verrig

5.2 Algemene beginsels vir die opbou van sinstukke

By die opbou van enige sinstuk in Afrikaans is daar 'n aantal algemene beginsels wat geld. Ons gaan hierdie beginsels eers duidelik illustreer aan die hand van die Naamwoordstuk (NS), die Adjektiefstuk (AS) en die Werkwoordstuk (WS).

Vir hierdie drie stukke geld die volgende algemene beginsels:

Beginssel 1: Die kern van die sinstuk

Elke stuk is opgebou rondom 'n kernwoord wat tot 'n bepaalde woordsoort behoort: naamwoord, adjektief en werkwoord. Die kern van die stuk is die belangrikste stuk – dit dra die hoofbetekenis van die stuk, **en ons benoem die stuk as geheel na aanleiding van die woord wat die kern daarvan vorm.**

Beginssel 2: Die bepalers of modifiseerders

Die ander woorde wat met die kern verbind gee 'n nadere omskrywing of bepaal die kernwoord verder.

Illustrasie van beginssel 1: Die kern van die sinstuk

Kom ons illustreer eers hierdie eienskappe van stukke. Om aan te dui dat 'n groep woorde 'n eenheid vorm, sal ons die groep as geheel tussen vierkantige hakies ([—]) plaas.

In die naamwoordstuk

['n ongewone man]
Lw. Adj. Nw.
Kern

is *man* die belangrikste woord, dit wil sê dit is in wese waaroor die stuk gaan en dit is die woord wat aandui waarna die stuk verwys. Laat 'n mens die kernwoord weg, is die stuk as geheel feitlik betekenisloos of onbepaalbaar; byvoorbeeld: * ['n ongewone —]

Die interessante is egter dat ons wel weet dat die woord wat ontbreek 'n naamwoord moet wees. Hoe weet ons dit? Uit die feit dat die kombinasie *'n ongewone* bestaan uit Lw. + Adj., die kombinasie wat tipies met 'n naamwoord verbind om 'n NS te vorm.

Illustrasie van beginssel 2: Die bepalers of modifiseerders

Die woorde wat aan die kern voorafgaan, omskryf of modifiseer die kernnaamwoord deurdat hulle – in die geval van die NS – die kern nader omskryf. Dit gaan in die naamwoordstuk ['n ongewone man] nie net om 'n man nie, maar om een of ander onbepaalde man, wat die eienskap besit dat hy "ongewoon" is.

Bestudeer ook die onderstaande voorbeeld:

Vbp	Kern
[verskeie van die + spelers]	het nie opgedaag nie

Die samehang tussen die woorde wat aan die kern voorafgaan (hier die voorbepaling) en die kern bestaan daaruit dat die voorbepaling direk as bepaler by hierdie kernnaamwoord optree en nie by enige ander deel van die sin nie, met ander woorde [verskeie van die] kwalifiseer of bepaal nie enige ander deel van die sin hierbo nie.

'n Uitvloeisel van die hegte binding tussen die kern en die voorbepaler is die feit dat die twee as eenheid verplaas word in bewerkinge waarin die woordorde van die sin verander word; vergelyk byvoorbeeld:

[Verskeie van die spelers] **voel** vanoggend besonder moeg.

Voel [verskeie van die spelers] vanoggend besonder moeg?

* [Verskeie van] **voel** [die spelers] vanoggend besonder moeg.

Aanvaar ons dat die inversievraagsin gevorm word deur die verplasing van die werkwoord *voel* na links, dan blyk dit dat hierdie werkwoord oor die hele NS [verskeie van die spelers] verplaas moet word, dit wil sê die NS moet as 'n eenheid gehanteer word. Die laaste sin is juis ongrammatikaal omdat die werkwoord *voel* deur die plasing daarvan hierdie eenheid van die NS verbreek.

Wat is die beperkinge op bepalers?

Let verder daarop

- dat nie sommer enige woord 'n kernnaamwoord nader kan omskryf nie.
- dat hierdie modifiserende woorde op 'n bepaalde plek ten opsigte van die naamwoord staan.
- dat hulle in 'n bepaalde volgorde moet voorkom.

Hierdie drie eienskappe word deur die volgende voorbeelde duidelik gemaak.

Teenoor die grammatikale stuk [’n ongewone man] is die onderstaande almal ongrammatikaal. Kan jy verduidelik waarom elkeen ongrammatikaal is?

* [’n byna man]

* [’n — man ongewone]

* [ongewone ’n man]

By die opbou van elke soort stuk in Afrikaans is dit belangrik om te weet

- watter soort woord as die kern van die stuk kan optree.
- met watter ander modifiserende woorde dit kan verbind.
- in watter volgorde hierdie modifiserende woorde met mekaar kan kombineer.

Toets nou jou kennis van sinstukke deur die volgende aktiwiteit te doen.

Aktiwiteit 5.1

Toon ten opsigte van die onderstaande stukke aan watter woord die kern van die stuk vorm en as watter soort stuk jy dit sal benoem op grond van die kernnaamwoord, byvoorbeeld: in die stuk [byna dood] is *dood* die kern, en is dit dus 'n AS.

- (a) [byna dood]
- (b) [erg verbrand]
- (c) [vyf ongetroude vroue]
- (d) [’n bekertjie van die lekker lemoensap]
- (e) [werk baie hard]

In die ontleding van hierdie stukke, dit is die NS, AS, WS en SG, moet daar eers 'n onderskeid getref word tussen die **binnebou/vorm** en die **buitebou/funksie** van 'n stuk.

5.3 Die *binnebou/vorm* en *buitebou/funksie* van sinstukke

Die interne opbou van 'n stuk staan bekend as die binnebou of die vorm daarvan. As ons dit dus het oor wat die kern van 'n stuk is en met watter ander woorde dit kan verbind om 'n stuk te vorm (soos hierbo), dan gee ons 'n ontleding van die **binnebou/vorm** daarvan.

As ons dit het oor die **buitebou of funksie** van 'n stuk, dan gaan dit om die sintaktiese of semantiese funksie van 'n bepaalde stuk binne die groter geheel van die sin waarin dit optree. Ons sal later na hierdie onderskeid toe terugkom, maar die onderskeid tussen hierdie twee aspekte van sinstukke moet jy altyd in gedagte hou. Die onderskeid kan ons soos volg verduidelik.

Ter illustrasie:

As ons na die binnebou of vorm van die onderstaande stuk kyk, is dit 'n NS:

[’n befoeterde man]

Hoekom noem ons dit 'n NS? Omdat die kern van die stuk *man* 'n naamwoord is, en omdat die kernnaamwoord verbind met 'n lidwoord en 'n adjektief.

Dieselfde NS kan nou verskillende funksies in sinne verrig. Bestudeer die onderstaande voorbeelde:

[’n Befoeterde man] is altyd ongelukkig (Onderwerp van die sin)

Ek hou nie van [’n befoeterde man] nie (Voorsetselvoorwerp van die Hw *hou van*)

In al twee die sinne het ons dus dieselfde NS, maar binne die konteks van die sinsgeheel verrig dit in die twee sinne telkens 'n ander funksie: in die eerste sin is dit die onderwerp; in die tweede sin is dit die voorsetselvoorwerp. In die eerste sin is hierdie stuk na die vorm daarvan 'n NS, maar na die funksie daarvan die onderwerp van die sin. In die tweede sin is dit na die vorm daarvan weer 'n NS, maar na die funksie daarvan is dit die voorsetselvoorwerp. Om dus die funksie van 'n sinstuk te bepaal, moet ons kyk hoe so 'n stuk binne die geheel van 'n sin optree.

In die onderstaande bespreking gee ons eers aandag aan die vorm en funksies van die NS, die AS en die SG. Daarna gaan ons kyk na die vorm van die WS. By die WS word geen funksies onderskei nie.

5.3.1 Die vorm en funksie van die naamwoordstukke (NSe)

In die vorige leereenheid oor die boustene van sinne (oftewel die woordsoorte) het ons aangetoon dat die kategorie 'naamwoorde' 'n omvattende een is met verskillende subkategorieë: soortname, voornaamwoorde en eiename. In hierdie afdeling kyk ons watter ander woorde met naamwoorde kan verbind om omvattender NSe te vorm (altyd met 'n naamwoord as kern van die stuk).

Die funksies wat NSe binne 'n sin kan verrig, word hier onder opsommenderwys weergegee en telkens met 'n voorbeeld toegelig.

Funksies van naamwoordstukke

- onderwerp
[Die kinders] speel in die tuin.
- direkte voorwerp
Hy eet graag [pap].
- indirekte voorwerp
Hy gee [haar] 'n soen.
- voorsetselvoorwerp
Sarie verlang [na haar man].
- adjunk
Hy werk [die hele nag].
- kern van 'n deelbepaling
[[Die grootste deel] van die werk] verstaan hy nie.
- voorbepaling
Daar staan [['n kannetjie] lemoensap].
- saam met se as aanduiding van besitting (genitief)
[[Die meisie] se fiets] is stukkend./ [[Haar] fiets] is stukkend.
- as aanvulling by 'n Wkop.
Hy is [die winner].

Kom ons kyk of jy die kennis wat jy opgedoen het, vervolgens kan toepas.

Aktiwiteit 5.2

5.2.1 Lees die onderstaande sinne deur en identifiseer al die naamwoordstukke wat daarin voorkom, dit wil sê die naamwoordkern plus die VBP (voorbepaling), indien dit voorkom. Skryf al die NS'e neer en verdeel elkeen in 'n VBP en 'n kern. Byvoorbeeld: Die eerste sin bestaan uit drie naamwoordstukke. [een van die befoeterdste onderwysers] bestaan uit: Voorbepaling: *een van die befoeterdste* + Kern: *onderwysers*.

- Ou Matesis was een van die befoeterdste onderwysers in die skool.
- Dit is die grootste stuk waatlemoen wat ek nog geëet het!
- Die ou bedelaar het 'n enkele slukkie water gevra.
- Die romantikus gee vir sy aanvallige meisie 'n mandjie rose.

5.2.2 Identifiseer en benoem die NSe in die onderstaande sinne na hulle funksie. Byvoorbeeld: *Anne*: onderwerp + *'n fyner patroontjie*: direkte voorwerp.

- Anne verkies 'n fyner patroontjie.
- So 'n ding gee die skool 'n slegte naam.
- Die vyand beskik oor nuwe inligting.
- Ons sal 'n uur moet wag.

5.3.2 Die vorm en funksies van adjektiefstukke (ASe)

Die kern van 'n AS is 'n adjektief, en die eenvoudigste soort AS is een wat slegs uit 'n adjektief bestaan. Soos in die geval van die NS, kan hierdie kern egter ook voorafgegaan word deur een of meer woorde wat die graad van die betrokke adjektiefkern uitdruk.

Binne sinsverband kan ASe verskillende funksies verrig. Bestudeer die onderstaande lys en voorbeelde.

Funksies van adjektiefstukke

- kopula-aanvulling
San is [mooi]
- adjunk
Sy loop [stadig]
- voorbepaling
['n [lelike]] eendjie
- nabepaling
iets [moois]

Kom ons kyk of jy die kennis wat jy opgedoen het, kan toepas. Doen nou die volgende aktiwiteit.

Aktiwiteit 5.3

Identifiseer die adjektiefstuk en benoem die adjektiefstukke in die onderstaande sinne na hulle funksie. Byvoorbeeld: *Ou* (Matesis): voorbepaling.

- (a) Ou Matesis was een van die befoeterdste onderwysers in die skool
- (b) Die lesing was uiters interessant.
- (c) Ons sal iets moois vir die juffrou moet koop.
- (d) Hy is nog baie jonk.

5.3.3 Die vorm en funksie van setselgroepe

'n SG is enige sintaktiese stuk waarin 'n setsel voorkom. Setselgroepe bestaan minimaal uit 'n setsel, maar meestal uit 'n setsel plus 'n NS, byvoorbeeld: *ná haar vertrek*.

Setselgroepe verrig ook 'n verskeidenheid funksies in sinne. Bestudeer die onderstaande lys voorbeelde.

Funksies van setselstukke

- adjunk (bywoordelike bepaling)
slaap [op die grond] (plek)
werk [in die aand] (tyd)
[vir die hoeveelste keer] gesê (frekwensie)
beweeg [in die gevaarsone in] (rigting)

- nabepaling
die man [in die middel]
- voorsetselvoorwerpe
verlief [op haar]
- kopula-aanvulling
lyk op 'n haar [na haar]

Kom ons doen nou eers 'n oefening om hierdie werk te hersien.

Aktiwiteit 5.4

5.4.1 Die onderstaande is almal setselgroepe. Vul die korrekte setsel in die ontbrekende deel in. Byvoorbeeld: by wyse **van** afwisseling.

- (a) by wyse ... afwisseling
- (b) in plaas ... swem
- (c) afgesien ... haar nukkerigheid
- (d) ter wille ... haar vriendskap
- (e) in verband ... die lening

5.4.2 Identifiseer en benoem die setselstukke/setselgroepe in die onderstaande sinne na hulle funksie.

- (a) Die taxi het haar by die ingang van die stasie kom aflaai.
- (b) Gee asseblief vir hom 'n taai klap.
- (c) Wag vir my na skool.
- (d) Gaan staan daar in die hoek.
- (e) My kinders hou van biltong.

5.3.4 Die vorm van die werkwoordstuk (WS)

In hierdie afdeling gaan ons kyk na die binnebou/vorm van die Werkwoordstuk (WS). Die kern van die WS is die hoofwerkwoord. Afhangende van die soort hoofwerkwoord (sien weer die bespreking in leereenheid 4 oor die werkwoordkategorieë), kan daar bepaalde stukke wees wat as verplig met die betrokke werkwoord verbind. Die hoofwerkwoord plus hierdie verpligte stuk staan bekend as die Werkwoordstukkern (WSK), byvoorbeeld: Dit *begin reën*. Naas die WSK verbind twee ander soorte stukke binne die WS met die WSK: die kategorie medewerkwoorde (MW) en die adjunkte (AD).

Kom ons doen 'n oefening om hierdie werk te hersien.

Aktiwiteit 5.5

5.5.1 Dui telkens aan wat die WSK van elkeen van die onderstaande sinne is:

- (a) Die boer het die enjin van sy trok afgeskakel.
- (b) Die bul stoot nors aan die omheining.
- (c) Hy sien toe dat sy werkers padgegee het.

5.5.2 Verdeel nou die WSK van elkeen van die sinne in bogenoemde vraag in die volgende vorm:

Mwe	Hw	Verpligte aanvulling by die Hw	Adjunk
het	gesien	die kinders	by die spruit

(Laasgenoemde sin: Hy het die kinders by die die spruit gesien.)

Let daarna op dat jy soms die volgorde van die stukke van die WS hiervoor sal moet verander om by die skema in te pas. Ter illustrasie: in die WS *wat graag wil ondersteun*, staan die adjunk *graag* eerste. Jy sal dus die volgorde van die WS só moet verander:

wil (MW) + *ondersteun* (Woor) + *wat* (Direkte voorwerp) + *graag* (Adjunk)

Kom ons kyk vervolgens hoe goed jy die verskillende sinstukke na hulle vorm en funksie kan identifiseer.

Aktiwiteit 5.6

5.6.1 Benoem die onderstaande stukke na hulle *binnebou* oftewel *vorm*. Hiervoor moet jy oplet na die woordsoort van die kern van die stuk, byvoorbeeld: *die beker koffie* is 'n naamwoordstuk (NS) omdat die kern daarvan, naamlik *koffie*, 'n selfstandige naamwoord (snw) is.

- (a) *die donker woud*
- (b) *baie lekker*
- (c) *in die kamer*
- (d) *eet 'n sny brood*
- (e) *'n goeie loesing*

5.6.2 Benoem die sinstukke wat kursief gedruk is na hulle *buitebou* oftewel *funksie*. Hiervoor moet jy oplet na die funksie wat die betrokke stuk binne die sin verrig, byvoorbeeld of dit as *onderwerp*, *voorwerp* of as *adjunk* optree. Ter illustrasie: In die sin *Jan skop die bal* is die NS *Jan* die *onderwerp* van die sin. In die sin *Hy sien Jan* is *Jan* egter die voorwerp van die *Woor*. *sien*. Maak 'n keuse uit die volgende moontlikhede.

onderwerp, kopula-aanvulling, direkte voorwerp, plekadjunk

- (a) Jan sien *die donker woud* voor hom lê.
- (b) 'n Beker koffie is altyd *baie lekker*.
- (c) Hy slaap *in my kamer*.
- (d) *Die kinders* eet elkeen 'n sny brood.
- (e) *Die donker woud* is angswekkend.

Terugvoer

Onthou, bogenoemde stukke is die hoofsinstukke waarmee sinne in Afrikaans opgebou of saamgestel word. Sinne kan enkelvoudig of saamgesteld wees.

5.4 Die struktuur van die enkelvoudige sin

In ons bespreking tot dusver het ons gekyk hoe woorde tot sinsdele of sinstukke verbind en wat die struktuur van die belangrikste stukke (dit is die NS, AS, SG en die WS) is. Verder het ons ook gekyk hoe hierdie stukke in sinne funksioneer. Jy het dus alreeds met sinne kennis gemaak.

Sinstukke verbind tot sinne. 'n Sin bestaan tipies uit 'n **onderwerp** en 'n **gesegde** (oftewel die WS). Die **onderwerp** is gewoonlik 'n NS, maar 'n sin kan ook as onderwerp optree.

Ons kan twee tipes sinne onderskei: die enkelvoudige sin en die saamgestelde sin. Weet jy wat die verskil is tussen 'n enkelvoudige sin en 'n saamgestelde sin?

Wat is 'n enkelvoudige sin?

'n Enkelvoudige sin is enige sintaktiese konstruksie wat een hoofwerkwoord bevat. Hierdie definisie gee blyke van die feit dat die (hoof)werkwoord die kern of "swaartepunt" (Ponelis, 1979: 4) van die sin/klaus is. Voorbeelde van enkelvoudige sinne is die volgende (die hoofwerkwoord en medewerkwoord is in vetdruk):

*Hy **is** jonk.* (Stelsin)

***Sal** jy môre **saamkom**?* (Inversievraagsin)

*Waar **bêre** jy die besem?* (Leemtevraagsin)

***Eet** jou kos!* (Bevelsin)

Soos hierbo aangedui, onderskei ons drie sinsoorte in Afrikaans, naamlik die **stelsin**, die **vraagsin** en die **bevelsin**. In hierdie afdeling gaan ons eerstens kyk na die sintaktiese en semantiese kenmerke van hierdie sinstipes en na die wyse waarop hulle gebruik word om bepaalde taalhandelinge uit te voer.

'n Mens sou verder ook kon let op die maniere waarop 'n spreker/skrywer met woorde sy/haar houding teenoor óf die aangesprokene óf die proposisie wat hy uiter, uitdruk. Let op na die verskil tussen die volgende sinne :

Hy was hier.

Hy was *dalk* hier.

Hy was *seker* hier.

Hy was *definitief* hier.

Ons noem woorde soos *dalk*, *seker* en *definitief* wat sinskleur uitdruk, kleuroperateurs, want dit het met sinskleur te doen.

5.4.1 Verskillende sinsoorte

Soos hierbo aangetoon, onderskei ons in Afrikaans drie sinsoorte: die stelsin, die vraagsin en die bevelsin. In die bespreking van hierdie sinsoorte moet jy altyd twee sake uiteen hou, dit is die sinsoort, naamlik stelsin, bevelsin en vraagsin soos wat dit sintakties en semanties gedefinieer word, en die gebruike of taalhandelinge wat met sinne/uitings van elke tipe uitgevoer word. Ter illustrasie: 'n versoek om inligting (die taalhandeling) word nie net met behulp van 'n vraagsin aan iemand gerig nie – ons kan ook 'n bevelsin daarvoor gebruik. Ter illustrasie:

Wat is jou naam? (Vraagsin as versoek om inligting)

Verstrek jou naam! (Bevelsin as versoek om inligting)

Anders gestel: met die klein aantal sinsoorte wat ons tot ons beskikking het, kan ons 'n verskeidenheid taalhandelinge (byvoorbeeld beledigings, seëninge, wense of begroetings) uitvoer. Verder geld dit ook dat dieselfde taalhandeling dikwels met meerdere sinsoorte uitgevoer kan word.

Die begrip “spilwerkwoord”

Een van die belangrikste onderskeidingskenmerke van die verskillende sinstipes is die woordordepatrone van elke sinstipe. Om dié te kan verduidelik, voer ons die begrip “spilwerkwoord” in. Die spilwerkwoord (of net: spil) is die werkwoordelike element (dus: óf medewerkwoord óf hoofwerkwoord) wat eerste in 'n sin voorkom. In 'n gewone stelsin is die spilwerkwoord die werkwoordelike element wat met die onderwerp van die sin verbind en net na die onderwerp voorkom; byvoorbeeld:

Onderwerp	Spil	
Hy	eet	die appel
Hy	het	die appel geëet

In die onderskeiding van die verskillende sinstipes is die ordening van die spil en die plasing van die ander elemente relatief ten opsigte van die spil van belang.

5.4.1a Stelsinne

In 'n gewone stelsin is die ordening ONDW + SPIL soos in die voorbeelde hierbo. Ander voorbeelde is die volgende:

Onderwerp	Spil	
Die meisie	sal	môre beter voel
Die rugbyspelers	gaan	môre hard oefen

5.4.1b Vraagsinne

Ons onderskei twee soorte vraagsinne, naamlik **inversievraagsinne** en **leemtevraagsinne**; byvoorbeeld:

Het jy my boek gesien? (Inversievraag)

Wie het jy gesien? (Leemtevraagsin)

In die **inversievraagsin** kry ons die ordening Spil + ONDW; byvoorbeeld:

Spil	Onderwerp	
Eet	hy	die appel?
Sal	hy	môre kom?

Hierdie sinne heet inversievraagsinne aangesien daar aanvaar word dat inversievraagsinne van ooreenstemmende stelsinne afgelei word deur die inversie (omruiling) van die ONDW en die SPIL:

Onderwerp	Spil
Hy	eet die appel (Stelsin)
Spil	Onderwerp
Eet	hy die appel? (Inversievraagsin)

Die kategorie **leemtevraagsinne** word geken aan die aanwesigheid van 'n vraagwoord (bv. hoe, wie, waarheen) in die eerste posisie, gevolg deur die spil:

Vraagwoord	Spil
Wie	het die appels geëet?
Waarheen	gaan hy?

Die naam 'leemtevraagsin' kom van die feit dat die vooropgeplaaste vraagwoord in verband gestel kan word met 'n ontbrekende element of 'n leemte in die res van die sin. Dit blyk die duidelikste as een van die nie-opsionele elemente van die WS bevraagteken word, byvoorbeeld: in die onderstaande sin kom daar 'n Woorg. (oorganklike werkwoord) voor met die direkte voorwerp (DV) wat daarby hoort:

Direkte voorwerp

Hy eet 'n appel

Bevraagteken mens nou die direkte voorwerp met behulp van die vraagwoord *wat*, dan skuif die vraagwoord na die eerste posisie in die sin en laat 'n "leemte" in die posisie waar die direkte voorwerp oorspronklik gestaan het:

Wat [eet hy —]

5.4.1c Bevelsinne

In die kategorie 'bevelsinne' kom daar geen onderwerp voor nie en 'n hoofwerkwoord neem die eerste posisie in; byvoorbeeld:

Kom onmiddellik hier!

Gee pad!

Geen MWe kom in hierdie sinne voor nie. Aangesien die onderwerp ontbreek, is bevelsinne in die geheel WSe.

Ons gebruik egter dikwels ook bevele s nder hoofwerkwoorde. Vergelyk:

Uit! Voertsek! Op! In!

Op die plek rus!

In die bed!

Wat sou jy oor hierdie bevele s ? Op grond waarvan word hulle as bevele beskou en nie byvoorbeeld as stellings of bewerings nie?

Aktiwiteit 5.7

Lei van die stelsin *Jan gee vir sy broer 'n present* die volgende sinne af:

- (a) 'n inversievraagsin
- (b) 'n leemtevraagsin
- (c) 'n bevelsin

5.4.2 Verskillende sinsfunksies

Die name **stelsin**, **vraagsin** en **bevelsin** gee alreeds 'n aanduiding van die funksies of handeling wat tipies met elkeen van hierdie sinsoorte uitgevoer kan word. Hiernaas kan hulle ook gebruik word om 'n verskeidenheid ander taalhandelinge mee uit te voer. Wat dink jy is die funksies van stelsinne, vraagsinne en bevelsinne?

5.4.2a Funksies van stelsinne

Met stelsinne word bewerings of stellings gemaak. Die gebruiker van 'n stelsin wil hê dat sy leser(s) of hoorder(s) dit wat hy beweer as die waarheid moet beskou. So 'n bewering of stelling wat met 'n stelsin gemaak word, verwys na die toestand van 'n saak (die “manier van wees”, die gesteldheid of die staat waarin so 'n saak verkeer), of die toedrag van sake. Die volgende voorbeelde is almal stelsinne wat hierdie soort stellings maak:

Die weer lyk vanoggend belowend.

Ná die vakansie het Ouma baie beter gevoel.

Niemand was gister in hierdie vertrek nie.

Naas hierdie tipiese gebruik kan stelsinne ook vir die volgende taalhandelinge gebruik word soos gesien kan word in Tabel 5.1.

Tabel 5.1: Taalhandelinge en toepaslike voorbeelde

Taalhandeling	Voorbeeld
Beloftes	<i>Ek bring jou boek môre terug.</i>
Voorspellings	<i>Chelsea gaan wen.</i>
Tereg wysings	<i>Jy luister nie wanneer ek met jou praat nie.</i>
Skimpe (implisiete versoeke)	<i>Dit reën. (= “Bly binne, jy sal nat word.”)</i>
Komplimente	<i>Die nuwe mode is net vir jou gemaak.</i>

5.4.2b Funksies van vraagsinne

Vraagsinne vra in hulle tipiese gebruik om inligting. Inversievraagsinne kan bevestigend, ontkennend of ontwykend beantwoord word. Dikwels – veral in gevalle waar daar nie bevestigend geantwoord word nie – word addisionele inligting verskaf.

Vraag: Het jy seergekry? Antwoord: Ja, my arm is af.

Vraag: Wag julle al lank hier? Antwoord: Nee, ons het pas hier opgedaag.

In die geval van leemtevraagsinne word 'n antwoord verwag wat verband hou met die spesifieke vraagwoord wat gebruik word; hier kan die antwoord nie bloot bevestigend of ontkenkend wees nie:

Vraag: Wat doen julle nou?

Antwoord: * Ja.

Antwoord: * Nee.

Antwoord: Ons probeer die motor aan die loop kry.

Retief (1984: 134, 136) wys in haar studie van vraagsinne daarop dat meer dinge met vraagsinne gedoen kan word as slegs om informasievrae te vra. Vraagsinne word ook ingespan vir indirekte versoeke, kernimperatiewe, pleidooie, versoekvrae en modaliteitsuitinge soos suggesties, wenke, skimpe, insinuasies en waarskuwings. Hier volg 'n paar van haar voorbeelde:

Kry ons nie vandag koffie nie? (indirekte versoek)

Kan jy asseblief die deur toemaak? (kernimperatief)

Praat sagter, sal jy? (pleidooi)

Van Riebeeck het aan wal gestap in die jaar ...? (versoekvraag)

Behoort jy nie minder soetgoed te eet nie? (suggestie)

Is daar al iemand dood aan vriendelikheid? (skimp)

Het jy vergeet dat jou pa netnou huis toe kom? (waarskuwing)

(Sien Retief, 1984: 142 e.v.)

In die meeste gevalle sal die betrokke hoorder nie met *ja* of *nee* reageer nie afhange van sy gesindheid jeens die spreker.

5.4.2c Funksies van bevelsinne

Bevelsinne kan eerstens verdeel word in direkte (egte) bevelsinne en indirekte bevelsinne.

Die mees **direkte, ware bevelsin** kan nie bevraagteken word nie en bevat nie 'n onderwerp nie; byvoorbeeld:

Loop!

Sit stil daar agter in die klas!

Daar is egter ook **indirekte bevelsinne**. Hulle kan wel bevraagteken word, bevat 'n onderwerp en verrig die funksie om 'n bevel uit te druk:

Julle moet dadelik die boeke bestel.

Kan ek jou nie help nie?

Aktiwiteit 5.8

Watter taalhandelinge (bv. bevel, versoek, belofte) word met die volgende uitinge verrig:

- (a) Gee my die sout.
- (b) Ek sal môre die huis vir jou skoonmaak.
- (c) Waarom het jy nie die werk gedoen nie, hê?

- (d) Koffie sal nou heerlik wees, dankie.
- (e) Baie geluk met die mooi vertoning.
- (f) Niemand is nog dood van werk nie, weet jy?
- (g) Is daar nou niks in die huis vir 'n hardwerkende man om te eet nie?

Jy moet egter onthou dat die konteks bepalend is vir die interpretasie van die handeling wat met 'n sin verrig word. Die enigste manier om 'n spreker se bedoeling te snap, is om te begryp wat die konteks is.

5.5 Die struktuur en funksies van die saamgestelde sin

Ons het reeds die enkelvoudige sin gedefinieer as 'n sin met een hoofwoord, byvoorbeeld:

*Die kinders **speel** te lekker.*

Wat is 'n saamgestelde sin dan?

Die saamgestelde sin kan ons definieer as enige sintaktiese konstruksie wat uit meer as een hoofwoord bestaan. 'n Voorbeeld hiervan is die onderstaande, waar die hoofwoorde in hoofletters in vetdruk is:

*Ek **is** hier en Jan **is** hier, aangesien ons pa ons **beveel** het om teenwoordig te **wees**.*

In hierdie sin kom vier hoofwoorde voor en as geheel bestaan dit uit vier klouse, dit wil sê uit vier eenhede elkeen met 'n hoofwoord plus al die stukke wat met elkeen van hierdie hoofwoorde verband hou. Die vier klouse is:

[Ek **is** hier] en

[Jan **is** hier], aangesien

[ons pa het ons **beveel**]

om [teenwoordig te **wees**]

In al vier die klouse is daar naas 'n hoofwoord ook 'n ander stuk aanwesig wat met die hoofwoord verbind, byvoorbeeld: in die eerste twee klouse kry ons die onderwerp van die koppelwoord (*Ek; Jan*) en telkens ook die koppelwoord-aanvulling (*hier*). Ons kan dus sê dat hierdie saamgestelde sin uit vier klouse bestaan, dit is sintaktiese eenhede bestaande uit een hoofwoord elk met die stukke wat met hierdie hoofwoord verband hou.

Die ander woorde buite die hakies in ons voorbeeld bo (*en, aangesien* en *om*) is almal voegwoorde wat die verskillende klouse saambind tot die hele saamgestelde sin.

Gegee ons uiteensetting dat ander stukke saam met die hoofwoord voorkom om 'n klous te vorm, kan ons die saamgestelde sin ook definieer as 'n sin wat uit meer as een klous bestaan. Vergelyk die onderstaande sinne waarin die hoofwoorde telkens in kursief aangedui word en die samestellende klouse van die sin tussen hakies geplaas is.

[Hy *hoop*] [dat ons die kinders sal *stihou*]

[Ongeag wat jy *sê*], [ek gaan vir my 'n nuwe motor *koop*]

[Hy *skiet* toe die hond] [wat die kat *gebyt* het] en [gaan *soek* toe daarna na sy vrou] [wat van die angs skoon *weggehardloop* het]

Daar bestaan in Afrikaans verskillende metodes om klouse met mekaar te verbind om saamgestelde sinne te vorm. Die belangrikste drie is:

- neweskikking (met behulp van neweskikkers of deur jukstaposisie)
Ek wil kos hê want (newsikker) *ek is honger*.
- onderskikking (met behulp van onderskikkers)
Hy wil kos hê omdat (ondersikker) *hy honger is*.
- skakeling met behulp van verbindingsadjunkte
Hy is nie maer nie; trouens (verbindingsadjunk), *hy is so vet soos 'n vark*.

In die verbinding van klouse met verbindingsadjunkte word die geheel nie verbind tot 'n enkele sintaktiese struktuur nie. Hulle verbind net twee of meer klouse semanties. Dikwels word die klouse dan elkeen as 'n aparte sin (met 'n hoofletter en punt) geskryf. Kom ons beskou hierdie prosesse elkeen van naderby.

5.5.1 Newsikking

Weet jy wat 'n newsikkingkonstruksie is? Kan jy 'n voorbeeld gee van 'n newsikkingende sin?

In die newsikkingkonstruksie verbind die newsikker twee of meer onafhanklike sinne met mekaar, dit is sinne/klouse wat elkeen op hulle eie as selfstandige sin gebruik sou kon word.

Ter illustrasie: Die sin

Ek wil kos hê want ek is honger.

bestaan uit die twee klouse [*Ek wil kos hê*] en [*Ek is honger*], wat elkeen as 'n selfstandige, grammatikaal korrekte sin gebruik kan word met behoud van die woordorde wat hulle in die newsikkingensin het.

Elkeen van hierdie sinne van 'n newsikkingkonstruksie noem ons 'n **konjunk**. Die belangrikste sintaktiese kenmerk van die newsikkingkonstruksie is dat elkeen van die konjunkte hoofsinwoordvolgorde het, dit wil sê die woordorde wat kenmerkend is van die drie soorte sinne wat ons in Afrikaans onderskei.

Meerdere sinskonjunkte kan natuurlik in 'n newsikkingkonstruksie voorkom, in welke geval die newsikkingkonstruksie uit meer klouse en newsikkers, almal van dieselfde status, bestaan, byvoorbeeld: *Jan is hier en Piet is hier, maar hulle luister nie*. Die drie klouse is dan:

[Jan is hier] en

[Piet is hier] maar

[Hulle luister nie]

Die drie klouse word dan verbind met die voegwoorde/newsikkers *en* en *maar*.

Neweskikkingskonstruksies vereis egter nie noodwendig die aanwesigheid van 'n neweskikker nie. Sinskonjunkte kan ook deur jukstaposisie aaneen geryg word, byvoorbeeld:

Ek stel nie belang in die man nie, ek wil sy werk sien.

Dit was warm, ons was moeg, die son wou nie sak nie en ons was dors.

Aktiwiteit 5.9

In die onderstaande lys woord vind jy 'n aantal van die neweskikkers in Afrikaans. Gee 'n voorbeeld van 'n neweskikkende saamgestelde sin by elkeen wat die gebruik van die neweskikker met die betrokke betekenis illustreer. Byvoorbeeld: Jannie is hier *en* (aaneenskakelend) Sarie is hier, *maar* (teenstellend) hulle is onbetrokke by dit wat hier aangaan.

en, maar, beide, sowel, hetsy, as, want

5.5.2 Onderskikking

Hoe dink jy verskil onderskikkingskonstruksies van neweskikkingskonstruksies?

Onderskikkingskonstruksies bestaan minimaal uit 'n hoofsin en 'n bysin; byvoorbeeld:

Hoofsin

[Jan hoop]

[Jan hoop]

Bysin

[dat hulle die wedstryd sal wen]

[om die wedstryd te wen]

Sintakties is die onderskikkingskonstruksie herkenbaar aan die afhanklike woordorde van die bysin. Sulke bysinne begin met voegwoorde (*dat, en, om, bo*) en al die werkwoordelike elemente verskuif na die einde van die sin, wat inhou dat die bysin nie self as selfstandige sin kan optree nie; byvoorbeeld

* *dat hulle die wedstryd sal (Mw.) wen (Hw.)*

Hoofsin: afhanklike woordorde en bysin: afhanklike woordorde

In onderskikkingskonstruksies soos bogenoemde het die hoofsin onafhanklike woordorde, soos enige selfstandige enkelvoudige sin, en die bysin afhanklike woordorde. Bysinne verskil dus van hoofsinne daarin dat die bysin (meestal) met 'n onderskikker begin (vgl. *dat* en *om*) en afhanklike woordorde het.

Volle bysinne

Na hulle vorm (of binnebou) onderskei ons net twee soorte bysinne, naamlik volle bysinne en infinitiefsinne. Volle bysinne het altyd 'n gespesifiseerde onderwerp (in vetdruk hieronder), soos byvoorbeeld in:

*dat **hulle** die wedstryd sal wen*

*omdat **die kinders** nie wil luister nie.*

Infinitiefsinne

Hierteenoor begin infinitiefsinne altyd met die onderskikker *om*, die hoofwerkwoord verbind met die modale partikel (Mp.) *te* en hulle het GEEN gespesifiseerde onderwerp nie (al is dit soms moontlik om uit die res van die saamgestelde sin af te lei wat hierdie geïmpliseerde onderwerp is); byvoorbeeld:

VOEGW.		Mp.	Hw.
om	—	die wedstryd te	wen
om	—	die boek gemaklik	te kan lees.

In die eerste infinitiefsin is die stuk [*die wedstryd*] nie die onderwerp van die sin nie, maar die voorwerp. Die onderwerp (handelende persoon) word nie vermeld nie. In die tweede sin verwys die stuk [*die boek*] na dit wat gelees word, dit wil sê dit is die voorwerp van die sin en nie die onderwerp nie.

In al ons voorbeelde tot dusver het ons slegs 'n hoofsin en een bysin gehad. 'n Saamgestelde sin kan natuurlik uit meerdere bysinne bestaan, byvoorbeeld:

Hulle hoop [om die vlot môre te voltooi] [anders sal hulle nie die prys wen nie]

Die man [wat gister hier was] is siek, [want hy het gif ingekry]

Funksies van bysinne

Bysinne verrig binne saamgestelde sinne verskillende sintaktiese en semantiese funksies, afhangende van die res van die sin waarin hulle voorkom. Ter illustrasie: in die onderstaande twee sinne het ons telkens met 'n *dat*-bysin (volle bysin) te make, maar die twee sinne verskil in hulle funksie:

[Dat hy gelieg het], is waar (Onderwerpsin)

Ons dink [dat hy gelieg het] (Voorwerpsin)

Bysinne verrig in die breë een van twee funksies:

- hulle tree op in die plek van 'n ontbrekende konstituent in 'n ander sin en verrig gevolglik die funksie van die ontbrekende konstituent
- hulle kwalifiseer 'n ander konstituent, en, afhangende van die besondere konstituent, word hulle verskillend benoem.

Nuttige wenk:

As jy 'n saamgestelde sin wil ontleed, is dit 'n goeie strategie om die volgende prosedure te volg:

- Merk eers al die hoofwerkwoorde in die saamgestelde sin, dan weet 'n mens uit hoeveel klouse dit saamgestel is. Grens die klouse met hakies af. Byvoorbeeld:

[Hulle HOOP] [om die vlot môre te VOLTOOI]

- Identifiseer vervolgens die bysinne aan die hand van die voegwoorde en die woordorde van die klouse.

Hoopsin

[Hulle HOOP]

Bysin

[OM die vlot môre te VOLTOOI]

- Bepaal dan wat die funksie van die bysinne is, dit wil sê hoe hulle ten opsigte van die hoofsin of die ander bysinne, indien dié aanwesig is, optree.

Hou by die laaste stap in gedagte dat bysinne in 'n ander klous óf op die plek van 'n ontbrekende sin in die ander klous optree, óf 'n ander stuk in die bysin nader omskryf. Let ook daarop dat die eerste klous in 'n saamgestelde sin nie noodwendig die hoofsin is nie. In 'n sin soos *Sodra jy hier is, kan ons gaan* staan die bysin eerste en die hoofsin volg daarna.

Aktiwiteit 5.10

- 5.10.1 Gebruik die volgende voegwoorde en verbind die sinne hieronder sodat die saamgestelde sin telkens 'n logiese sin vorm:

Redes	Gevolg	Voorwaarde	Teenstelling
omdat	dus	of	maar
want	daarom	as	nogtans
aangesien	gevolglik	indien	tog
sodat	derhalwe	tensy	dog
Tyd	Vergelyking	Vrae	Bykomend
intussen	asof	wat	en
terwyl	soos	wie	buitendien
sedert	waar	sowel ...	as
sodra	hoe	verder	

- Sy kind is veilig. Hy voel tevrede.
- Hy het goeie werk. Sy vrou is siek. Hy voel ongelukkig.
- Jy moet meer geloof hê. Jy moet minder geld hê. Jy sal vrede in jou hart hê.
- Dit lyk so. Hy is skaam vir mense.
- Jy kom werk toe. Jy word betaal.

- 5.10.2 Identifiseer die bysinne in die onderstaande sinne en benoem elkeen na die vorm (bv volle bysin of infinitiefsin) en na die funksie (bv onderwerpsin, predikaatsin) daarvan.

- Dat 'n swart kat geluk bring, is 'n bekende geloof.
- Ek het ongelukkig vergeet om hom daarvan te sê.
- Tjaart sweer daarby dat hy Saterdagand tuis was.

- (d) Dit blyk dat hy die enigste erfgenaam is.
- (e) Haar plan om te bedank, het almal ontstel.

5.6 Tyd vir refleksie

Jy het in hierdie leereenheid nadere kennis gemaak met sintaksis en kan jouself vervolgens afvra hoe en waar sintaksis in die wêreld inpas.

Mense in alle beroepe gebruik sintaksis, wetend of onwetend. Dit is dus 'n noodsaaklike voorvereiste vir alle beroepe. Ingenieurswese, redigering, vertaling, kopieskryf, onderwys, taalonderrig en -opleiding, teks- of dokumentontwerp, uitsaaiwese, mediawerk, kommunikasie. Die lys is oneindig.

By alle beroepe gaan dit oor die korrektheid van taalgebruik, veral ten opsigte van grammatika, alledaagse idioom en segswyse, sinsbou en woordorde, spelling en leestekengebruik binne 'n betrokke vakgebied.

5.7 Om op te som

In hierdie leereenheid het ons in die eerste plek uitgebreid ingegaan op die binnebou van die NS, AS, SG en die WS. Daarna het ons aangedui tot watter soort sintipe die enkelvoudige sin behoort, uit watter soort sinstukke dit saamgestel is, uit watter woordsoorte elke sinstuk opgebou is, wat die woordvolgorde van 'n sin is, wat die funksie van spesifieke sinstukke in 'n sin is en in watter verskillende funksies bepaalde sintipes gebruik kan word.

Ten opsigte van die saamgestelde sin het ons aangedui uit hoeveel klouse dit saamgestel is, of dit 'n neweskikkende of 'n onderskikkende konstruksie is, wat die kenmerke van neweskikkingskonstruksies is, watter soorte bysinne in onderskikkingskonstruksies voorkom, en watter funksies hulle in sinsverband verrig.

5.8 Verwysings

- Botha, JP. (Red.) 1983. *Werkboek by die Afrikaanse taalkunde*. Pretoria: Van Schaik.
- Botha, JP. 1985. *Afrikaanse sintaksis vir voorgraadse studente*. Johannesburg: McGraw-Hill.
- Botha, JP. 1987. *Afrikaanse sintaksis vir voorgraadse studente*. Johannesburg: Lexicon.
- Botha, TJR. 1989. *Inleiding tot die Afrikaanse taalkunde*. Tweede, hersiene uitgawe. Pretoria: Academica.
- Carstens, WAM. 2011. *Norme vir Afrikaans. Enkele riglyne by die gebruik van Afrikaans*. Vyfde uitgawe. Pretoria: Van Schaik.
- Carstens, WAM en Bosman, N. (Reds.) 2017. *Kontemporêre Afrikaanse taalkunde*. Tweede uitgawe. Pretoria: Van Schaik.
- Luther, J, Pheiffer, F en Gouws, RH. 2015. *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal*. (6de omvattend herbewerkte en uitgebreide uitgawe.) Kaapstad: Pearson.

Olivier, BG. 1999. Designing a 4-way metabolic junction. MLA dissertation. University of Stellenbosch.

Ponelis, FA. 1979. *Afrikaanse sintaksis*. Pretoria: Van Schaik.

Retief, R. 1984. Bevraging. Ongepubliseerde DPhil-proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika.

Semantiek

6.1 Inleiding

Die mens kommunikeer daagliks deur middel van verskillende media. Hierdie verskillende media staan beter bekend as **tekensisteme**. Ons gebruik uiteenlopende tekens om betekenis mee oor te dra. Sommige tekens is universeel dieselfde terwyl ander tekens gebonde is aan tyd en plek. Dink 'n bietjie hieroor na. Hoeveel van hierdie tekensisteme kan jy in jou eie lewe opnoem? Kom ons kyk na die volgende voorbeelde in Figuur 6.1.



Figuur 6.1: Verskeie voorbeelde van tekensisteme

Die rooi, agthoekige bord met die wit rand dui vir meeste mense op 'n stopteken. Verkeersreëls word wêreldwyd aan ons oorgedra deur middel van padtekens. Daar is nie 'n man wat by 'n stopstraat op motoriste wag en vir elke naderende motorbestuurder gil om te stop nie. Ons leer van kleins af om na die fatsoen en kleur van borde op te let. Verkeer word verder deur die gebruik van ligte gereguleer. Sommige verkeersligte sluit klanke in om blinde mense te begelei. Ons verstaan dat 'n groen lig beteken ons mag ry, net soos wat ons weet dat 'n blou lig met die polisie of ambulans geassosieer moet word, oftewel 'n noodgeval.

Die derde voorbeeld hou verband met die gebruik van vlag. Vandag nog word 'n vlagsisteme deur matrose gebruik om oor verskeie sake met mekaar te kommunikeer. Nie net die vorm, motief en kleur van die vlag nie, maar ook die manier waarop die vlag geswaai word, beteken iets. Wanneer iemand 'n publieke toilet nodig het, is daardie persoon gewoonlik op die uitkyk vir die laaste teken. Dit is veral gerieflik wanneer jy in 'n vreemde land is waar jy nie die taal verstaan nie!

'n Tekensisteme is uiteraard nie tot visuele tekens beperk nie. Wanneer 'n mens 'n skoolklok of huisalarm hoor, maak jy ook die nodige afleidings. Tekensisteme neem verskillende vorme aan. Taal is ook 'n tekensisteme. Elke klank, elke affiks, elke naamwoordstuk, elke paragraaf kwalifiseer as afsonderlike asook saamgevoegde tekens. Dit alles dra betekenis oor.

In die voorafgaande leereenhede het jy kennis gemaak met 'n paar boustene van 'n taal soos Afrikaans. Jy is eerste aan die klankstruktuur van Afrikaans bekendgestel. Daarna het jy gesien hoe ons die klanke saamvoeg om bakstene te vorm en hoe ons daardie bakstene op mekaar pak om woorde te skep. In die vierde leereenheid het jy geleer hoe ons hierdie woorde in 'n aantal volgordes rangskik en sodoende (meestal) verstaanbare gesprekke struktureer. Wanneer ons praat of skryf, skep ons taal en wanneer ons luister en lees, ontsyfer ons taal. Ons is konstant besig om afsonderlike tekens met mekaar te kombineer om met mens en dier te kommunikeer. Ons is van betekenis afhanklik om te funksioneer.

Daarom is dit taamlik sinloos om fonetiek en fonologie, morfologie en sintaksis te bestudeer as jy nie die semantiek daarmee saam oorweeg nie. Dit kom alles uiteindelik op betekenis neer en in hierdie leereenheid gaan ons betekenis as verskynsel van nader leer ken, want semantiek is die studie van betekenis.

Aktiwiteit 6.1

Voordat jy verder gaan, bestudeer die volgende afdelings van Hoofstuk 8 wat as **e-reserwe** opgelaa is: **Hoofstuk 9: Afrikaanse semantiek, afdeling 1: “Inleiding”;** **afdeling 2: “Beknopte historiese oorsig: Grondleggers van die moderne taalkunde en verdere ontwikkelings”;** **afdeling 3: “Herkoms en betekenis van die woord *semantiek*”;** en **afdeling 4: “Die wetenskaplike studie van betekenis”.**

UITKOMSTE

Na afloop van jou studie is jy veronderstel om te kan verduidelik wat semantiek in die breë behels. Jy moet die verskynsels binne die semantiek kan omskryf en verduidelik wat bepaalde woorde binne konteks beteken. Verder moet jy in staat wees om die onderskeie relasies tussen woorde aan te dui en ook die verhoudings tussen woorde en die wêreld daarbuite te beskryf en te verklaar.

6.2 Wat is betekenis?

Wat is betekenis? Kan jy dit uit die vuis definieer? Nee, dit is nie juis moontlik nie. Betekenis is nogal kompleks en kan by tye selfs 'n bietjie ontwykend wees. Kom ons doen eers 'n kort oefening voordat ons verder gaan.

Aktiwiteit 6.2

Stel jou voor jy sit op 'n bankie in 'n mooi park. By elke ingang van die park is daar 'n kennisgewingbord. Op die kennisgewingbord, soos aangedui in Figuur 6.2, staan die volgende geskryf:



Figuur 6.2: Kennisgewingbord

Wat beteken hierdie kennisgewing? Sou jy sê die kennisgewing is taamlik voor die hand liggend? Is die bewoording dalk dubbelsinnig? Waarom is hierdie kennisgewing opgerig? Wat dink jy?

Terugvoer

Met die eerste oogopslag lyk dit of die owerheid mense vermaan om nie met hulle karre of motorfietse by die park in te ry nie. Die park is immers daar vir ontspanning en voertuie soos karre en motorfietse kan skade aan die park aanrig of mense se ontspanning versteur. Maar wat beteken die woord “voertuie” werklik? Wat is ’n voertuig? Die HAT verwys daarna as ’n ryding wat goedere of passasiers vervoer, byvoorbeeld ’n wa, slee, motor en vervoermiddel. (Laasgenoemde is self effens onduidelik en dra verder tot die verwarring by, want wat beteken “vervoermiddel” werklik?)

Wat maak ons met mense wat met rolstoele, rolskaatse, skaatsplanke of trapfietse in ’n park rondbeweeg? Wat van trollies en stootwaentjies? Kwalifiseer dit nie ook alles as voertuie nie? Hoewel die owerheid nie bedoel om mense in rolstoele in parke te verbied nie, plaas die woorde in die kennisgewing wel ’n beperking op daardie mense. Soos jy kan sien, is betekenis selde voor die hand liggend.

Aktiwiteit 6.3

Die volgende sinne is eintlik vaag en daarom verwarrend. Verduidelik kortliks waar die verwarring lê.

6.3.1 Geen diere in die hospitaal toegelaat nie!

6.3.2 Handig alle gevaarlike wapens by die sekuriteit in alvorens u die vertrek betree.


6.3.3 Man, hou op om jou soos ’n aap te gedra!

Kenmerke van betekenis

Bosman en Pienaar (2014) verwys na ’n paar kenmerke van betekenis, onder meer dat dit simbolies, arbitrêr, konvensioneel en vaag kan wees. Dink aan die woord “STOP”. Hoewel die woord aandui dat iets in beweging tot stilstand moet kom, het die woord ook ’n simboliese

waarde gekry. Veral wanneer die woord in wit letters op 'n rooi, agthoekige bord verskyn. Selfs al kan jy nie die woord lees nie, weet jy wat dit beteken.

Betekenis is egter **arbitrêr**. Dit beteken dat daar nie 'n logiese en universele verband tussen die teken (die voorstelling) en die betekenis is nie. Vergelyk die volgende twee tekens in Figuur 6.3.



Figuur 6.3: Stoptekens

Al twee is stoptekens. Die een aan jou linkerkant is 'n Japannese stopteken. Die kleurgebruik is dieselfde as die meer algemene teken regs, maar die fatsoen en bewoording van die twee borde is arbitrêr. Dit is dan ook hier waar **konvensie** 'n rol speel. Die meeste volke in die wêreld verkies om die agthoekige bord te gebruik.

Om te verduidelik hoe woorde vaag en ontwykend kan wees, verwys ons jou weer na ons voorbeeld van voertuie in 'n park. Die woord “voertuig” lyk aanvanklik heel duidelik, maar soos ons reeds gesien het, is dit eintlik 'n vae woord wat die uiteindelijke betekenis (en toepassing!) van die kennisgewing beïnvloed.

Ons verstaan betekenisstrukture meestal konseptueel. Dit beteken dat ons konsepte met ons rondra. En daardie konsepte is aansienlik ryker en groter as enkele woorde. Konsepte is ook dikwels aan mekaar verbind in netwerke.

Lees die volgende gedeelte wat as **e-reserwe** opgelaa is: **Hoofstuk 9: Afrikaanse semantiek, afdeling 11, “Woordvelde”**.

Konsepte word deur plek, tyd en kultuur bepaal. Dink aan jou konsep van 'n hond. As jy 'n hondemens is, sien jy nie bloot 'n viervoetige dier nie, maar 'n vriend wat lojaal, intelligent en vriendelik is. 'n Hond is jou kameraad. 'n Persoon wat as kind deur 'n hond stukkend gebyt is, het 'n totaal ander konsep van honde. Vir só 'n persoon is 'n hond 'n gevaarlike en wrede dier. Sommige mense beskou honde as werkdier. Hulle moet jag, vee oppas, items vervoer en dwelms of bomme uitsnuffel. In lande soos Sjina en Viëtnam word honde geëet ... Jou konsep van honde bepaal ook by watter netwerk daardie konsep inskakel. As jy 'n hondemens is, sluit jou konsep van honde aan by ander konsepte soos loyaliteit, vriendskap, kameraadskap, betroubaarheid, liefde, ensovoorts.

Lees vervolgens **Hoofstuk 9: Afrikaanse semantiek, afdeling 5.1: “Die konseptuele aard van betekenis”** en **afdeling 5.2: “Kenmerke van betekenis”** wat as **e-reserwe** opgelaa is.

Aktiwiteit 6.4

6.4.1 Verduidelik kortliks in jou eie woorde wat bedoel word met die volgende terme:

6.4.1.1 Konsep

6.4.1.2 Konvensie

6.4.1.3 Arbitrêr

6.4.2 Dink jy die volgende items se betekenis is arbitrêr of konvensioneel? Hoekom sê jy so?



6.4.2.1 Die woord “perd” (in vergelyking met “horse”, “cheval”, “caballo”, ens).

6.4.2.2 Die woord “republiek”.

6.4.3 Kom ons bestudeer die konsep van die term “walvis”.

6.4.3.1 Skryf neer wat alles by jou opkom wanneer jy die term “walvis” hoor of lees.

6.4.3.2 Wat dink jy is ’n aktivis by Green Peace se konsep van ’n walvis?

6.4.3.3 Wat dink jy is ’n marinebioloog se konsep van ’n walvis?

6.4.3.4 Teken ’n breinkaart waarin jy aandui waarmee “walvis” konseptueel alles verband hou.

6.3 Hoe beskryf ons die wêreld?

Dit klink dalk na ’n geyske ding om te sê, maar die mens woon nie in isolasie nie. Ons woon op die planeet Aarde. Ons woon elkeen in ’n land waar ons aan bepaalde kultuurgroepe behoort. Ons word omring deur landskap, natuur, mensgemaakte strukture en ander mense. Met ander woorde, ons leef tussen goeters. Al hierdie goeters, al die gebeurtenisse, alles (!) kan benoem word. Ons gebruik onder meer taal om alles in ons wêreld mee te beskryf. Ons beskryf wat ons met ons sintuie waarneem, ons beskryf wat ons ervaar, ons beskryf wat ons voel en wat vir ons in die toekoms voorlê. Hierdie wêreld lê egter buite taal, want selfs al was jy stom, blind en doof en bestaan taal nie vir jou nie, leef jy steeds in ’n wêreld, selfs al is dit afgesonder van die strukture van taal. Taal is dus een van die baie dinge in jou onmiddellike wêreld en dit is gedeeltelik deur middel van taal dat jy sin maak van die wêreld rondom jou.

Ons kan die maniere waarop ons die wêreld beskryf binne die semantiek bestudeer in die vorm van verwysing, denotasie, leksikale betekenis en konnotasie.

6.3.1 Verwysing

Die verhouding tussen woorde (aan die een kant) en alles in ons wêreld (aan die ander kant) staan bekend as “**verwysing**”. Ons gebruik taal om na alles te verwys wat buite taal lê, oftewel dit wat in die buitetalige wêreld voorkom. Hou in gedagte dat verwysing konteksgebonde is.

Lees **Hoofstuk 9: Afrikaanse semantiek, afdeling 5.3: “Verwysing”** wat as **e-reserwe** opgelaa is.


Kom ons kyk weer na Bosman en Pienaar (2014) se voorbeeldsin:



“Die plante verdroog in die son.”

Sowel “plante” as “son” verwys na spesifieke goed in die buitetalige wêreld. As referente dui “plant” op ’n organisme wat groei en baie waarskynlik ’n wortelsisteem en blare het, terwyl “son” op ’n hemelliggaam in ons sonnestelsel dui wat energie uitstraal. Hoe kan konteks ’n invloed op verwysing uitoefen? Vergelyk die volgende gesprek tussen Jan en San:

Jan: Ek het sopas gehoor dat ons nie verhogings kry hierdie jaar nie! En dat die bonusse gekanselleer gaan word weens drastiese besuinigings in die firma ...

San: Wat?! Dit maak my woedend! Ek sloof my af en vir wat? Groot firmas soos hierdie waardeer nie hul werkers nie. In plaas daarvan dat hulle die plante natlei, verdroog die plante in die son.



Nou goed, ons weet dat “plant” beteken ↗  en dat “son” beteken ↗ . Maar in die konteks van die gesprek tussen Jan en San verskil die verwysing van “plante” en “son” van daardie woorde se ensiklopediese betekenis. In die bostaande gesprek dui “plante” op die werkers in ’n betrokke firma en “son” op die werksomstandighede. Die **konteks** is dus veelseggend en kardinaal.

Wanneer ons woorde se betekenis bestudeer sonder om konteks in ag te neem, praat ons van **denotasie**.

6.3.2 Denotasie

Denotasie verwys ook na items of sake in die buitetalige wêreld, soos verwysing, maar daardie betekenis is gewoonlik vas en onafhanklik van konteks. Mense assosieer denotasie dikwels met ’n woord se “woordeboekdefinisie”. Hoewel dit nie heeltemal korrek is nie, help dit tog om denotasie te verstaan as al die betekenisonderskeidings wat daardie woord in die buitetalige wêreld reflekteer.

Lees **Hoofstuk 9: Afrikaanse semantiek, afdeling 5.4: “Denotasie”** wat as **e-reserwe** opgelaa is.

Aktiwiteit 6.5

- 6.5.1 Verduidelik kortliks in jou eie woorde wat die terme “verwysing” en “referent” beteken.
- 6.5.2 Verduidelik kortliks in jou eie woorde wat die terme “denotasie” en “denotata” beteken.
- 6.5.3 Verduidelik kortliks in jou eie woorde wat die verskil tussen verwysing en denotasie is.
- 6.5.4 Bestudeer die onderstaande sinne. Dui eers die denotasie en denotata aan en daarna die verwysings en verbandhoudende referente.
 - 6.5.4.1 Die voëltjie in die koutjie sing ’n pragtige liedjie.
 - 6.5.4.2 Wanneer ek in Sjina is, eet ek graag Westerse kos.
 - 6.5.4.3 Niemand het ’n idee waar ek my sleutels gelaat het nie.
 - 6.5.4.4 ’n Walvis swem in die Teemsrivier op.
 - 6.5.4.5 Hy het gister ’n vliegtuigkaartjie na Rome bespreek.
 - 6.5.4.6 Daardie gebreekte trekker wat langs die riviermonding staan, moet nog herstel word.
 - 6.5.4.7 Die McDonalds-burger trek baie vinnig olie.
 - 6.5.4.8 Hoe laat daag die Van Rensburgs by die kerksaal op?
 - 6.5.4.9 Enige enkelopende is welkom om by die klub aan te sluit.
 - 6.5.4.10 Ek was vir twee weke op ’n pelgrimstog in Kambodja.

6.3.3 Leksikale betekenis

Leksikale betekenis word meestal in die vorm van sinonimie en teenoorgesteldheid uitgedruk. Dit wil sê ons kyk na die ooreenkomste en verskille wat woorde weerspieël en dan groepeer ons daardie woorde in kategorieë. Hou leksikale betekenis in gedagte wanneer afdeling 6.4 aan bod kom.

Lees **Hoofstuk 9: Afrikaanse semantiek, afdeling 5.5: “Leksikale betekenis”** wat as **e-reserwe** opgelaai is.

Aktiwiteit 6.6

Bestudeer die kort lysie met woorde wat volg. Dui by elkeen hul semantiese onderskeibare kenmerke (SOKs) aan. Byvoorbeeld, “hond”: [+soogdier] [+troeteldier] [+jag] [+sport] [+polisie] [-wild].

- 6.6.1 broer
- 6.6.2 roomys
- 6.6.3 produk
- 6.6.4 korrupsie
- 6.6.5 beker

6.3.4 Konnotasie

Ons het reeds gesien dat woorde binne en buite gespreksituasies na items in die buitetalige wêreld kan verwys (verwysing en denotasie). Hierbenewens kan woorde ook 'n emotiewe waarde bykry. Met ander woorde, enersyds het 'n woord 'n vaste betekenis sowel binne as buite konteks, en andersyds word verskeie waardes met 'n woord geassosieer. 'n Geykte voorbeeld is sekerlik "appel". Die denotasie van "appel" is 'n soort vrug, terwyl die **konnotasie** van "appel" op gesondheid, wellus, verlossing, ensovoorts kan dui.

Lees **Hoofstuk 9: Afrikaanse semantiek, afdeling 5.6 "Konnotasie"** wat as **e-reserwe** opgelaa is.

Aktiwiteit 6.7

6.7.1 Is die volgende onderstreepte woorde tiperend van emotiewe of stilistiese konnotatiewe waardes? Waarom sê jy so?

6.7.1.1 "Krenterige Jan haal selde 'n duit uit sy sak." EMOTIEF STILISTIES

6.7.1.2 "Susan raak mooi dik om die middel." EMOTIEF STILISTIES

6.7.1.3 "Die kwaksalwer het weer vir my slegte doepa voorgeskryf." EMOTIEF STILISTIES

6.7.1.4 "Jong, daardie Ansie kan darem met 'n verslag toor!" EMOTIEF STILISTIES

6.7.1.5 "My seun was nog altyd die skrander soort gewees." EMOTIEF STILISTIES

6.7.2 Vervang die onderstreepte woorde hierbo met nuwe woorde sodat die konnotatiewe betekenis verander. Let wel, die sin moet nog steeds logies lees.

6.7.3 Vergelyk die sinne wat ons vir jou hierbo gegee het met jou weergawe. Hoe het die betekenis verander? Het die sin 'n positiewe of negatiewe waarde gekry? Die woord "kreterig" het byvoorbeeld 'n negatiewe waarde.

6.4 Watter verhoudings bestaan daar tussen woorde?

Omdat woorde en uitdrukkings netwerke vorm, hou hulle dikwels met mekaar verband. Hulle staan in verhouding tot mekaar. In sommige gevalle druk woorde of uitdrukkings soortgelyke betekeniswaardes uit (sinonimie), terwyl ander woorde of uitdrukkings soms teenoorgesteldes beklemtoon (antonimie). Wanneer woorde of uitdrukkings hiërargiese verhoudings reflekteer, praat ons daarvan as hiponimie. En wanneer een woord verwarring veroorsaak omdat meerdere betekenis oënskyklik moontlik is, verwys ons daarna as polisemie en homonimie.

6.4.1 Sinonimie

Mense is geneig om te dink dat **sinonieme** woorde *dieselfde* betekenis dra. Dit is baie selde die geval. Meestal het sinonieme *soortgelyke* betekenis, dit wil sê daar is altyd subtiële betekenisverskille te bespeur. Bosman en Pienaar (2014: 258) praat van absolute en gedeeltelike sinonieme. In Afrikaans sit ons ook met sinonieme weens ons Germaanse en Romaanse woordeskat!

Lees die volgende gedeeltes uit die **e-reserwe Hoofstuk 9: Afrikaanse semantiek, afdeling 7: “Paradigmatiese leksikale betrekking: Sinonieme, teenoorgesteldheid en hiponieme”** (net die inleiding) asook **afdeling 7.1: “Sinonieme”**.

Aktiwiteit 6.8

Toets jou semantiese intuïsie in die volgende gevalle. Die tweede woord kan die eerste woord vervang:

6.8.1	Sy is pragtig/mooi.	JA	NEE
6.8.2	Dit is 'n delikate/fyn saak.	JA	NEE
6.8.3	Hy het 'n swak/delikate gestel.	JA	NEE
6.8.4	Die gereg het 'n fyn/delikate smaak.	JA	NEE
6.8.5	Ek is doodbang/bevrees vir slange.	JA	NEE
6.8.6	Hy het breë/wye skouers.	JA	NEE
6.8.7	Ek verf 'n breë/wye streep op die muur.	JA	NEE
6.8.8	Dit is 'n breë/wye poort.	JA	NEE
6.8.9	Dit is 'n delikate/teer saak.	JA	NEE
6.8.10	Ek het die saak op 'n slim/skelm wyse gewen.	JA	NEE

6.4.2 Antonimie

Die interessante ding omtrent antonimie is dat hoewel **antonieme** teenstelling aandui, hierdie woorde en uitdrukkings gewoonlik ook baie gemeen het! Vir woorde om werklike antonieme te wees, moet daar dus 'n paar ooreenkomste wees. Ons kan antonieme ook in groepe verdeel: sommige antonieme komplementeer mekaar (manlik x vroulik), sommige is gradeerbaar (vinnig x stadig) en ander is omkeerbaar (losmaak x vasmaak). Kyk 'n bietjie wat sê Bosman en Pienaar (2014) hieroor.

Lees **Hoofstuk 9: Afrikaanse semantiek, afdeling 7.2: “Semantiese teëstelling”** wat as **e-reserwe** opgelaa is.

Aktiwiteit 6.9


6.9.1 Bestudeer die volgende antoniempare en dui aan hoe hulle ooreenstem. (Dui dus die gedeelde betekeniseienskappe aan.)

- 6.9.1.1 lank x kort
- 6.9.1.2 oud x jonk
- 6.9.1.3 arm x ryk
- 6.9.1.4 vinnig x stadig
- 6.9.1.5 goed x sleg

- 6.9.2 Sê of die volgende voorbeelde komplementêre, gradeerbare of omkeerbare teenoorgesteldes is.
- 6.9.2.1 getroud x geskei
 - 6.9.2.2 vol x leeg
 - 6.9.2.3 skrande x dom
 - 6.9.2.4 gesond x ongesond
 - 6.9.2.5 besit x behoort
 - 6.9.2.6 vriendelik x ongeskik
 - 6.9.2.7 ryk x arm
 - 6.9.2.8 opgooi x sluk
 - 6.9.2.9 goedkoop x duur
- 6.9.3 Gee die antonieme vir die volgende onderstreepte woorde.
- 6.9.3.1 Eiers is deesdae spotgoedkoop.
 - 6.9.3.2 Die versoek sal waarskynlik toegestaan word.
 - 6.9.3.3 Daar was verskeie hewige aardskokke.
 - 6.9.3.4 Daardie mense se kleredrag is modern.
 - 6.9.3.5 Die dokter doen 'n ingewikkelde operasie.
 - 6.9.3.6 In sommige lande kom aardbewings dikwels voor.
 - 6.9.3.7 Die kinders het vroeg opgestaan.
 - 6.9.3.8 Die sokkerspeler is deur die skare uitgejou.
 - 6.9.3.9 Dit is 'n tragiese verhaal.
 - 6.9.3.10 Die see is vandag besonder onstuimig.

6.4.3 Hiponimie

Ons kan die verhoudings tussen woorde (veral konkrete kategorieë) verder bestudeer deur eerstens te bepaal watter lede almal binne 'n kategorie hoort (insluiting) en dan daardie lede hiërargies te struktureer. 'n Eenvoudige boomdiagram help ons om die verhoudings uit te ken. Vergelyk die volgende voorbeeld:



Figuur 6.4: Boomdiagram om verhoudings uit te ken

Die woord “breekware” is die oorkoepelende klas en staan bekend as die superordinaat of **hiperniem**. Die tweede vlak word die subordinaat of **hiponiem** genoem.

Een van die kenmerke van hiponimie is eensydige implikasie. Dit beteken dat hiponieme hul superordinate impliseer, maar dat die omgekeerde nie moontlik is nie. Byvoorbeeld *borde*, *bakkies*, *koppies* en *bekers* impliseer “breekware”, maar breekware impliseer nie noodwendig alle soorte bekere of borde nie. ’n Kaasbord word van hout of steen gemaak, terwyl sommige kosborde uit blik, glas, keramiek en porselein bestaan.

Hiponimiese implikasie kan nog verder gaan. Vergelyk die volgende sin: “Nie alle slange is giftig nie.” Implikasie: nie alle *reptiele* is giftig nie. Implikasie: nie alle *diere* is giftig nie.

Lees **Hoofstuk 9: Afrikaanse semantiek, afdeling 7.3: “Hiponimie”** wat as **e-reserwe** opgelaa is.

Aktiwiteit 6.10

6.10.1 Teken ’n boomdiagram vir elkeen van die volgende woorde om hul hiponiemstrukture aan te dui. Let wel, jy moet self bepaal of die betrokke woord ’n superordinaat of subordinaat is.

6.10.1.1 mamalia

6.10.1.2 selfoon

6.10.1.3 karavaan

6.10.1.4 storieboek

6.10.2 Wat is meronimie en hoe verskil dit van hiponimie? Doen self ’n bietjie navorsing om hierdie vraag te beantwoord.

6.4.4 Prototipes

Jy het reeds iets omtrent die verhouding tussen woorde geleer. Jy weet dat woorde soms soortgelyke betekenisse het, maar dat woorde ook van mekaar kan verskil. Jy weet dat ’n mens die semantiese kenmerke wat woorde van mekaar onderskei, kan aandui en op só ’n manier die betekenis van woorde kan gradeer. Jy weet ook teen hierdie tyd dat ons woorde **kategoriseer** en die leksikale items binne **kategorieë** hiërargies orden. Die studie van **prototipes** kombineer al hierdie aspekte.

Jy kom prototipes weer teë wanneer ons na polisemie kyk, daarom is dit sinvol om nou reeds met prototipes kennis te maak.

Een van die redes waarom ons woorde (en inligting in die algemeen) kategoriseer, is om betekenis te prosesseer en te verteer. Met ander woorde, ons kategoriseer sodat ons sin kan maak van iets. Die volgende kenmerke omtrent kategorisering is belangrik: kategorisering is subjektief, kategorieë het nie vaste grense nie, **lidmaatskap** is gradeerbaar, kategorisering is verbind aan ervaring, met spesifieke verwysing na liggaamlike ervaring.

Ons gaan hierdie kenmerke verduidelik aan die hand van Labov se houer-eksperiment (1973).


William Labov is ’n baie invloedryke sosiolinguïst en sy houer-eksperiment is wêreldbekend.

Doen ons weergawe van die eksperiment nou eers voordat jy die kommentaar lees. Dit is beskikbaar op *myUnisa, Additional Resources, Leereenheid 6 – Eksperiment.*

Voordat ons die eksperiment bespreek, moet ons vinnig verklaar wat 'n prototipe is. 'n **Prototipe is die beste voorbeeld binne 'n kategorie.** Met ander woorde, uit al die lede van 'n kategorie staan enkele lede uit as die beste verteenwoordiger van daardie kategorie. Dink aan die kategorie vir “voëls”. 'n Duif en 'n spreeu en 'n mossie is goeie voorbeelde van die konsep “voël”, want hulle vertoon baie van die kenmerke wat ons tipies met voëls assosieer. 'n Pikkewyn en volstruis is egter nie tipiese voorbeelde van voëls nie – hulle vlieg byvoorbeeld nie. Hiermee sê ons natuurlik nie dat 'n pikkewyn en 'n volstruis nie voëls is nie. Maar hulle vertoon minder van die kenmerke wat ons tipies met die groepering “voëls” assosieer as duive en mossies en daarom staan hulle meer op die grens van die kategorie “voëls”.

Labov se houers

Die eksperiment is oor 'n tydperk van ongeveer tien jaar uitgevoer. Deelnemers is drie stelle houers gewys: 20 houers waarvan elkeen 'n oor het, 20 houers waarvan elkeen twee ore het en 20 houers waarvan geeneen 'n oor het nie. Daar is heel eerste van deelnemers verwag om die 20 houers (met een oor) te benoem. Daarna is hulle dieselfde 20 houers getoon, maar deelnemers moet hul voorstel dat elke houer vasgehou word en dat elke houer koffie of tee bevat en dat die betrokke persoon suiker daarin roer. In die derde fase is deelnemers aangesê om hulle voor te stel dat daar kapokaartappel of rys in is. In die laaste fase moet deelnemers hulle voorstel dat elke houer op 'n rak of tafel staan en dat die houer vars blomme bevat. Na aanleiding van die relevante konteks (inhoud en lokasie) van elke houer moet deelnemers die houers benoem. Hier onder, in Figuur 6.5, is die houers in Labov (1983: 43) se eksperiment.



Figuur 6.5: Soortgelyke houers in Labov (1983: 43) se eksperiment

Volgens die data het deelnemers aanvanklik begin deur die eerste houer 'n "koppie" te noem. Maar die res van die houers was nie so maklik identifiseerbaar nie. En die oomblik wat deelnemers die houer binne konteks bestudeer, het die benoeming van die houer uitdagender geraak. Woorde soos "koppie" en "beker" word uitgeruil met "vaas" en "bakkie", afhangende van die inhoud. Die identifisering van die prototipe het telkens verander. By die "koffie"-eksperiment was "koppie" die prototipe, maar by die "kapokaartappel"-eksperiment het "bakkie" as prototipe na vore getree. Deelnemers het die eksperiment op al drie die stelle houers toegepas: dié met enkel-ore, dubbel-ore en dié sonder ore.


'n Aantal afleidings kan gemaak word met betrekking tot kategorisering, en prototipes in die besonder. Ten eerste: **kategorieë is subjektief**. Mense vorm kategorieë na aanleiding van hul kennis omtrent die betrokke items. Daardie kennis word sterk deur kultuur bepaal, byvoorbeeld die fatsoen en gebruik van 'n teekoppie is baie bekend aan mense in die Weste. Dieselfde geld 'n beker. In die Weste gebruik ons koppies en bekere om 'n verskeidenheid drankte te drink, maar ook om afmetings mee te maak wanneer ons bak of kook. Die prototipiese betekenis van "koppie" hou vir Weste-linge dus sterk met voedsel verband.

Tweedens, **kategorieë het nie vaste grense nie**. Dit beteken dat ons nie met rigiede sekerheid kan sê dat 'n koppie slegs een vorm, grootte, kleur en funksie het nie. Sommige koppies is klein en ander baie groot. Hulle word vir uiteenlopende redes gebruik. Die grense tussen wat koppies en bekere is, raak maklik troebel. 'n Sopbeker neem dikwels die vorm van 'n koppie aan, maar is groter en bonkiger (dink aan houer nr. 4). Die eksperiment het hierdie punt bewys deurdat deelnemers een oomblik van 'n beker praat, maar sodra daar kapokaartappel in die houer is, word dit as 'n bakkie geklassifiseer.

In die derde plek is items binne **kategorieë gradeerbaar**. Dit beteken dat sommige items meer tipies van 'n kategorie is as ander. Houer nr. 1 is 'n beter voorstelling van 'n teekoppie as houers nr. 11 en 20. Daar is dus grade van koppie-wees. Houers 1, 2, 17 en 18 verteenwoordig verskillende grade van koppie-wees. Hulle verskil miskien in grootte en afmetings, maar dié houers is steeds herkenbaar as koppies.

Die laaste punt wat ons hier wil noem, is die feit dat **kategorisering aan ervaring verbind is**, veral liggaamlike ervaring. Dit wil sê dat die manier waarop ons fisies met items omgaan, help om die betekenis van daardie item te bepaal. Die feit dat baie mense in die Weste sop uit 'n beker drink of eet, bepaal byvoorbeeld die betekenis van houers soos nommers 4 en 16. In Japan eet die meeste mense hulle noedels uit 'n beker. In België drink mense gewoonlik bier uit 'n glas, terwyl baie Duitsers bier uit 'n beker sal drink. Daarom sal Duitsers houers 12 en 13 heel moontlik met bier assosieer, terwyl Belge dit nie noodwendig sal doen nie. Dus, die manier waarop ons items hanteer, help om die betekenis daarvan vas te lê. En die manier waarop ons items hanteer, word meestal deur ons kultuur bepaal.

Om die punt van kultuurinvloed verder te verklaar, verwys ons vlugtig na Labov se oorlose houers. Hiervoor gebruik ons Löbner (2003:262) se voorstelling van Labov se houers.



Figuur 6.6: Oorlose houers in Labov (1983: 43) se eksperiment

In Suid-Afrika sal houer nr. 6 vermoedelik as 'n bakkie (roomys-, sop- of papbakkie) geklassifiseer word en houers nr. 7 en 8 as koeldrankglasies. Kan jy aan ander benamings vir hierdie drie houers dink? In meeste midde- en verre-Oosterse lande drink mense hul tee uit klein glasies. 'n Egiptenaar of Indiër sal eerder houer nr. 8 met tee as koeldrank assosieer, terwyl inwoners van die Franse platteland houer nr. 6 vir tee en koffie gebruik. Houer nr. 7 sal in Sjina en Japan vir tee aangewend word. In Suid-Afrika is dit byna ondenkbaar om jou tee uit enigiets anders as houers nr. 2, 3, en 4 te drink.

Lees **Hoofstuk 9: Afrikaanse semantiek, afdeling 2: “Beknopte historiese oorsig: Grondleggers van die moderne taalkunde en verdere ontwikkelings”** (slegs die gedeelte onder Figuur 9.1) wat as **e-reserwe** opgelaa is.

Aktiwiteit 6.11

Semantiese kategorieë: In Tabel 6.1 hieronder gee ons vir jou twee lyste wat in Eleanor Rosch (1975) se eksperimente gebruik is. Sy het van deelnemers verwag om die items te rangskik na wat hulle as die beste voorbeelde van daardie kategorieë beskou het. Sy het dan tyd gehou om te bepaal hoe vinnig deelnemers die rangskikking doen. Daarna het sy die deelnemers se lyste met mekaar vergelyk en gekyk hoeveel van die rangskikkings kom ooreen. Vir hierdie aktiwiteit verwag ons die volgende:

- 6.11.1 Plaas die items in die twee gegewe kategorielyste in jou eie rangorde. Plaas jou beste voorbeelde eerste en eindig met die item wat volgens jou die swakste voorbeeld is.

6.11.2 Hoe dink jy sal iemand in Meksiko of Indonesië se lys met joune vergelyk? Waar dink jy sal moontlike verskille intree? Dink 'n bietjie hieroor na.

Tabel 6.1: Rosch se twee lyste

KLERE		SPORT	
KATEGORIE-ITEM	RANGORDE	KATEGORIE-ITEM	RANGORDE
Armband		Atletiek	
Baadjie		Basketbal	
Bloes		Bofbal	
Bra		Boks	
Bril		Boogskiet	
Broek		Bootvaart	
Das		Branderplankry	
Frokkie		Brug	
Gordel		Draf	
Haarband		Duik	
Halssnoer		Gewigoptel	
Handsak		Gimnastiek	
Handskoene		Gholf	
Hemp		Handbal	
Hoed		Hengel	
Horlosie		Hokkie	
Japon		Judo	
Jas		Kanovaart	
Keffiyeh		Karate	
Kierie		Kegelbal	

KLERE		SPORT	
KATEGORIE-ITEM	RANGORDE	KATEGORIE-ITEM	RANGORDE
Langbroek		Krieket	
Manelpak		Lacrosse	
Mansjetknope		Motorwedren	
Mantel		Muurbal	
Mus		Paalspring	
Nagrok		Perdry	
Onderhemp		Pluimbal	
Onderklere		Polo	
Ooringe		Resies	
Parka-jas		Roei	
Ring		Rolskaats	
Rok		Rugby	
Romp		Sagtebal	
Sakdoek		Skaak	
Sandale		Skerm	
Serp		Ski	
Skoene		Skyfskiet	
Slaapklere		Snoeker	
Snyerspak		Sokker	
Sokkies		Sonbad	
Sportbaadjie		Stap	
Stewels		Stoei	

KLERE		SPORT	
KATEGORIE-ITEM	RANGORDE	KATEGORIE-ITEM	RANGORDE
Sweetpaktop		Swem	
Swembroek		Tafeltennis	
Sykouse		Tennis	
Thawb (Arabiesse jurk)		Touspring	
Tjalie		Vlugbal	
Trui		Waterski	
Voorskoot		Yshokkie	

6.4.5 Polisemie

Daar is twee aspekte omtrent polisemie wat 'n mens voortdurend in gedagte moet hou, naamlik dat

- verskillende betekenisonderskeidings moontlik is, en dat
- die betekenis seers verwant is.

Polisemie en homonimie is al twee goeie voorbeelde van ambivalensie (sien afdeling 10 van Hoofstuk 9). Daarom is die onderskeid tussen die twee soms duister. Waar 'n woord se aantal polisemiese betekenisonderskeidings seers aan mekaar verwant is, is daar geen semantiese verhouding tussen homonieme nie.

Soms is dit baie moeilik om te bepaal of 'n woord polisemies is en of dit eintlik twee of meer homonieme is. Homonieme het hoofsaaklik 'n identiese fonologiese verhouding, maar hou nie semanties met mekaar verband nie. Vergelyk die woord "graaf". Graaf verwys onderskeidelik na (a) 'n implement om gate mee te grawe en (b) 'n edelman wat tot die adelstand behoort. Hier het 'n mens met twee aparte lekseme te make wat geen logiese verhouding het nie, en slegs ooreenstem wat uitspraakwaarde aanbetref.

Lees solank **Hoofstuk 9: Afrikaanse semantiek, afdeling 8: "Polisemie"** wat as **e-reserwe** opgelaa is.

Aktiwiteit 6.12

6.12.1 Soek die volgende lekseme in die HAT op. Sê of hulle poliseme of homonieme is na aanleiding van die betekenisonderskeidings.

6.12.1.1 Katoliek (b.nw.)

6.12.1.2 Pak (s.nw.)

6.12.1.3 Blaar (s.nw.)

6.12.1.4 Lus (s.nw.)

6.12.1.5 Mis (s.nw.)

6.12.2 Watter verskillende betekenisonderskeidings is moontlik vir die volgende poliseme?

6.12.2.1 Heilig (b.nw.)


6.12.2.2 Golf (s.nw.)

6.12.2.3 Fyn (b.nw. / bw.)

6.12.2.4 Rol (s.nw.)

Jy het reeds iets oor kategorisering en prototipes geleer. Jy weet dat ons inligting kategoriseer om betekenis beter te verwerk. Jy weet ook dat die beste voorbeeld binne 'n kategorie bekendstaan as 'n prototipe. Deur die afstand tussen die prototipe en ander lede van die kategorie te bepaal, kan ons baie aflei omtrent woorde en hul verhoudings met ander woorde. Ons kan ook afleidings maak aangaande betrokke betekenis. Byvoorbeeld, ons weet dat sowel 'n *appel* as 'n *tamatie* vrugte is wat verskeie verwantskappe deel: hulle is oorwegend rond, hulle bevat pitte, hulle is byna so groot soos 'n mens se vuus, hulle is onder meer rooi en geel en al twee is suurvormend. Appel is egter die prototipe vir "vrug". Wanneer jy die woord "vrug" hoor, is 'n tamatie waarskynlik die laaste ding waaraan jy dink.

Kyk 'n bietjie na die onderstaande diagram in Figuur 6.7. Dit stel die kategorie vir "vrug" voor. "Appel" is die naaste aan "vrug", terwyl "tamatie" verder van die kern staan. Gewoonlik eet ons nie tamaties soos wat ons appels en piesangs sal eet nie. As ons die kategorie uitbrei, sal ons vind dat "avokadopeer" nader aan "tamatie" sal staan, terwyl "peer" nader aan "appel" sal wees.



Figuur 6.7: Kategorie vir "vrug"

Hoe sluit kategorisering en prototipes by polisemie aan? Kyk 'n bietjie wat sê Bosman en Pienaar (2014), veral met betrekking tot **grondbetekenis**.

Lees **Hoofstuk 9: Afrikaanse semantiek, afdeling 8: "Polisemie"** (slegs bladsy 268 tot 270) wat as **e-reserwe** opgelaai is.

Aktiwiteit 6.13

6.13.1 Wat is die grondbetekenis van die volgende poliseme?

- 6.13.1.1 Kerk
- 6.13.1.2 Bank
- 6.13.1.3 Skool
- 6.13.1.4 Bad
- 6.13.1.5 Gang

6.4.6 Homonimie

Dat sommige woorde dieselfde lyk en klink, is dikwels toevallig. Ons kan baiekeer die ooreenkomstige etimologies verklaar, maar ten spyte daarvan veroorsaak hierdie toevalligheid maklik verwarring onder sprekers. **Homonimie** kan in twee vorme verdeel word, te wete **homofone** (klem op klank) en **homografe** (klem op skrif). Soms klink die woorde eenders maar lyk verskillend / word anders gespreek (-foon), en ander kere lyk die woorde eenders / word dieselfde gespreek maar word verskillend uitgespreek (-graaf).

Lees **Hoofstuk 9: Afrikaanse semantiek, afdeling 9: "Homonimie"** wat as **e-reserwe** opgelaai is.

Aktiwiteit 6.14

- 6.14.1 Verduidelik kortliks wat die verskil tussen 'n poliseem en 'n homoniem is.
- 6.14.2 Waarom lei die twee (polisemie en homonimie) noodwendig tot verwarring?
- 6.14.3 Watter van die volgende homonieme is homografe en watter homofone?
 - 6.14.3.1 gesel x gesel
 - 6.14.3.2 graaf x graaf
 - 6.14.3.3 fier x vier
 - 6.14.3.4 ondergaan x ondergaan
 - 6.14.3.5 lei x ly
- 6.14.4 Kyk weer na die lys by vraag 6.14.3. Verduidelik kortliks wat die betekenisverskil tussen elkeen van die woordpare is.

6.5 Raakpunte met ander velde

In die inleiding tot hierdie leereenheid het ons gesê dat die semantiek aan die ander dissiplines in die taalkunde verwant is. Omdat die semantiek met betekenis gemoeid is, is dit onkundig om te dink dat die semantiek altyd alleen staan. Die fonetiek, morfologie, sintaksis en veral die pragmatiek bestudeer ook betekenis en het daarom raakpunte met die semantiek.

Lees **Hoofstuk 9: Afrikaanse semantiek, afdeling 6: “Raakpunte met ander dissiplines in die taalkunde”** wat as **e-reserwe** opgelaa is.

6.6 Semantiek in die wêreld

Dikwels wanneer studente die semantiek studeer, leer hulle dit as 'n onderafdeling (saam met ander onderafdelings) van die taalwetenskap. Wat kan 'n mens egter met die semantiek in die wêreld doen? Waar vind 'n mens dit?

Soos ons in hierdie leereenheid aangedui het, is betekenis aan byna alles in die wêreld verbind. Daarom is semantiek oral te vinde. Hoe gereeld vra jy jou af: “Maar wat beteken dit?” Hoewel die semantiek waarskynlik deel vorm van jou huidige of toekomstige beroep, is daar 'n paar areas waar die semantiek in die besonder 'n belangrike rol speel. Ons noem kortliks 'n paar:

- **Taalonderrig:** Dit is seker vanselfsprekend dat diegene wat taal onderrig, moet weet hoe die boustene van taal lyk. Dit geld taalinstrukteurs in laerskole, hoërskole en op tersiêre vlak. Semantiek vorm uiteraard 'n belangrike komponent hier.
- **Taalpraktyk:** Waar mense taal as werkinstrument gebruik, is kennis omtrent die betekenis binne een of meer tale van kardinale belang. Dink veral aan vertalers en tolke wat voortdurend met die ekwivalente van betekenis werk. Tegnieke skrywers moet net so veel van betekenis weet, anders kan hulle nie komplekse inligting in verteerbare tekste omskep nie. Kennis van semantiek en morfologie kom ook handig te pas vir mense wat in die bemarkingsbedryf werk. Dink hier aan die kreatiewe omgaan met taal deur kopieskrywers en skakelbeamptes.
- **Rekenarlinguistiek:** Ons gebruik daagliks rekenars (hetsy in die vorm van 'n persoonlike rekenaar, tablet of slimfoon). Ons gebruik die internet daagliks. Ons soek voortdurend inligting met behulp van soekenjins. Die verlangde inligting word deur 'n aantal algoritmes bereken en binne sekondes aan ons voorsien. Die gebruik van semantiek om rekenaartaal te skryf en te verstaan, staan hier sentraal. In Engels verwys ons hierna as *computational semantics*.
- **Regswese:** Die regsberoep is byna volkome van taal afhanklik. Die belang van die semantiek is duidelik wanneer wette geskryf en uitgelê moet word. Tydens ongeveer 40% van alle hofsake moet die betekenis van woorde, frases of sinne verklaar word. Wat woorde binne uiteenlopende kontekste kan beteken, is 'n blywende uitdaging vir regsgeleerdes. Ander dissiplines wat binne die wet moet optree, soos die polisiediens, word ook gereeld met betekenis en veral semantiese kwessies gekonfronteer. Dink verder nog aan mense wat met patente, handelsmerke en intellektuele eiendom werk. Baie hang van die semantiek en morfologie af. Die gebruik van die semantiek (en die taalwetenskap oor die algemeen) binne die reg staan beter bekend as **forensiese taalkunde**.

■ **Leksikografie:** Die maak van woordeboeke bly 'n noodsaaklike beroep. Leksikograwe stel nie bloot verskillende woordeboeke saam nie, hulle hou ook rekord van woorde. Woorde word gemonitor. Sommige woorde verskyn en verdwyn ewe vinnig. Ander woorde verander van betekenis. Leksikograwe kan voorts vir ons aandui waar woorde vandaan kom.

■ **Betekenisnavorsing:** Talle navorsers werk met betekenis en daarom ook met semantiek: antropoloë, argeoloë, psigoloë en sielkundiges, filosowe, neurowetenskaplikes (fokus op breinontwikkeling) en uiteraard semantici. Hierdie navorsers probeer om sake te verstaan. Antropoloë wil weet hoe mense funksioneer en baie van die studies in die semantiek het uit die antropologie ontstaan. Psigoloë, sielkundiges en diegene wat met breinontwikkeling werk, doen 'n aantal eksperimente om te sien hoe die mens betekenis konstrueer, verwerk, skep en toepas. Wat ons vandag omtrent kategorisering, semantiese rame, prototipes en die geheue weet, het meestal uit hierdie velde ontwikkel. Daarbenewens is die semantiek aan die filosofie en logika verbind. Baie van die tegnieke wat ons gebruik om betekenis mee uit te lê, het ons van die filosofie en logika geërf.

Aktiwiteit 6.15

Sien jy kans vir 'n uitdaging? Waag jou hand aan 'n taalwetenskaplike verslag vir 'n hofspraak.

Stel jou voor jy is 'n semantikus en dat jy deur 'n staatsaanklaer genader is om getuie te lewer oor die betekenis van woorde in 'n betrokke hofspraak. Lees eers die gegewens van die hofspraak hier onder en sien daarna wat die staatsaanklaer van jou verwag.

S v Salmans 2006 (1) SACR 333 (C).

- ◆ Die beskuldigde verskyn voor die hof op 'n klag van roof. Meneer Salmans word daarvan beskuldig dat hy 'n vrou se selfoon uit haar hande gesteel het.
- ◆ Daar is twee ooggetuies wat die insident bevestig.
- ◆ Die beskuldigde teken beswaar aan teen die aanklagte van roof. Volgens hom moet hy eerder vir diefstal aangekla word. Die beskuldigde beweer dat die selfoon nie met krag, dwang of geweld geneem is nie, darhalwe kan die insident nie as roof beskryf word nie.
- ◆ Die slagoffer het egter getuig dat meneer Salmans die selfoon uit haar hande gegryp het toe sy die telefoon in haar handsak wou bêre.

Voordat die saak verder kan vorder, moet die betrokke hof eers bepaal of die klagstaat korrek uitgereik is: is die slagoffer beroof of besteel?

Dit is belangrik om te weet dat die vonnis vir diefstal aansienlik ligter is as dié vir roof. Dáárom wil meneer Salmans hê die klagstaat moet verander word. Jy, as semantikus, moet jou egter tot die betekenis van woorde beperk. Om te bepaal of die klagstaat korrek is, moet jy konsentreer op die betekenis van die volgende woorde: *steel* (besteel), *roof* (beroof) en *gryp*. Jy moet nie net na die definisies van die woorde oplet nie, maar jy moet bepaal watter kriteria ter sake is by elke woord. (Sommige kriteria word reeds in die gegewens van die hofspraak vermeld.) Probeer om die woord konseptueel te benader.

Na aanleiding van jou woordontledings, stem jy saam dat die klagstaat verander moet word? Is die selfoon gesteel of geroof? Skryf 'n kort verslag (hoogstens een bladsy) waarin jy die woorde uitleë en 'n aanbeveling aan die hof maak.

6.7 Verdere leesstof

- Ainsworth, J. 2012. The meaning of silence in the Right to Remain Silent. In Tiersma, PM and Solan, LM. (Eds.) *The Oxford handbook of language and law*. New York: Oxford University Press. 287–298.
- Butters, RR. 2010. Trademarks: language that one owns. In Coulthard, M and Johnson, A. (Eds.) *The Routledge handbook of forensic linguistics*. London: Routledge.
- Carney, TR. 2012. 'n Forensies-semantiese beskouing van die woordgebruik “onkoste” in die hofsaak Commissioner for South African Revenue Service v Labat Africa Limited. *Southern African Linguistics and Applied Language Studies*, 30(4): 487–496.
- Fillmore, CJ. 2007. Frame semantics. In Evans, V; Bergen, BK and Zinken, J. (Eds.) *The cognitive linguistics reader*. London: Equinox. 238–262.
- Fillmore, CJ and Atkins, BTS. 2000. Describing polysemy: the case of “crawl”. In Ravin, Y and Leacock, C. (Eds.) *Polysemy. Theoretical and computational approaches*. New York: Oxford University Press. 91–110.
- Goddard, C. 1998. *Semantic analysis: a practical introduction*. New York: Oxford University Press.
- Langford, I. 2000. Forensic semantics: the meaning of murder, manslaughter and homicide. *Forensic Linguistics*, 7(1): 72–94.
- Löbner, S. 2013. *Understanding semantics*. New York: Routledge.
- Rosch, E. 1975. Cognitive representations of semantic categories. *Journal of Experimental Psychology*, 104(3): 192–233.
- Saeed, JI. 2009. *Semantics*. Oxford: Wiley-Blackwell.
- Stubbs, M. 2002. *Words and phrases: corpus studies in lexical semantics*. Oxford: Blackwell Publishing.
- Taylor, JR. 2009. *Linguistic categorization*. Oxford: Oxford University Press.
- Wittgenstein, L. 2000. Philosophical investigations. Sections 65–78. In Margolis, E and Laurence, S. (Eds.) *Concepts: core readings*. Cambridge, Mass.: MIT Press. 171–174.

6.8 Verwysings

- Bosman, N en Pienaar, M. 2014. Afrikaanse semantiek. In Carstens, WAM en Bosman, N. (Reds.) *Kontemporêre Afrikaanse taalkunde*. Pretoria: Van Schaik. 245–274.
- Labov, W. 1983. The boundaries of words and their meanings. In Fasold, R.W. (Ed.) *Variation in the form and use of language. A sociolinguistics reader*. Washington DC: Georgetown University Press. 29–62.

Skryfvaardighede

7.1 Inleiding

In hierdie leereenheid gaan ons op skryfvaardighede fokus. Ons begin deur na die skryfproses self te kyk, na hoe 'n mens inligting moet insamel en beplan alvorens jy begin skryf, en hoe jy weer ná die tyd jou teks moet hersien en redigeer.

Daarna gaan ons na enkele formele skryfstukke soos die formele brief en e-poskommunikasie kyk. Ons gaan kyk na die formaat waarin hierdie dokumente gewoonlik aangebied word asook na die gepaste taalgebruik wat in hierdie tekste gebruik moet word.

Laastens gaan ons meer oor navorsingstekste uitvind: watter tipes navorsingstekste daar is en wat die skryfproses van sulke tipe tekste behels. Ons gaan ook na bronverwysings kyk en leer hoe om korrek na bronne te verwys.

UITKOMSTE

Die fokus van hierdie leereenheid is op doeltreffende skryfwerk. Daar word van jou as student verwag om bogenoemde inligting effektief te kan implementeer in 'n geskrewe teks, en veral in 'n akademiese teks.

7.2 Die skryfproses

7.2.1 Kan jy beter leer skryf?

Kan jy? Wat dink jy? Die antwoord is 'n definitiewe ja. As ons gedink het dat dit vir enigeen onmoontlik is om beter te leer skryf, sou ons nooit hierdie leereenheid by hierdie kursus ingesluit het nie.

Sommige mense is met meer taalaanleg en -aanvoeling gebore as ander, dit is nou maar eenvoudig so. Net so is ander weer met groter sporttalent gebore. Gelukkig is daar maniere om te verbeter. Deur die regte strategieë (skryfvaardigheid en stylbeheer) aan te leer, en te oefen, behoort jy in 'n japtrap 'n meesterstuk te kan neerpen.

7.2.2 Die skryfproses self

Vroeër jare was die *skryfproduk*, die teks self, die fokus van skryfvaardigheid. Daar het egter 'n klemverskuiwing plaasgevind en vandag fokus ons meer op die *skryfproses* – dit is letterlik die proses waardeur die skrywer die teks skep.

Is jy een van diegene wat net wegval en skryf wanneer die geleentheid hom voordoen? Daar is seker niks verkeerd daarmee nie, maar 'n bietjie beplanning sal 'n reuseverskil maak. Gelukkig het die koms van die rekenaar die lewe van 'n skrywer baie vergemaklik: weg is die ou aantekeningboek van vroeër toe skrywers gaan sit en skryf het en telkens verbeterings op die oorspronklike manuskrip moes aanbring.

Wanneer jy 'n teks of 'n boek voor jou oop het, dink jy gewoonlik nie aan hoe die skryfproses verloop het en alles wat agter die skerms moes gebeur sodat die boek op die rakke kon kom nie. Die waarheid is dat die skryfproses tyd neem en dat dié proses soms uitdagend kan wees. Maar uitdagings is mos nie iets om voor terug te deins nie? Die goeie nuus is dat dit vir ons almal moontlik is om te skryf. Skryf is nie net vir joernaliste, bekende outeurs en akademici nie, nee, jy kan dit ook doen. Om die skryfproses vir jou te vergemaklik gaan ek jou 'n paar stappe wys wat jou sal help om makliker aan die skryf te kom, en ook om uiteindelik 'n beter teks te lewer.

Die skryfproses bestaan normaalweg uit vier fases: die *soekfase* (tydens hierdie fase doen jy navorsing oor jou onderwerp – jy win so veel moontlik inligting in); die *ordenfase* (tydens hierdie fase beplan jy hoe en waar jy die inligting wat jy versamel het, gaan gebruik, jy beplan die struktuur van die stuk wat jy gaan skryf); die *formuleerfase* (tydens hierdie fase gaan jy sit en skryf, jy het reeds die nodige navorsing gedoen en beplan presies wat jy gaan doen, nou moet jy dit doen); en die *hersienfase* (tydens hierdie fase redigeer jy jou teks, jy besluit of daar dele is wat jy moet weglaat en of daar nog inligting kort, jy kyk ook na basiese dinge soos spelfoute en sinskonstruksie).

Vóór en tydens al vier die fases van die skryfproses moet die onderwerp reeds duidelik in die skrywer se gedagtes wees. Dit gebeur natuurlik dat 'n mens soms fokus verloor en dat jou aandag afgelei raak, maar hoe meer tyd daar aan elk van die vier fases tydens die skryfproses bestee kan word, hoe beter sal die eindproduk, die uiteindelige teks, wees.

7.2.2a Die struktuur van 'n teks

Paragrafering is 'n belangrike aspek by die bou van 'n teks. By langer tekste is die indeling in afdelings en hoofstukke net so belangrik. Hierdie manier van ordening is baie belangrik omdat dit die skrywer help om sy gedagtes en idees op 'n logiese manier aan lesers oor te dra.

Lees nou die volgende paragraaf oor die voorwaardes vir die bespreking van verblyf by alle ATKV-oorde en probeer om die hoofgedagte(s) te identifiseer:

Geen minimum aantal dae geld vir besprekings ten opsigte van die Maart/April-skoolvakansie by enige ATKV-oord vir beide huisvesting en kampering nie. Indien Paasnaweek egter binne hierdie skoolvakansie val, geld die langnaweekreël dat besprekings vir die hele Paasnaweek gedoen moet word. Besprekings ten opsigte van die Junie/Julie-skoolvakansie by ATKV-Eiland Spa kan vir minimum 5 dae gedoen word vir huisvesting en minimum 10 dae vir kampering. Besprekings vir maandpakkette ten opsigte van die Junie/Julie-skoolvakansie by ATKV-Eiland Spa moet vir 'n minimum van twee maande gedoen word en is slegs geldig vir twee persone per bespreking. Besoekers tydens die bespreking betaal die normale tariewe vir ATKV-lede of ATKV-nielede, soos van toepassing. Besprekings ten opsigte van die Desember/Januarie-skoolvakansie by enige ATKV-oord kan vir minimum 5 dae

gedoen word vir huisvesting en minimum 10 dae vir kampering. Besprekings kan net per hooflid gedoen word en is nie oordraagbaar nie. Die eerste deposito's is betaalbaar teen 10% van die totale bedrag ten opsigte van die bespreking: binne 1 maand ná die besprekingsdatum in die geval van Paasnaweek en/of die Maart/April-skoolvakansie by enige ATKV-oord; binne 1 maand ná die besprekingsdatum in die geval van die Junie/Julie-skoolvakansie by ATKV-Eiland Spa; en binne 1 maand ná die besprekingsdatum, maar nie later as die 31ste Desember nie, in die geval van die Desember/Januarie-skoolvakansie by enige ATKV-oord.

Kon jy die hoofgedagte identifiseer? Hoe moeilik was dit? Of het jy dit maklik gevind? Hoe het jy te werk gegaan? Waarna het jy gekyk?

As die oefening meer uitdagend was as wat jy verwag het, hoef jy nie sleg te voel nie. Dit is ontsettend moeilik om die bedoelde boodskap te ontvang wanneer 'n paragraaf te uitgerek is. 'n Paragraaf sentreer gewoonlik om 'n hoofgedagte en wanneer so 'n paragraaf te lank raak, raak die hoofgedagte verlore, die leser raak moedeloos, en die skrywer se boodskap word nie ontvang nie.

'n Teks wat goed geskryf is en samehangend is lei tot 'n suksesvolle leeservaring. Hierdie samehang word volgens Piet du Toit en Wanda Smith (2015: 25–26) in *Stylboek, riglyne vir paslik skryf* verkry deur twee struktuuraspekte wat as *kohesie* en *koherensie* bekendstaan.

Wat is kohesie?

Wanneer 'n skrywer met bepaalde woorde in 'n sin terugverwys na voorheen genoemde verskynsels, of vooruit verwys na verskynsels wat nog geïdentifiseer moet word, kom referensiële samehang, oftewel kohesie, in 'n teks tot stand.

Voornaamwoorde soos “hy”, “sy”, of “hulle” verwys gewoonlik terug na 'n eienaam of soortnaam wat vroeër in 'n sin of paragraaf gebruik is. [...] Ook herhaling van woorde kan daartoe bydrae om verskillende teksdele saam te bind. Kohesie verwys dus na oppervlakkigkeitskakels wat samehang in opeenvolgende sinne in 'n teks bewerkstellig. (Du Toit & Smith, 2015: 25)

In die volgende voorbeeld is die kohesieskakels gekursiveer.

Dit is belangrik dat 'n *potensiële kliënt* hom van 'n *finansiële adviseur* se kwalifikasies en akkreditasie moet vergewis, maar in belang van 'n langtermynverhouding beteken dit dat *hy* ook seker moet wees dat *die makelaar* se ingesteldheid, kommunikasiestyl, houding en etiek by *die kliënt* se persoonlike styl aanklank vind.

Mense begin gewoonlik in *hul* familie- of vriendekring na die regte *makelaar* soek, maar as dit nie 'n oplossing bied nie, is 'n persoonlike verwysing soms die oplossing.

Die *regte persoon* is *iemand* wat *kliënte* nooit laat voel hulle maak inbreuk wanneer *hulle* skakel om inligting te vra nie, wat gereeld terugvoering gee en nie huiwer om leiding te verskaf wanneer *kliënte* dit nodig het nie.

In dié voorbeeld word die sinne saamgebind deurdat

- ♦ met verskillende verwyswoorde (“hom”, “hy”, “mense”) na voorheen genoemde persone terugverwys word; en
- ♦ sekere kernwoorde herhaal word (“kliënt”, “makelaar”).

Hierdie verwyswoorde is sigbare kohesieskakels wat verbande tussen die sinne lê en hulle as 'n geheel saambind.

Wat is koherensie?

Koherensie het te make met verbande wat *inhoudelike of konseptuele samehang* in 'n teks bewerkstellig. Daar is vier verskillende koherensieverhoudings wat tussen teksdele kan bestaan, naamlik deskriptiewe of beskrywende verhoudings, toeligtingsverhoudings, redeneer-verhoudings en verhoudings wat die verwagtinge van lesers bevestig of teenspreek. [...] Let veral daarop dat die verbande wat koherensie in 'n teks bewerkstellig – anders as in die geval van kohesie wat oppervlakskakels verteenwoordig – op 'n dieper vlak lê en konseptuele (semantiese) verbande skep (Du Toit & Smith, 2015: 25–26).

Ons kyk weer na dieselfde voorbeeld:

- (a) Dit is belangrik dat 'n *potensiële kliënt* hom van 'n *finansiële adviseur* se kwalifikasies en akkreditasie moet vergewis,
- (b) maar in belang van 'n langtermynverhouding beteken dit dat *hy* ook seker moet wees dat *die makelaar* se ingesteldheid, kommunikasiestyl, houding en etiek by *die kliënt* se persoonlike styl aanklank vind.
- (c) *Mense* begin gewoonlik in *hul* familie- of vriendekring na die regte *makelaar* soek,
- (d) maar as dit nie 'n oplossing bied nie is 'n persoonlike verwysing soms die oplossing.
- (e) Die *regte persoon* is *iemand* wat *kliënte* nooit laat voel hulle maak inbreuk wanneer *hulle* skakel om inligting te vra nie,
- (f) wat gereeld terugvoering gee en nie huiwer om leiding te verskaf wanneer *kliënte* dit nodig het nie.

Die voegwoord “maar” wat die bysin (b) inlei, toon 'n koherensieverhouding tussen dié sin en die hoofsin (a). Met die “maar”-bysin wil die skrywer seker maak dat die leser weet dat hy na meer as die makelaar se kwalifikasies moet oplet indien hy van plan is om oor die langtermyn van die makelaar se dienste gebruik te maak. Tussen (c) en (d) is daar 'n deskriptiewe verhouding wat ook as 'n oorsaak-en-gevolg-verhouding beskryf kan word (mense begin gewoonlik by hulle vriende of familie wanneer hulle na 'n makelaar soek – indien hulle nie regkom nie, sal hulle 'n persoonlike verwysing opvolg). Sinne (e) en (f) lig toe hoe die ideale makelaar behoort te wees.

Hierdie soort verhoudings maak dat die teks 'n logiese eenheid vorm en vir die leser sin maak. Om jou teks af te rond sodat dit vir die lesers sin maak, is dit nodig om jou teks te hersien en te herskryf. Dit kan nogal 'n proses wees, daarom kyk ons met aandag daarna in die volgende gedeelte. Hierdie tipe koherensieverhouding is deels 'n toeligtingsverhouding en deels 'n redeneerverhouding.

7.2.2b Die redigeerproses

Jou skryfwerk is nie afgehandel voordat jy dit 'n paar keer herlees, hersien en herskryf het nie. Hierdie proses staan ook as *redigering* bekend. Jy kan jou teks selfs hardop vir iemand lees sodat jy kommentaar daarop kan kry, soos as iets dalk nie vir die hoorder duidelik is nie. Terselfdertyd raak jy bewus van sekere leemtes in die styl van jou teks.

Waarna moet jy oplet tydens die redigeerproses?

Wanneer jy 'n teks wat jy geskryf het deurgaang, is dit belangrik om na die volgende op te let:

1. Woordgebruik

Gebruik spesifieke terme (soos in sin a) in plaas van algemene terme (soos in sin b), byvoorbeeld:

- a. Mev Retief versier graag haar huis met blomme uit haar tuin.
- b. Mev Retief versier graag haar huis met rose en magrietjies uit haar tuin.

Druk handeling en gebeure in die mees beskrywende werkwoorde uit (soos in sin b):

- a. Die rower loop reguit op die slagoffer af.
- b. Die rower pyl reguit op die niksvermoedende slagoffer af.

Vermyn adjektiewe en uitdrukkinge wat nie 'n duidelik beskrywende funksie het nie (soos in sin a):

- a. Die meisie is mooi.
- b. Die langbeen meisie met die groen oë is beeldskoon.

Vermyn stoplappe (vullers) (soos in sin a), sê liefs direk wat jy wil sê.

- a. Ek het *basies* net drie ure se slaap ingekry.
- b. Ek het net drie ure se slaap ingekry.

Gebruik nuwe of interessanter uitdrukkinge of woorde (soos in sin b) in plaas van ou uitgediende uitdrukkinge (soos in sin a):

- a. Daar is nog altoos 'n taamlik verbrede mening oor die invloed van stysel op die mens se cholesterolvlakke.
- b. Daar is steeds 'n taamlik wye mening oor die invloed van stysel op die mens se cholesterolvlakke.

2. Sinsbou en formulering

Vermyn te veel sinne wat met **Daar was** ... begin.

Begin saamgestelde sinne soms met die voegwoord (soos in sin b) om die fokus te verskuif.

- a. Die kinders mors die hele wêreld vol omdat daar geen dissipline toegepas word nie.
- b. Omdat daar geen dissipline toegepas word nie mors die kinders die hele wêreld vol.

3. Samehang en duidelikheid

Is die stellings en beskrywings duidelik gefokus op die onderwerp of verhaal? Ondersteun elke sin die tema of hoofgedagte?

Is daar 'n duidelike patroon waarvolgens idees gerangskik is? Volg punt b op punt a? Maak dit wat jy geskryf het logies sin?

Gebruik jy uitdrukkinge wat sinne en paragrawe logies met mekaar laat skakel? Dink aan uitdrukkinge soos: ten spyte van, nietemin, daarenteen, intendeel, om hierdie rede, die gevolg is, andersins. Is daar genoeg besonderhede sodat die leser die teks sal verstaan?

4. Bondigheid

Vermy onnodige herhaling. Gebruik oorgangsworde om idees oor te dra.

Vervang 'n voorsetseluitdrukking (soos in sin a) met 'n enkele voorsetsel (soos in sin b).

a. Hy het ten gunste van die voorstel gestem.

b. Hy het vir die voorstel gestem.

Vervang die *dat-bysin* met 'n afleiding.

5. Spelling en puntuasie

Gaan die spelling van moeilike of onbekende woorde in 'n verklarende woordeboek na. Jy kan die reëls vir die gebruik van lees- en skryftekens in die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* naslaan.

Aktiwiteit 7.1

7.1.1 Dui die stoplappe in die volgende sinne aan:

7.1.1.1 Um, o ja, ek het daarvan vergeet, en so aan.

7.1.1.2 Hy het duidelik nie 'n benul waarom die saak gaan nie.

7.1.1.3 Ek was gister siek gewees.

7.1.1.4 Ek het uit die aard van die saak nie genoeg wintersklere ingepak nie.

7.1.1.5 Hy het sy kop so hard gestamp, hy kon letterlik sy tande hoor klap.

7.1.2 Maak die volgende sinne bondiger deur woorde of frases uit te haal, of deur een woord vir baie te gee:

7.1.2.1 Die taalgebruik wat in die skoolblaadje aangewend word, is volgens my veels te formeel.

7.1.2.2 'n Groot nadeel van sulke lang sinne is dat dit volgens my meermale na vaagheid lei.

7.1.2.3 My rekenaar was eers na twee weke nadat ek hom ingegee het gereed om weer afgehaal te word.

7.1.2.4 Deur oordadig van beklemtoning gebruik te maak tree die vrou soos 'n graad 1-onderwyser op.

7.1.2.5 Die kommissie sal adviserend optree om die Raad te help om 'n besluit te neem.

7.1.3 Slaan die volgende woorde in Tabel 7.1 in 'n verklarende woordeboek na en dui aan of hulle reg of verkeerd gespел is. Indien die woord verkeerd gespел is, kan jy die korrekte spelling in die laaste kolom neerskryf.

Tabel 7.1

	Woord	Reg	Verkeerd	Regte spelling
3.1	onmidellik			
3.2	magriekie			
3.3	gespesialiseer			
3.4	tweeringtingradios			
3.5	rondomtaalie			
3.6	mallemeule			
3.7	finansieel			
3.8	epos			
3.9	droë			
3.10	onafhanklik			

7.1.4 Wat is jou gunsteling vrug? 'n Appel? Of is dit dalk 'n lemoen, of 'n waatlemoen! Dit maak nie saak watter vrug dit is nie, solank jy een in gedagte het. Maak nou 'n breinkaart (*mindmap*) van die eienskappe van jou gunsteling vrug. Hoe lyk die vrug? Watter kleur is die skil? Is dit 'n sitrus- of 'n steenvrug? Hoe smaak dit? Watter tyd van die jaar is dié vrugte beskikbaar?

Gebruik nou jou breinkaart en skryf 'n kort beskrywende paragraaf van nie langer nie as tien reëls oor jou gunsteling vrug. Gebruik beskrywende adjektiewe om jou gekose vrug in die fynste besonderhede te beskryf. Lees jou paragraaf hardop vir 'n vriend wanneer jy klaar geskryf is. Dit laat 'n mens se mond sommer water, né!

Om enige teks te kan skryf, het 'n mens sowel kennis van die lewe as taalkennis nodig. Skryf behels die toepassing van al die vaardighede en tegnieke om 'n taal te beheers. Maar selfs die grootste taalkenners hou maar 'n woordeboek of die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* (of die Pharos aanlyn woordeboeke) byderhand tydens die skryfproses. Dis ook nie die enigste beskikbare hulpmiddels nie. Vervolgens gaan ons na enkele hulpbronne kyk wat vir jou baie kan beteken tydens die skryfproses.

7.2.2c Hulpmiddels by die skryfproses

As taalgebruikers ondervind ons gewoonlik probleme tydens die skryfproses, hetsy met spesifieke woorde, sinne of uitdrukkings. Ons weet byvoorbeeld nie hoe ons 'n spesifieke woord moet spel, hoe om 'n woord uit te spreek, wat 'n sekere woord beteken en of daar 'n betekenisverskil tussen sekere uitdrukkings is nie.

Hierdie tipe probleme kan egter maklik opgelos word. Al wat jy moet doen, is om dit in 'n gesaghebbende bron na te slaan. Om dit te kan doen moet ons eers oor 'n paar sake duidelikheid kry. Die eerste hiervan is dat ons probleme moet kan identifiseer; die tweede is dat ons moet weet waar ons hulp kan kry, met ander woorde, watter naslaanwerk ons vir watter probleem kan raadpleeg.

Hieronder vind jy 'n lys van die gesaghebbendste naslaanwerke in Afrikaans. Jy kan hierdie bronne gebruik om antwoorde te kry op enige taalkwessie, of jy nou wil weet of 'n woord reg gespel is, of jy koppeltekens moet gebruik of nie, of daar 'n deelteken nodig is en of jy sekere woorde los of vas moet skryf. Dit is belangrik om te onthou dat die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* die gesaghebbendste bron oor die “reg” en “verkeerd” van taalgebruik in Afrikaans is.

Hier volg die lys:

1. SA Akademie. 2009. *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. 10de uitgawe. Kaapstad: Pharos.
2. Carstens, WAM. 2011. *Norme vir Afrikaans. Enkele riglyne by die gebruik van Afrikaans*. 5de uitgawe. Pretoria: Van Schaik.
3. Müller, D & Pistor, F. 2012. *Skryf Afrikaans van A tot Z. Die essensiële gids vir taalgebruikers*. 2de verbeterde en omvattende herbewerkte uitgawe. Kaapstad: Pharos.
4. Du Toit, Piet & Smith, Wanda. 2015. *Stylboek. Riglyne vir paslike skryf*. 2de hersiene en bygewerkte uitgawe. Pretoria: Protea Boekhuis.

Daar is verder 'n magdom woordeboeke en ander hulpmiddels wat jou kan help. So is daar byvoorbeeld verklarende woordeboeke, soos die *Woordeboek van die Afrikaanse taal* (wat ook elektronies beskikbaar is) en 'n verskeidenheid tweetalige woordeboeke. Raadpleeg jou naaste boekhandelaar om jou te help met 'n geskikte keuse. Die Universiteitsbiblioteek gee jou toegang tot 'n wye verskeidenheid woordeboeke. Pharos het ook 'n wye reeks aanlyn woordeboeke beskikbaar (www.pharosonline.co.za).

Soek jy 'n elektroniese speltoetser om jou met jou Afrikaans te help, dan is hierdie hulpmiddel ook beskikbaar. Vra net vir die nuwe Afrikaanse Speltoetser en Woordafbreker. Vir meer inligting, besoek <http://www.spel.co.za>. Jy sal sien dat daar nou ook 'n Afrikaanse Grammatikatoetser beskikbaar is. Die Grammatikatoetser kan jou help om vas te stel of jy die regte woordkeuses maak en of woorde los- of vasgeskryf word. Hierdie Grammatikatoetser is die eerste in sy soort in Afrikaans.

En as jy nog altyd 'n roman wou skryf, maar gewonder hoe om te werk te gaan, is daar nou 'n sagtewarepakket beskikbaar wat jou deur die hele proses kan begelei. Die webbladsy is www.newnovelist.com. 'n Ander nuttige bron wat jy sou kon raadpleeg is *Die Afrikaanse skryfgids* wat deur Riana Scheepers en Leti Kleyn saamgestel is en in 2012 deur Penguin Books in Johannesburg uitgegee is. *Die Afrikaanse skryfgids* is 'n omvattende skryfgids wat gerig is op almal wat meer oor skryfkuns, skryftegnieke, en die Suid-Afrikaanse uitgewersbedryf wil weet.

Vervolgens gaan ons kyk na die toepassing van die skryfvaardighede wat jy tot dusver geleer het. Maar voor ons dit doen, moet ons die volgende aktiwiteit afhandel.

Aktiwiteit 7.2

7.2.1 Gebruik 'n tweetalige woordeboek (Afrikaans-Engels / Engels-Afrikaans) en slaan die volgende woorde in Tabel 7.2 na. Indien die woord wat jy moet naslaan Engels is, moet jy die Afrikaanse ekwivalent van die woord verskaf. Indien die woord wat jy moet naslaan Afrikaans is, moet jy die Engelse ekwivalent van daardie woord verskaf.

Tabel 7.2: Afrikaanse en Engelse betekenis

	Woord	Afrikaanse betekenis	Engelse betekenis
1.1	encyclopedia		
1.2	ontmasker		
1.3	hoflik		
1.4	paediatrician		
1.5	kameelperd		
1.6	antique		
1.7	nors		
1.8	koerant		
1.9	misverstand		
1.10	socialite		

7.2.2 Gebruik 'n verklarende woordeboek om die volgende afkortings na te slaan. Vul óf die afkorting óf die verklaring van die afkorting in Tabel 7.3 in.

Tabel 7.3: Afkortings en verklarings

	Afkorting	Verklaring
2.1	ABO	
2.2	ABSA	
2.3		Afrikaans
2.4	BA Hons	
2.5		by die
2.6		byvoorbeeld
2.7		Dinsdag
2.8	COSATU	
2.9	VIGS	
2.10		in plaas van

7.2.3 Die volgende paar vrae is spesiaal vir die entoesiastiese student. Om hierdie vrae te beantwoord moet jy die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* raadpleeg. Hierdie boek is in Unisa se biblioteek beskikbaar. As jy nie 'n AWS in die hande kan kry nie, kan jy steeds na die sinne kyk. Lyk alles vir jou reg? Indien nie, waarom nie?

Lees elke keer eers die sin en daarna die vraag wat daarop van toepassing is.

3.1 **Sin:** Die kern van die plan is dat 'n bydrae tot 'n aftreefonds verpligtend gaan word, sê **Mnr David Geral**.

Vraag: Die afkorting in die naam hierbo is verkeerd gebruik. Soek die reël wat aandui hoe om dit korrek te gebruik.

3.2 **Sin:** Minister Trevor Manuel en Cosatu moes onlangs keer dat mense hul lidmaatskap aan aftreefondse **beeindig**.

Vraag: Die woord "beeindig" in die sin hierbo is verkeerd gespél (die woord kort iets). Staaf jou antwoord met die juiste reël.

3.3 **Sin:** (a) Die vertelling geskied **kronologies**. (b) Die vertelling geskied **chronologies**.

Vraag: Watter een van die twee vetgedrukte woorde in die bostaande sin is korrek gespél? Die een wat met 'n 'k' begin, of die een wat met 'n 'ch' begin?

3.4 **Sin:** Dis altyd lekker om oor koeitjies en kalfies te gesels wanneer jy 'n ou skoolvriendin raakloop.

Vraag: Moet koeitjies nie met 'n afkappings 'tjies geskryf word nie? Koei'tjies? Staaf jou antwoord met die gepaste reël uit die AWS.

3.5 **Sin:** Die rower het die vrou met 'n **.22-rewolwer geskiet**.

Vraag: Is dit korrek om .22-rewolwer met 'n koppelteken te skryf? Motiveer jou antwoord deur 'n reël uit die AWS aan te haal.

3.6 **Sin:** (a) Daar is 'n nuwe koffiewinkel in **10de Laan**.

(b) Daar is 'n nuwe koffiewinkel in **10e Laan**.

(c) Daar is 'n nuwe koffiewinkel in **10de-Laan**.

(d) Daar is 'n nuwe koffiewinkel in **10deLaan**.

Vraag: Watter skryfwyse is korrek? (a) 10de Laan, (b) 10de Laan, (c) 10de-Laan, of (d) 10deLaan?

7.3 Die skryf van korrespondensiestukke

7.3.1 Die formele brief

Formele korrespondensie vind plaas wanneer 'n organisasie of instansie met 'n individu of met 'n ander organisasie kommunikeer: goeie voorbeelde hiervan is kennisgewings omtrent beursaansoeke of korrespondensie van die bank. Wanneer 'n individu met 'n instansie of organisasie wil kommunikeer, is formele kommunikasie gewoonlik die beste manier. Formele kommunikasie vind normaalweg in die vorm van 'n formele brief plaas. 'n Formele brief staan ook as 'n sakebrief bekend.

Dit is baie belangrik om 'n formele brief te kan skryf. Dit is iets wat 'n mens meer gereeld in die lewe moet doen as wat jy mag dink. Dink 'n bietjie daaroor na. In watter situasies dink jy is dit nodig om 'n formele brief te skryf? Hier volg 'n paar voorbeelde:

- ♦ Wanneer jy om 'n betrekking aansoek doen
- ♦ Wanneer jy 'n klag wil lê
- ♦ Wanneer jy 'n versoek wil rig
- ♦ Wanneer jy 'n instansie wil bedank

Wenke vir die skryf van 'n formele brief

- ♦ Gebruik 'n formele register.
- ♦ Dink mooi na oor wat jy wil sê sodat jou boodskap duidelik oorgedra word.
- ♦ Gebruik eenvoudige, direkte dog formele taal.
- ♦ As jy jou inhoud logies uiteensit, sal jou paragrawe goed met mekaar skakel.
- ♦ Gebruik die hoflikheidsvorm 'u' wanneer die situasie dit toelaat, soos wanneer jy aan 'n onbekende persoon skryf.
- ♦ Wees altyd beleef, selfs wanneer jy kla.
- ♦ Redigeer jou brief om van jou taalgebruik seker te maak.

Aktiwiteit 7.3

7.3.1 Hoe dink jy verskil 'n formele brief van 'n informele brief? Noem en bespreek twee aspekte.

7.3.2 Kies een van die volgende onderwerpe en skryf 'n formele brief:

- Daar is slaggate in 'n straat naby jou huis en motoriste kan dit nie betyds sien voor hulle daarin beland nie. Skryf 'n brief daaroor aan die stadsraad. Beskryf die probleem en doen voorstelle aan die hand oor hoe om die probleem op te los.
- Jy het 'n horlosie gekoop wat veronderstel was om waterdig te wees, maar ná jou eerste oefensessie in die swembad het die horlosie gaan staan. Skryf aan die handelaar en verduidelik die situasie. Maak dit ook duidelik dat jy wil hê dat die handelaar die foutiewe produk moet vervang.

Kyk na die voorbeeld van die formele brief wat volg.

Maak tabel

<p>Die adres van die onderneming/ instansie aan wie die die brief gerig word.</p>	<p>Maroelastraat 5 Waverley Pretoria 0186 19 April 2016</p> <p>Die Bestuurder Die Broodblik restaurant Posbus 7816 Pretoria 0002</p> <p>Geagte mnr L van Zyl</p> <p>SWAK DIENS</p> <p>Ek en 'n vriendin het onlangs by u restaurant, Die Broodblik, ontbyt gaan eet. Ons het baie swak diens ontvang en ek wil dit graag onder u aandag bring.</p> <p>Ten eerste was daar niemand by die ingang om ons te verwelkom en vir ons 'n plek aan te wys nie. Ons het toe maar self gaan sit en het daarna baie gesukkel om die kelner se aandag te kry.</p> <p>Ten tweede moes ons byna vyftig minute op ons kos wag. Toe die kos uiteindelik by ons uitkom was die eiers reeds yskoud.</p> <p>Om alles te kroon was daar ook nog 'n haar in my kos.</p> <p>Ek het nog nooit vantevore sulke swak diens by u restaurant ontvang nie. As dit so voortgaan sal ek u restaurant ongelukkig nie in die toekoms ondersteun nie.</p> <p>Ek vertrou dat u spoedig aandag sal skenk aan hierdie probleme.</p> <p>Die uwe <i>K Loots</i> Katrien Loots</p>	<p>Jou eie adres en die datum sonder enige leestekenes. Skryf die datum uit.</p>
<p>Onthou om reëls tussen jou paragrawe oop te laat.</p>		<p>Let op die gebruik van hoof- en kleinletters in die aanhef</p>
<p>Sluit jou brief met jou handtekening en jou naam af.</p>		<p>Par 1: Gee 'n rede vir die klagte. Par 2-4 Brei daarop uit. Par 6: Sluit af</p>
		<p>Geen leestekens in die slot nie</p>

7.3.2 E-POS-KOMMUNIKASIE

In die kleiner wordende wêreld van vandag het die rekenaar 'n belangrike kommunikasiemiddel geword. Veral kommunikasie via die internet en elektroniese pos (kortweg e-pos genoem) het 'n revolusie ontketen deurdat mense begin wegbeweeg het van die meer tradisionele vorme van kommunikasie, naamlik die brief, kennisgewings, notas, en selfs die faks. Wie ken nog die ou telegraafdiens? Die nuwe en vinnige manier van kommunikasie met behulp van e-pos het teweeggebring dat briewe, boodskappe, geselsies en selfs lywige dokumente binne oomblikke oseaane kan oorsteek en selfs die ruimte kan deurkruis. En dit met die druk van enkele toetse. Sodoende word tekste, foto's, beelde, selfs musiek en beeldmateriaal (video's) binne breukdele van sekondes versend. Die term nanosekonde is vandag 'n groter realiteit as wat vroeër denkbaar was. Rekenaarberekenings geskied al in terme van eksagrepe! Die mens pas vinnig by sy nuwe omgewing aan, en skakel vinnig oor na die nuwe tegnologiese ontwikkelings, amper teen dieselfde tempo as wat dit aan hom bekendgestel word.

Ons kan onself amper nie meer 'n wêreld sonder die rekenaar, die internet of e-pos-kommunikasie indink nie. Daarom moet ons leer hoe om 'n e-pos te kan stuur. Om dit te kan doen, moet ons eers weet hoe 'n e-pos moet lyk.

Hoe lyk 'n e-pos?

Effektiewe e-pos-kommunikasie vereis dat daar aan sekere vereistes voldoen moet word. Kyk na die volgende voorbeeld om te sien wat alles by 'n e-pos ingesluit word.

'n E-pos-boodskap

From: sandra.otto@unisa.ac.za

To: abey.mokgwatsane@unisa.ac.za;

Cc: thabo.mokoena@unisa.ac.za; jonathan.mda@unisa.ac.za; sandra.prinsloo@unisa.ac.za; jacob.africa@unisa.ac.za; precious.magagula@unisa.ac.za; louisa.toukubong@unisa.ac.za; willem.vdmerwe@unisa.ac.za; james.horn@up.ac; dan.dhlomo@up.ac.za; michael.zulu@nwu.ac.za

Bcc: sam.steyn@pretorianews.co.za

Subject:

Beste Kollegas

Ek herinner julle graag aan die intreerede van ons nuwe departementshoof, prof Liz Meiring. Die geleentheid vind môre om 10:00 in die seminaarkamer plaas. Ek hoop om julle almal daar te sien.

Groete
Sandra

Sandra Otto
Departementele Sekretaresse
Departement Kommunikasiekunde
Unisa
Tel: 012 429 5555
Faks: 012 429 2332
E-pos: sandra.otto@unisa.ac.za

WAM Carstens (2011:416-421) brei in sy *Norme vir Afrikaans* breedvoerig uit oor die kenmerke, taalgebruik en die voor- en nadele van e-pos-kommunikasie. Die belangstellende student sou dié gedeelte in die Universiteitsbiblioteek kon naslaan.

E-pos-kommunikasie is in vele opsigte uniek. Dit is derhalwe moeilik om voorskrifte neer te lê oor hoe om effektief te kommunikeer deur middel van e-pos. Tog is dit belangrik om te weet dat e-posse wat nie aan vriende en familie gerig word nie, as formele kommunikasie beskou moet word en om dié rede aan sekere vereistes moet voldoen.

Konsepriglyne vir formele e-pos

Die volgende riglyne behoort in 'n e-posboodskap gevolg te word. Dit is opvallend dat hierdie aspekte grootliks ooreenstem met die formaat van die formele brief wat ons in die vorige afdeling behandel het. Beide vorme (sowel die tradisionele as die elektroniese ekwivalent) wil nog steeds die uiteindelijke doel van enige korrespondensie bereik, en dit is om optimale kommunikasie moontlik te maak.

Wat moet in die korrespondensie verskyn? Laat ons vervolgens na enkele aspekte kyk. (Hou ons e-pos-teks hierbo in gedagte.)

- Naam van ontvanger
- Datum van versending (dit word wel deur die betrokke programmatuur geskep)
- Onderwerp van die boodskap
- Aanhef
- Inhoudsgedeelte
- Slot

Persoonlike inligting: titel, voorletters (voornaam, afhangende van die konteks), van en ampstitel (indien toepaslik). Al hierdie inligting kan pasklaar ingetrek word in 'n dokument. Geen persoonlike handtekening volg nie.

Indien 'n (fisiese) handtekening wel nodig is, kan dit ingeskandeer word en op die korrekte plek (onderaan die e-pos, net bo die naam van die sender) geplaas word.

Daar is ook 'n paar ander riglyne wat 'n mens moet volg wanneer jy e-posse stuur. In die volgende gedeelte kyk ons daarna:

Netiket

Die woord netiket verwys na etiket op die internet. Netiket bepaal dat 'n mens altyd (of sover moontlik) beleefd moet wees in jou interaksies op die internet. Hier volg enkele netiket-riglyne vir die gebruik van e-pos:

Skryf duidelik en maak seker dat jy reg spel

Die verkeerde spelling en grammatikale foute skep 'n slegte indruk van die skrywer en moet ten alle koste vermy word. Wanneer jy onseker is oor die spelling van 'n woord, kan jy dit in 'n verklarende woordeboek naslaan of jy kan van 'n spel- en grammatikatoetser gebruik maak. Albei is in Afrikaans beskikbaar. Sorg ook dat die struktuur van jou e-pos dieselfde is as dié van 'n formele brief.

Plaas boodskappe in konteks

Wanneer jy op 'n boodskap reageer, of wanneer jy 'n opvolg-e-pos stuur rakende 'n boodskap wat vroeër gestuur is, is dit belangrik om die boodskap in konteks te plaas deur uit die vorige

e-pos aan te haal, of deur die vorige e-pos onder aan die huidige e-pos in te sluit. Dit sal outomaties gebeur indien jou e-pos op 'n spesifieke manier opgestel is.

Verdeel die teks en gebruik heelwat wit spasie

Struktureer jou boodskap op so 'n manier dat jou paragrawe nie langer as drie tot vier reëls is nie. Dit veroorsaak dat jou teks in kleiner deeltjies verdeel is wat baie wit spasie ooplaat. Hierdie wit spasie vergemaklik die leesproses.

Moenie SKREE nie

Moet nooit jou hele teks, of selfs 'n gedeelte daarvan, in hoofletters skryf nie. Nie net is dit moeiliker om hoofletter in plaas van kleinletters te lees nie, maar in die e-pos-omgewing word die gebruik van hoofletters as slegte maniere beskou. Die gebruik van hoofletters in dié omgewing is die ekwivalent van 'n geskreue in gesproke taal.

Sluit 'n handtekening in

Dit is 'n goeie idee om jou e-pos só op te stel dat jou handtekening aan die einde van elke e-pos wat jy stuur, verskyn. Hierdie "handtekening" is nie 'n fisiese handtekening nie; dit verskaf inligting aan die ontvanger wat jou identiteit en posisie by jou werk vir hom duidelik maak. Die inligting wat normaalweg by so 'n handtekening ingesluit word is: jou naam, die posisie wat jy beklee en al jou kontakbesonderhede.

Hier volg 'n voorbeeld van so 'n handtekening:

Dr. Sam Mhalangu
Lektor: Departement Kommunikasiekunde
Universiteit van Suid-Afrika
Privaatsak X1
Pretoria, 0002
012 429 1235
mhalans@unisa.ac.za

Noudat jy weet wat e-pos kommunikasie is en hoe om dit reg te gebruik, is dit tyd om 'n paar vrae in dié verband aan te pak.

Aktiwiteit 7.4

- 7.4.1 Dink 'n bietjie na oor die ooreenkomste en verskille tussen die e-pos-boodskap en die sms-boodskap (of WhatsApp-boodskap). Is die ooreenkomste en/of verskille opsigtelik?
- 7.4.2 Wat val jou op ten opsigte van die taalgebruik van beide? Kyk na die uiterlike vorm, asook die stylgebruik en inhoud.
- 7.4.3 Wat is die primêre funksie van die e-pos-boodskap? Hoe verskil dit van dié van die sms of WhatsApp-boodskap?
- 7.4.4 Watter inligting word deesdae per e-pos oorgedra? Wanneer en waarvoor gebruik ons die sms of WhatsApp-boodskap?
- 7.4.5 Verbeel jou jy is gelukkig genoeg om vir ses maande 'n uitruilstudent in Nederland te wees. Skryf 'n e-pos aan jou tweelingbroer waarin jy hom van jou ervarings tydens jou eerste maand in Nederland vertel. Hoe lyk dit daar? Waar woon jy? Hoe vergelyk die universiteit met jou tuis-universiteit? Vertel hom ook of jy na Suid-Afrika verlang.

- 7.4.6 Verbeel jou dat jou ses maande as uitruilstudent in Nederland verby is. Jy het baie geleer en dit baie geniet. Op OR Tambo-lughawe wag daar egter 'n nare verrassing op jou, jou bagasie het nie op dié lughawe aangekom nie. Skryf 'n formele e-pos aan die lugredery waarmee jy van Schiphol-lughawe in Amsterdam na Johannesburg gevlieg het. Verduidelik aan hulle dat jou bagasie nie saam met jou in Johannesburg aangekom het nie. Beskryf jou bagasie deur te verduidelik hoe groot jou tas is, hoe dit lyk en watter kleur dit is. Verskaf ook jou vlug- en sitpleknommer. Verduidelik aan hulle dat jy dit baie sal waardeer as hulle jou bagasie kan opspoor en aan jou kan terugbesorg.
- 7.4.7 In vraag 5 het jy 'n informele e-pos aan jou broer geskryf en in vraag 6 het jy 'n formele e-pos aan 'n lugredery geskryf. Verduidelik wat die verskille tussen 'n informele en 'n formele e-pos is.

Noudat jy meer weet omtrent die skryf van alledaagse tekste gaan ons kyk na wat die skryf van navorsingstekste behels. Hierdie afdeling sal jou in staat stel om jou studies met meer selfvertroue aan te pak.

7.4 Die skryf van navorsingstekste

Sonder dat jy dit besef, is jy eintlik al sedert jou skooldae besig om opgelei te word in die skryf van navorsingstekste. Op skool begin jy deur take en projekte te doen. Dit is die voorlopers van navorsingstekste. Wanneer jy op universiteit kom, word daar van *werkstukke*, *werkopdragte* en *navorsingsopstelle* gepraat. Nagraads skryf jy 'n *tesis* of *minitesis* op honneursvlak (teen daardie tyd behoort jy die navorsingsproses goed onder die knie te hê), en 'n skripsie of verhandeling op magistervlak. Tydens 'n doktorsale studie skryf 'n mens 'n *proefskrif*.

Du Toit en Smit (2015: 252) verduidelik dat die “intrinsieke en ook langtermynwaarde van elke navorsingstekste, van die vroegste skooltaak tot 'n artikel in 'n vaktydskrif tot 'n doktorsale proefskrif, ... daarin [lê] dat dit persoonlike skeppingswerk is”. Wanneer jy navorsing doen, ondersoek jy 'n spesifieke aspek of probleem en skryf dan 'n verslag oor die ondersoek en bevindinge. Een van die lekkerste dinge omtrent die skryf van 'n navorsingstekste is die feit dat die navorser (meestal) self die onderwerp kies. Dit is nie soos om 'n toets of 'n eksamen te skryf waar daar vir jou gesê word wat jy moet leer of waaroor jy moet skryf nie. Jy is in beheer. In baie gevalle kan navorsers ook self besluit waar en wanneer hulle wil werk.

Dit help om voor en tydens die skryf van 'n navorsingstekste van die beoordelingskriteria bewus te wees, maak nie saak of dit nou deur 'n dosent, 'n studieleier of 'n keurder beoordeel gaan word nie. Du Toit en Smith (2015: 252) gee die volgende algemene kriteria waarvolgens 'n navorsingstekste beoordeel word:

- Die omvang en diepte van die navorsing (onder meer die aantal bronne geraadpleeg en die status van die bronne, en/of empiriese navorsing, soos onderhoude)
- Die oorspronklikheid van die studie (of dit van eie insig getuig en nie slegs bronne aanhaal nie)
- Die opbou van die betoog (of dit planmatig opgebou en helder is)
- Die taal- en stylversorging
- Die tegniese afronding (titelblad, inhoudsopgawe, 'n verwysingsstelsel wat konsekwent toegepas word, gepaste tipografie)

'n Navorsingstekste moet nooit vaag, deurmekaar of niksseggend wees nie. Solank jy egter 'n onderwerp kies wat jou interesseer, behoort dit geen probleem te wees nie.

7.4.1 Die oorsprong van navorsingsidees

Jy behoort die meeste van jou navorsingsidees uit jou eie ondervinding te kan put – dit wat jy al gesien, beleef, of van gelees het, dinge waarvan jy weet of wat jou belangstelling prikkel. Mense wat meer bewus is van en meer sensitief is vir die dinge wat om hulle aangaan, het gewoonlik die interessantste navorsingsidees.

Hier is 'n paar praktiese dinge wat jy kan doen om meer bewus te word van dit wat om jou aangaan:

- Word meer bewus van die sake van die dag deur daagliks nuus te lees of te kyk.
- Word meer krities teenoor al die verskillende opinies wat in jou onmiddellike omgewing gelug word.
- Lees meer, veral oor jou studie/belangstellingsveld. Unisa se biblioteekwebwerf maak dit vir jou maklik om op hoogte van die jongste navorsing in Afrikaans te bly.
- Moenie net alles wat jy hoor aanvaar nie. Luister met 'n kritiese oor na wat die om jou te sê het.

Jy kan ook algemene soektogte op die internet doen om jou kreatiwiteit aan te wakker; met 'n dosent of studieleier oor jou navorsingsidees gesels, of 'n databasissoektog doen om vas te stel watter navorsing daar reeds oor 'n spesifieke onderwerp gedoen is.

Aktiwiteit 7.5

- 7.5.1 Dink 'n bietjie na oor die dinge wat vir jou lekker en interessant is. Waaroor is jy nuuskierig? Waaroor wonder jy? Skryf 'n paar van hierdie dinge neer.
- 7.5.2 Dink jy dat een (of meer) van hierdie dinge in 'n navorsingsidee kan ontwikkel? Waarom sê jy so?
- 7.5.3 Neem nou die gedagte wat jy in die vorige vraag gekies het en maak 'n breinkaart daarvan. Skryf die hoofgedagte in die middel van 'n bladsy neer. Waaraan laat hierdie gedagte jou dink? Watter assosiasies kan jy daarmee maak? Skryf nou hierdie assosiasies rondom die woord/gedagte in die middel van jou bladsy neer. Hierdie oefening help jou om jou idee uit te brei. So kan jy sien of dit iets is wat jy verder kan voer of nie. In Figuur 7.1 hieronder volg 'n voorbeeld van 'n breinkaart. Pas dit nou toe op jou idee.



Figuur 7.1: Breinkaart

7.4.2 Die navorsingsvoorstel

Een van die belangrikste navorsingstekste wat jy as voornemende navorser sal skryf, is 'n navorsingsvoorstel. 'n Navorsingsvoorstel is 'n dokument wat elke magister- en doktorale student moet saamstel voor hulle met die skryf van hulle tesis of proefskrif kan begin. Waarom is hierdie dokument dan so belangrik? Omdat dié dokument gaan bepaal of jy met die voorgestelde navorsing kan voortgaan of nie. Dien jy dus 'n swak navorsingsvoorstel in, is die kans goed dat jy nie dadelik met jou navorsing sal kan voortgaan nie.

'n Navorsingsvoorstel is 'n beplanningsontwerp waarin jy jou gedagtes oor die voorgenome studie uiteensit. Dit wat jy wil ondersoek (die onderwerp van jou studie), en hoe jy dit wil doen, word in hierdie dokument bespreek. Daar word ook aandag gegee aan die tipe bronne wat jy vir die doel van die studie gaan gebruik. 'n Navorsingsvoorstel is 'n goeie aanduiding van die hoeveelheid voorbereiding wat jy gedoen het vóór die amptelike aanvang van jou magister- of doktorale studie. Jou navorsingsvoorstel gee ook aan jou studieleier 'n idee van hoeveel en hoe lank jy oor die spesifieke probleem nagedink het en of jy 'n goeie idee het van waarheen jy met die navorsing op pad is.

Die navorsingsvoorstel is al spottenderwys met 'n huweliksaanbod vergelyk (*research proposal* teenoor *marriage proposal* in Engels):

Well, first of all, a thesis proposal is not that different from a marriage proposal. You make sincere promises, you sweat profusely, you hope the other party says yes. You get down on your knees and beg. Doing a marriage proposal is in fact good practice for a thesis proposal (Mouton 2005:45–46).

Nie alle navorsingstekste vereis die skryf van 'n navorsingsvoorstel nie. Skryf jy byvoorbeeld 'n navorsingsopstel in jou derde jaar vir die voltooiing van jou BA-graad, of 'n artikel vir publikasie in 'n vaktydskrif, het jy nie nodig om 'n navorsingsvoorstel te skryf nie. Die stappe wat jy moet volg om jou navorsing suksesvol te voltooi bly egter dieselfde as by die skryf van 'n tesis of proefskrif.

7.4.3 Stadiums van navorsingstekste

Du Toit en Smith (2015: 254) onderskei sewe stadiums in die navorsingsproses. Dit sluit die volgende in:

1. die keuse van 'n onderwerp
2. die opstel van 'n teksplan
3. stofversameling
4. ordening van die stof (materiaal) en die skryf van die eerste weergawe, met moontlike wysiging aan die teksplan
5. die tweede weergawe, 'n herskrywing van die eerste, met moontlik 'n verdere aanpassing van die teksplan
6. afronding in die formulering, die struktuur en die tegniese versorging (byvoorbeeld verwysings)
7. inlewering en versending

Die keuse van die onderwerp

By die keuse van 'n onderwerp moet jy jou persoonlike temperament, jou belangstellings, jou vakkundige agtergrond en die beskikbaarheid van bronne in ag neem. Dit help nie om verder te probeer studeer in 'n vakgebied waarin jy nie sterk staan nie. Kies dus versigtig.

Jou onderwerp moet duidelik wees en nie te lank nie. Jou ondersoekveld moet ook nie te wyd wees nie; baken dit goed af. Die titel van jou navorsingstekste weerspieël die hoofnavorsingsvraag, dit wat ondersoek gaan word en waaroor daar verslag gedoen gaan word.

Die opstel van 'n teksplan

Om 'n teksplan op te stel is soos om 'n inhoudsopgawe op te stel. Hierdie teksplan dui die volgorde van die betoog aan. Die volgorde is egter nie finaal aan die begin nie, daar kan (en gaan) nog daaraan verander word soos jy meer inligting insamel en verder met jou studie vorder.

Stofversameling

Hierdie stadium staan ook as die veldwerkstadium bekend; in hierdie stadium gaan die navorser uit om materiaal (inligting, bronne) te versamel wat oor sy onderwerp handel. Deesdae kan die meeste van hierdie inligting elektronies verkry word deur verskeie databasisse waartoe jy toegang het deur UNISA se biblioteek.

Studente wil dikwels weet uit hoeveel bronne hulle moet aanhaal wanneer hulle met 'n spesifieke werkopdrag besig is. Wanneer dit by navorsing kom, kan jy die volgende in gedagte hou: Te min bronne kan na min moeite lyk, en te veel bronne na oëverblindery of vertoosug.

Wanneer jy bronne raadpleeg, is dit belangrik om die bibliografiese besonderhede soos dit op die titelblad en keersy van daardie bron verskyn, dadelik korrek en volledig soos volg aan te teken:

By boeke: Outeur. Jaartal. *Titel: Subtitel*. Plek van uitgawe: Uitgewer.

Om uit te vind hoe 'n mens na ander bronne verwys, kan jy na die biblioteek se webblad gaan.

Ordering en die eerste weergawe

Nadat jy jou data versamel het, moet dit ontleed word. Dit beteken dat jy jou data in kleiner, hanteerbare temas, patrone, tendense en verhoudings moet opbreek. Daarna moet die inligting in groter samehangende dele saamgevoeg word.

Voor jy met die skryf van die eerste weergawe begin, moet die versamelde inligting volgens die teksplan gerangskik word. By langer navorsingstekste hoef jy nie by die eerste hoofstuk te begin skryf nie. Sodra jy meer inligting oor 'n latere hoofstuk ingesamel het, kan jy met daardie hoofstuk begin. Dit kan jou die nodige selfvertroue gee om met die res van jou teks voort te gaan.

Tydens die skryf van die eerste weergawe formuleer en orden die skrywer sy eie gedagtes sonder om te veel aandag aan die lengte of styl van die teks te gee. Dit gaan hier oor die hooflyn van die betoog. Bronne moet wel noukeurig aangeteken word, anders gaan dit met baie moeite op 'n latere stadium moet gebeur.

Die tweede weergawe

Tydens hierdie fase word daar veral aandag aan die bou en formulering van die betoog gegee. Dit is ook tydens hierdie fase wat jy jou teks tot die gewenste lengte moet inkort. Dit beteken dikwels dat jy dele wat met baie moeite geskryf is, sal moet skrap. Hou die hooflyn van jou betoog in gedagte om die snoeiproses makliker te maak.

Nuwe insigte kan ook bygevoeg word en dit kan tot die wysiging van die teksplan lei.

Afronding en inlewering

Nadat jy jou navorsingstekste vir 'n tweede keer deurgewerk het, is dit tyd om jou teks af te rond. Tydens die afrondingsproses moet die teks aandagtig deurgelees word. Jy moet oplet na die logiese vloei en opbou van jou argumente, kyk na taal- en spelfoute asook onpresiese en onvanpaste woordkeuses. Die afronding van 'n navorsingstekste is 'n groter taak as wat 'n mens dink, dit neem ook gewoonlik langer as wat jy beplan. Dit is egter 'n baie belangrike stadium van die navorsingsproses en verseker 'n foutlose, konsekwente navorsingstekste wat jy met selfvertroue kan inlewer.

Aktiwiteit 7.6

- 7.6.1 Verduidelik elk van die sewe navorsingsstappe in jou eie woorde. Dink jy jy begryp die navorsingsproses?
- 7.6.2 Kies een van die volgende onderwerpe en kyk of jy meer inligting daarvoor kan insamel.
- 7.6.2.1 Die gebruik van tienertaal in Afrikaanse jeugromans
 - 7.6.2.2 Die vertaling van raspejoratiewe na Afrikaans
 - 7.6.2.3 Forensiese taalkunde (wat is dit en wat kan 'n mens met behulp daarvan ondersoek?)
- 7.6.3 Watter onderwerp het jy in die vorige vraag gekies? Verduidelik hoe jy te werk gegaan het om inligting rakende jou gekose onderwerp in te samel.

7.4.4 Die struktuur van die betoog

'n Mens begin altyd met 'n inleiding. Die inleiding is die kontekstualisering van die studie; hier verstrek jy die redes wat tot die keuse van die onderwerp gelei het. Dit is belangrik dat lesers dadelik moet kan sien wat belangrik is en waaroor die studie gaan wanneer hulle die inleiding lees.

Na die inleiding volg die hoofdeel van jou navorsingstekste. Hierdie gedeelte moet uit logiese, sinvolle paragrafering bestaan wat soms in hoofstukke en/of afdelings ingedeel word. Die eerste sin van 'n paragraaf is by akademiese tekste veral van belang omdat dit gewoonlik die temasin is, 'n sin wat verbande tussen die paragraaf en die res van die teks kan toon. Verband-skeppende oorgange tussen paragrawe is een van die belangrikste struktuurmeganismes in 'n teks. Verbindingswoorde soos "egter", "daarenteen", "hoewel" en "vergeleke met" help die skrywer om oor die bou van die betoog na te dink en help die leser om die teks te volg.

By die skryf van argumente moet jy jouself gereeld afvra: "Spruit 2 logies voort uit 1?", "Is die oorgang van 1 na 2 logies en oortuigend?" en "Moes die betoog nie eerder by 2 begin het nie?". Wanneer 'n mens so krities te werk gaan behoort jy 'n samehangende teks te kan skryf.

Die slot volg ná die hoofdeel van jou navorsingstekste en bied gewoonlik 'n samevatting van die bevindinge. Die slot moet nooit 'n herhaling wees van wat reeds geskryf is nie. Jy moet die leser verras deur die ondersoek in 'n wyer verband te plaas. Wys op maniere waarop die huidige navorsing voortgesit kan word, of op onopgeloste probleme. Ná die slot volg die bibliografie.

7.4.5 Verwysings

Daar is verskeie bekende metodes waarvan 'n mens gebruik kan maak om na bronne te verwys. In die geesteswetenskappe maak ons gewoonlik van die Harvardmetode gebruik. Die funksie van verwysings in 'n navorsingstekste is volgens Du Toit en Smith (2015: 275) soos volg:

- om eie argumente en gevolgtrekkings te staaf met gesaghebbende tekste van ander navorsers, en sodoende geloofwaardigheid aan jou teks te gee
- om die navorsing van ander te erken
- om lesers in staat te stel om die bronne waarna jy verwys, te raadpleeg

Dit is belangrik om te weet dat daar selfs binne die Harvardmetode verskeie maniere is om na een teks te verwys. 'n Mens moet byvoorbeeld in jou teks verwys na die bronne wat in jou bronnelys is. Dit werk só:

7.4.5.1 Inteksverwysing

Dit is algemene kennis dat 'n mens die bronne waaruit jy in 'n spesifieke studie aanhaal, aan die einde van daardie studie/navorsingstekste in 'n bronnelys (ook bibliografie genoem) moet opneem. Dit is egter nie die enigste manier waarop daar na die bronne wat jy geraadpleeg het, verwys word nie. Volgens die Harvardmetode moet daar na items in die bronnelys verwys word deur dit in verkorte vorm – outeur en jaar van publikasie – tussen hakies in die teks te vermeld:

Carstens (2011: 74) verduidelik dat die derdepersoonsvoornaamwoorde *hy*, *sy* en *dit* in Afrikaans meestal volgens geslag gebruik word.

of

Die derdepersoonsvoornaamwoorde *hy*, *sy* en *dit* word in Afrikaans meestal volgens geslag gebruik (Carstens 2011: 74).

Die rede waarom ons in die teks na bronne verwys, is eerstens om aan daardie bronne (en die outeurs van daardie bronne) erkenning te gee, en tweedens sodat die lesers presies sal weet wie wat gesê het. Volgens Du Toit en Smith (2015: 276) is dit belangrik om dit wat jy ontleen, noukeurig weer te gee sodat die ontleende stof nie verwring word nie.

7.4.5.2 Die bronnelys

Die gegewens in 'n bronnelys word gewoonlik verstrek soos dit op die titelblad en op die keersy van die titelblad verskyn. Die lys word alfabeties volgens die eerste outeur se van georden, en die bronne word gewoonlik nie genummer nie.

Hier volg 'n paar voorbeelde van verwysings volgens die Harvardmetode:

Boeke

Carstens, WAM. 2011. *Norme vir Afrikaans: Enkele riglyne by die gebruik van Afrikaans*. 5de uitgawe. Pretoria: Van Schaik.

Du Toit, Piet & Smith, Wanda. 2015. *Stylboek: Riglyne vir paslik skryf*. 2de hersiene en bygewerkte uitgawe. Pretoria: Protea Boekhuis.

Artikels

Viljoen, Louise. 1996. Postcolonialism and recent woman's writing in Afrikaans. *World Literature Today*. 70(1):63–72.

Koerantberigte

Van Rooyen, Gerrit. 2015. Kenners: Gordhan se hande gebind. *Rapport*, 28 Februarie.

Vir meer voorbeelde kan jy na die biblioteek se webblad gaan. Kliek op *Library Guides* aan die regterkant en dan weer op *Afrikaans* in die lysie wat op jou skerm sal verskyn. Wanneer jy op die Afrikaanse blad is, moet jy op *Referencing* bo-aan die blad kliek, en daarna op *Harvard Style Generator*. Dié blad bied jou die nodige riglyne sodat jy enige bron korrek in jou bibliografie sal kan opneem.

Aktiwiteit 7.7

Bestudeer die onderstaande gegewens en verskaf dan telkens die korrekte broninskrywing deur van die Harvardmetode gebruik te maak:

7.7.1 Titel: Daar's vis in die punch
Outeur: Jackie Nagtegaal
Uitgewer: Tafelberg
Jaar van uitgawe: 2002
Plek van uitgawe: Kaapstad

7.7.2 Titel: Beleefdheid in Afrikaans: 'n sosiolinguistiese perspektief
Jaar van publikasie: Augustus 1995
Titel van vaktydskrif: Literator
Jaargang van vaktydskrif: 16(2)
Outeur: Barbara Bosch

7.7.3 Dokument: MPhil-verhandeling
Titel: Die vertaling van *The No. 1 Ladies' Detective Agency* van Alexander McCall Smith: Strategië en besluite tydens die vertaalproses
Jaar van voltooiing: 2006
Outeur: MB Müller
Universiteit: Universiteit Stellenbosch

7.7.4 Redakteur: L. Venuti
Plek van uitgawe: Londen
Jaar van uitgawe: 2001
Titel van hoofstuk: Skopos and commission in translational action Outeur: Hans J. Vermeer
Titel van boek: *The translations studies reader* Bladsynommers: 221–232
Uitgewer: Routledge

7.7.5 Publikasie: Rapport
Titel: Dink nuut in taai tye
Datum 28 Februarie 2016
Outeur: Letitia Watson

Toe jy met hierdie leereenheid begin het, het jy geweet uit watter boustene woorde saamgestel word, hoe sekere woorde uitgespreek word, hoe om sinne saam te stel en hoe betekenis gegee word. Noudat jy deur hierdie leereenheid gewerk het, weet jy hoe om al die bogenoemde elemente saam te gebruik om 'n samehangende teks te skryf, want in hierdie leereenheid het ons meer oor die skryfproses geleer.

Jy het geleer dat enigeen wel kan leer om beter te kan skryf; ja, jy ook! Jy het geleer oor die struktuur van 'n teks; dat elke teks uit paragrawe bestaan en 'n begin, middel en einde het. Jy het ook geleer dat daar sekere hulpmiddels is, soos woordeboeke en speltoetsers, wat jou kan help om 'n foutlose teks te skep. Dan het jy ook geleer hoe om 'n formele brief en 'n e-pos te skryf. Jy het geleer hoe beide lyk, in watter situasies 'n mens van hierdie kommunikasiemetodes gebruik maak, en by watter reëls jy as skrywer moet hou. Laastens het ons na die skryf van navorsingstekste gekyk. Ons het na die oorsprong van navorsingsidees gekyk. Kan jy nog onthou dat ons gesê het jy kan die meeste van jou navorsingsidees uit jou eie ondervinding put? Het jy intussen aan enige nuwe navorsingsidees gedink? Jy het ook geleer wat 'n navorsingsvoorstel is en dat jy een sal moet skryf as jy eendag verder wil studeer. Gelukkig weet jy ook sommer nou al wat die navorsingstaak behels, want ons het na al die stadiums van 'n navorsingstekste gekyk. Die struktuur van jou betoog en jou bronverwysings behoort jou ook geen slapelose nagte te besorg nie, want in hierdie leereenheid is dit duidelik uiteengesit.

Teen dié tyd brand jy seker al om aan jou eie navorsing te begin werk. Waarvoor wag jy? Jy weet mos nou hoe!

7.5 Verwysings

ATKV. 2016. *Terme en voorwaardes*. [A]. Besikbaar by: <http://www.atkvoorde.co.za/terme-en-voorwaardes>. Geraadpleeg op: 09/03/2016

Du Toit, Piet & Smith, Wanda. 2015. *Stylboek: Riglyne vir paslik skryf*. 2de hersiene en bygewerkte uitgawe. Pretoria: Protea Boekhuis.

Mouton, Johann. 2005. *How to succeed in your Master's & Doctoral Studies*. Pretoria: Van Schaik.

Van Rooyen, David. 2016. Kry adviseur wat jou pas. *Rapport*. 28 Februarie:5.

7.6 Ten slotte

Jy het waarskynlik nou die uitkomst bereik en aan die assesseringskriteria voldoen.

Die doel van hierdie module was om jou algemene begrip van die basiese taalkonsepte te help slyp, veral soos wat dit toegepas word op die Afrikaanse fonetiek, morfologie, sintaksis, semantiek en skryfvaardighede.

Hierdie module dek die kennis en vaardighede wat noodsaaklik is vir enige taalkundige en taalonderwyser. In die eerste plek was die doel om jou as student aan die taalkundige struktuur van Afrikaans as 'n moderne taal bekend te stel en om die verskillende elemente waaruit Afrikaans bestaan te demonstreer en uit te wys hoe 'n studie van hierdie elemente in verskillende praktiese situasies van waarde kan wees.

Die module bevat scenario's uit 'n verskeidenheid taalkundige omgewings om taalkundiges en taalonderwysers voor te berei op die uitdagings van die onderrig van Afrikaans en sy grammatika in die Suid-Afrikaanse konteks.

Die volgende temas vorm deel van die leerplan en beskryf die uitkomst van elke leereenheid:

- **Fonetiek/fonologie:** daar word van jou as student, verwag om die verskillende spraakklanke van Afrikaans foneties te identifiseer; om die foneme van Afrikaans te identifiseer deur middel van 'n fonologiese analise; en om 'n fonetiese transkripsie van 'n Afrikaanse verbale of geskrewe teks te kan maak.
- **Morfologie:** daar word van jou as student verwag om die morfologiese struktuur van woorde te kan analiseer en te kyk hoe verskillende soorte morfeme gebruik kan word in die verstaan van die betekenis van woorde, spellingkwessies en die uitbreiding van die Afrikaanse woordeskat.
- **Sintaksis:** daar word van jou as student verwag om woorde in kombinasie as klouse, frases of eenvoudige en komplekse sinne te identifiseer, te ontleed en te beskryf.
- **Semantiek:** daar word van jou as student verwag om te beskryf wat woorde binne konteks beteken deur veral na die onderskeie relasies tussen woorde op te let, asook die verhoudings tussen woorde en die wêreld daarbuite.
- **Skryfvaardighede:** die fokus van hierdie leereenheid is op effektiewe skryfwerk; daar word van jou as student verwag om bogenoemde inligting effektief te kan implementeer in 'n geskrewe teks, veral in 'n akademiese teks.

Ons hoop jy het die module geniet. Ons wens jou alles van die beste toe vir jou studie en die eksamen.

Jou dosente